O 64

HUMANITAS
RGN • HSRC

# verantwoordelikheid: 'n opvoedkundige perspektief
## deel 2: verantwoordelikheid by die bantoe binne westerse kultuurverband

001.3072068 HSRC
O 64

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC | 42496/X |

**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING**

**Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika**

**Telefoon: 48-3944** **Telegramme: RAGEN**

**President:** Dr. A.L. Kotzee

**Vise-presidente:** Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy

**Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
Opvoedkundige Navorsing
...igometriese Navorsing
...logiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
...se Navorsing
...re en Kuns
...e

...der en koördineer navorsing op die gebied
...lien die Regering en ander instansies van
... navorsingsbevindinge en versprei in-
...skappe.

HUMANITAS
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

06. 7. 78
12. 10. 79
28 MAR 1981
1981 -04- 30 IBL
30 SEP 1981
1981 -11- 30
1985 -11- 29
1987 -10- 26

000051497

001.3072068 HSRC O 64

*SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING*

# *VERANTWOORDELIKHEID: 'N OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF DEEL 2: VERANTWOORDELIKHEID BY DIE BANTOE BINNE WESTERSE KULTUURVERBAND*

A. NEL, B.A., D.Ed.

INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

DIREKTEUR: J.B. HAASBROEK

*PRETORIA*

*1977*

*Verslag No.* **O-64**

Available in English

Kopiereg voorbehou

**Prys: R2,35**

ISBN 0 86965 458 6

## VOORWOORD

In 'n vorige ondersoek wat deur die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die RGN onderneem is, is 'n wesensanalise van verantwoordelikheid onderneem met die oog daarop om 'n grond= plan vir die onderhawige ondersoek daar te stel.

Na 'n omvangryke literatuurstudie oor die Bantoe se geloof en sy kultuur het dit geblyk dat die grondplan wat uit die vorige studie uitgekristalliseer het, 'n sinvolle struktuur bied vir die beplanning van 'n ondersoek na die probleem van verant= woordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband. Empiriese ondersoeke, veral dié wat deur volkekundiges onder= neem is, dui daarop dat sowel sommige van die diepste geloofs= oortuigings van die Bantoe as sommige van die mees fundamentele gebruike uit sy kultuur dit vir hom baie moeilik maak om verantwoordelikhede binne Westerse kultuurverband te aanvaar.

Vanuit opvoedkundige gesigspunt gesien, verteenwoordig die aspekte uit die Bantoe se geloof en sy kultuur, wat dit vir hom moeilik maak om verantwoordelikhede binne Westerse kultuurverband te aanvaar, 'n belangrike dimensie van die totale opvoedingsterrein vir sover dit die opvoeding van die Bantoekind betref.

A L Kotzee
PRESIDENT

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1979 -04- 25
STANDKODE
001 3072068
HSRC O 64
BESTELNOMMER
C
REGISTERNOMMER
042496

# I N H O U D


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| SUMMARY/OPSOMMING | | iii |
| 1 | INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL MET EN PLAN VAN STUDIE | 1 |
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Probleemstelling | 4 |
| 1.3 | Metode van navorsing | 8 |
| 1.4 | Doel met die studie | 9 |
| 1.5 | Die plan van die studie | 9 |
| 2 | RELIGIEUSE BESKOUINGE BY DIE BANTOE EN DIE VERBAND DAARVAN MET SY SIN VIR VER= ANTWOORDELIKHEID | 10 |
| 2.1 | Inleiding | 10 |
| 2.2 | Die tradisioneel georiënteerde Bantoe se beskouinge betreffende 'n oppermag of God en die verband daarvan met sy sin vir verantwoordelikheid | 10 |
| 2.3 | Die Godsbegrip by die verwesterse Bantoe | 14 |
| 2.4 | Die voorouergeeste | 17 |
| 2.5 | Vooroueraanbidding by die Westers georiën= teerde Bantoe | 21 |
| 2.6 | Magiese beskouinge en toorpraktyke | 25 |
| 2.7 | Magiese beskouinge en toorpraktyke by die Westers georiënteerde Bantoe | 27 |
| 2.8 | Die Neger in die VSA | 30 |
| 3. | TEMPORALITEIT AS 'N ASPEK VAN DIE BANTOE SE KULTUUR EN DIE INVLOED DAARVAN OP SY SIN VIR VERANTWOORDELIKHEID BINNE DIE WESTERSE KULTUUROPSET | 35 |
| 3.1 | Temporaliteit | 35 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4 | BETEKENISONTDEKKING AS 'N MOONTLIKHEIDS= VOORWAARDE VIR DIE VERSKYNING VAN VER= ANTWOORDELIKHEID | 41 |
| 4.1 | Inleidend | 41 |
| 4.2 | Die wêreld toon 'n netwerk van betekenisse | 42 |
| 5 | MEDESYN AS BEPALER VAN VERANTWOORDELIKHEID BY DIE BANTOE BINNE WESTERSE KULTUURVER= BAND | 49 |
| 5.1 | Inleiding | 49 |
| 5.2 | Die samehang, indiwidualiteit, medesyn en verantwoordelikheid | 52 |
| 6 | FERTILITEIT EN VERANTWOORDELIKHEID BY DIE SWARTMAN BINNE WESTERSE KULTUURVERBAND | 58 |
| 6.1 | Inleiding | 58 |
| 6.2 | Seksuele moraliteit | 60 |
| 7 | SAMEVATTING | 72 |
| 7.1 | Inleiding | 72 |
| 7.2 | Die Bantoe se geloof en die verband daarvan met sy sin vir verantwoordelikheid | 74 |
| 7.3 | Temporaliteit as 'n aspek van die Bantoe se kultuur en die invloed daarvan op sy sin vir verantwoordelikheid binne die Westerse kultuuropset | 77 |
| 7.4 | Betekenisontdekking | 79 |
| 7.5 | Medesyn as bepaler van verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband | 79 |
| 7.6 | Fertiliteit en verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband | 81 |
| 7.7 | Slotopmerking | 85 |
| TABEL | | 28 |
| 2.1 | TABEL OM DIE OMVANG VAN DIE GELOOF IN TOWERY ONDER DIE XHOSA AAN TE TOON (VOLGENS PAUW) | 28 |
| LITERATUURLYS | | 86 |

SUMMARY

The Committee re Research on Bantu Development (CORBD) initially requested that research be undertaken into the possibility of creating a training programme intended to inculcate a sense of responsibility in Blacks employed by government departments. However, an investigation into responsibility itself showed that it is incorrect to regard responsibility as a kind of skill which can be acquired like learning a language or training for a profession. Responsibility refers to a way of life, and more specifically to the way in which a task is tackled and completed. It would therefore be more correct to talk about a responsible way of life or a responsible way of fulfilling a task. The most funda= mental responsiblility of every person is his responsibility to realise those personal potentialities which he received as talents. One can accomplish no task unless specific personal potentialities have been realised (developed) to a certain level. However, personal potentialities are realised by accomplishing a task. The realization of personal potentialities therefore also implies the realization of that which is present in nature and of transforming that into culture. The fact that man is called upon (and the tasks into which this calling is differentiated), appeals to him from his culture. Culture also determines which personal potential= ities have to be realised to a specific level.

This study examined the extent to which the following aspects of the Black man's traditional faith and culture may impede the manifestation of responsibility in his case in a Western cultural context:

a. Faith

1. Faith in God

Traditionally all the Black peoples believed in a Supreme Being or God as Creator and Maintainer of everything However, they had no clear concept regarding the essential nature of God. To them God was far distant and seldom inter= vened with man and his problems. They regarded God mainly as a Provider and if they prayed to Him, it was to request Him for something. Consequently the traditionally oriented Black man does not experience God as an authority making demands, to whom an account must be rendered in

respect of the nature of the individual's life on earth. For the traditionally oriented Black man God is absent from the structure of responsibility.

Various investigations indicate that the concept that Western oriented Blacks (also those converted to Christianity) have of God still corresponds in many respects to that of traditional Blacks. They experience God indeed as being closer and more accessible, but he remains chiefly the provider and not one who makes claims. Many Black Christians regard Christ as the ancestor of the church, whereas the Holy Ghost is related to an impersonal force or magic.

## 2. The belief in the ancestors

Traditionally Blacks believe that when a person dies, his spirit leaves the body and departs for the hereafter which is seen as a faithful replica of the traditional "present" world of the Blacks. There is communication between this world and the hereafter. The practice of ancestor worship results in the fact that Blacks' lives are strongly directed to the past. The hereafter (the future for every individual) implies essentially a re-creation of an idealised past. Planning with a view to change (progress) is irreconcilable with the Blackman's belief that the future stretches to an idealised past as embodied in the hereafter.

Blacks also believe that their ancestors continuously interfere in their lives. Many of the things which happen to them (or which they do) are simply ascribed to interference by the ancestors. They are thus inclined to shift responsibilities on to the ancestors.

Recent investigations indicate that (generally speaking) the Western oriented Black man has not surrendered his belief in the ancestral spirits. The belief in respect of the relationship with the ancestors has changed considerably among Western oriented Blacks, but it still tends to hamper the sense of responsibility among Blacks.

## 3. Belief in an impersonal power or magic

Traditionally oriented Blacks also believe in the existence of an impersonal power which may be employed to the advantage or disadvantage of the individual or community.

The witchdoctor applies this power to the advantage and the sorcerer to the disadvantage of the individual or community. This aspect of the Black man's belief offers him the opportunity of shifting responsibility for particular events to sorcerers and witches. Recent investigations indicate that Western oriented Blacks fairly commonly still believe in the power of the witchdoctor and the sorcerer.

b. Culture

1. Temporality

In the Christian-Western culture it is accepted as a religious conviction that history began with the Creation, follows a linear course and will end with the fulfilment of God's plan with the universe. The Christian believes that he is co-responsible for the course of history and that he must account directly to God for the form of his life on earth.

Traditionally oriented Blacks believe that everything was created by God in the far distant past. However, they also believe that God is not too concerned with the course of the earth's history. The Black's future is fulfilled when he enters the hereafter which, fundamentally, is a re-creation of an idealised past. On account of his religious convictions, traditional Blacks therefore live directed to the past.

In Western culture objectivised or chronological time has become an important norm on the strength of which activities are planned and an account given. Before their contact with Whites, Blacks did not know chronological time. Western oriented Blacks do know it, but various investigations have indicated that they do not experience it as a norm as intensely as Whites do. Consequently they are inclined to live life at a slower tempo.

2. Discovery of meaning

Control over reality is an important aim of Westerners. One prerequisite for adequate control of reality is authentic knowledge of it. Thus science and technology have become essential characteristics of Western culture.

Traditional Blacks believe that one of the essential charac= teristics of the universe is that everything that exists can be described as a force. God is the source of all force, but also people, animals, plants and lifeless matter exert force. The forces of the universe show a particular hierarchy and under ideal conditions they are harmoniously linked. Adversity and catastrophe follow as soon as the natural harmony is disrupted. However, these forces affect one another and may strenghen or weaken one another. Everything that happens may be explained in terms of the effect of forces on each other. This philosophy of forces provides traditionally oriented Blacks with a framework of meaning on the strength of which they try to explain all events. Consequently there is no motivation for true discovery of meaning and adequate control of reality. To traditionally oriented Blacks wisdom is also a force which man receives from outside and on his own man cannot do anything to increase his wisdom. Control of reality is in the hands of forces outside man, although man also has the power to control other forces. However, this power has been granted to him by a higher force and is strengthened or weakened by higher forces. With such a theory of knowledge as a philosophical conviction, the realization of creative responsibility in particular, that is, responsibility which requires constant planning on the strength of factual data, is seriously impeded.

3. Co-existence

In the traditional Black culture the development of individua= lity is discouraged, whereas harmonious group integration is strongly emphasised. The traditional Black is one of a group. He integrates with his family, his relationship group, his age group and his tribe. Responsibilities are shared to a large extent by groups. For example when a girl becomes pregnant, she brings disgrace to all the girls of her age group. The whole family of the boy responsible for her condition is considered co-responsible for his irresponsible deed. Traditional Blacks are thus discouraged from accepting individual responsibility.

Moreover, the traditional Black society reveals a hierarchical social structure which also constitutes the fundamental structure for their political hierarchy. A chief and his family have more status and authority than other members

of the tribe. A first-born son has more status and authority than the rest of the family and a man more than a woman. A person of lower status in the traditional hierarchy may not wield authority over a person of higher status. A capable highly qualified Black may thus find it almost impossible to fill a post in the context of the traditional society in which he is invested with authority over others.

## 4. Sexual morality

Traditionally, practically all Black peoples in the RSA permitted premarital sexual intercourse. However, the manner of intercourse allowed, was of such a nature that the girl could not be deflowered or impregnated. Strict social control ensured that the prohibitions regarding the manner of sexual intercourse at premarital level were hardly ever violated. When a girl became pregnant, however, the man responsible for her condition had to pay lobolo and marry her. If he refused to marry her, he and his family had to pay compensation to the girl's family. Among Western oriented Blacks premarital sexual intercourse is still common. However, the traditional prohibitions concerning the manner of intercourse have to a large degree been rejected. The result is a large increase in the number of illegitimate children whose upbringing is unsatisfactory.

Traditionally Blacks accord much value to a large family. Under traditional conditions a large family was necessary to help with the work, to look after the cattle and to hunt. An account of his belief, the Black man accepted it as one of his basic responsibilities to enlarge his family and kinship, group as much as possible. Traditionally the woman's fecundity was highly esteemed and lobolo was regarded as payment for the fecundity of the woman and not for the woman herself. Until lobolo was paid a man had no claim on the children the woman gave birth to. If lobolo had been paid and the woman proved to be barren, her family had to give one of her sisters to the man to bear him children.

Western oriented Blacks still consider the custom of lobolo to be of value, but young Black men often find it difficult to save money for lobolo and this leads to illegitimate births. However, many young Black men

leave the girl in the lurch after the birth of one or more children. The children are usually brought up by the girl's mother or grandmother and in many cases their upbringing is unsatisfactory.

c. Concluding remark

It must not be deduced from the foregoing exposition that the belief and culture of traditionally oriented Blacks hamper their sense of responsibility as such. In his tradi= tional society the traditionally oriented Black person is a responsible person. However, the highly industrialised Western society imposes other criteria of assessing whether a person lives in a responsible manner or not. The specific aim of this investigation is to determine which aspects of the traditionally oriented Black man's belief and culture make it difficult for him to assume responsibility in a Western cultural context.

# OPSOMMING

Die Komitee Insake Navorsing oor die Ontwikkeling van die Bantoe (KINOB) het aanvanklik versoek dat navorsing gedoen moet word oor die moontlikheid om 'n opleidings= program daar te stel wat daarop gemik is om 'n sin vir ver= antwoordelikheid by die Bantoes in diens van regerings= departemente in te skerp. 'n Ondersoek na verantwoordelik= heid as sodanig het egter aan die lig gebring dat dit nie korrek is om verantwoordelikheid as 'n soort vaardigheid te beskou wat 'n mens kan aanleer soos byvoorbeeld 'n taal of 'n beroep nie. Verantwoordelikheid verwys na die wyse waarop mens lewe en meer bepaald na die wyse waarop take aangepak en afgehandel word. Dit is dus meer korrek om te praat van 'n verantwoordelike wyse van lewe of van 'n verantwoordelike wyse van taakvervulling. Die mees primêre verantwoordelikheid van elke mens is sy verantwoorde= likheid om daardie persoonsmoontlikhede wat hy as gawes ontvang het, te verwerklik. 'n Mens kan geen taak verrig indien bepaalde persoonsmoontlikhede nie reeds tot 'n bepaalde niveau verwerklik (ontplooi) is nie. Persoonsmoontlikhede word egter verwerklik by wyse van taakverrigting. Die verwerkliking van persoonsmoontlikhede impliseer dus ook die verwerkliking van dit wat in die natuur aanwesig is en om dit tot kultuur te omvorm. Roeping (en die take waarin dit uitdifferensieer) spreek tot die mens uit die kultuur. Die kultuur bepaal ook welke persoonsmoontlikhede tot welke niveau verwerklik moet word.

In hierdie studie is nagevors in welke mate die volgende as= pekte uit die Bantoe se tradisionele geloof en uit sy tradisionele kultuur die verskyning van verantwoordelikheid by hom binne Westerse kultuurverband kan rem:

a. <u>Geloof</u>

1. <u>Geloof in God</u>

Al die Bantoevolkere het tradisioneel geglo in 'n Oppermag of God as Skepper en Instandhouer van alles. Hulle het egter geen duidelike begrip betreffende die wesensaard van God gehad nie. God was vir hulle ver verwyderd en het Hom weinig met die mens en sy probleme ingemeng. Hulle het God hoofsaaklik gesien as 'n Gewer en waar hulle

wel tot Hom gebid het, was dit om versoeke tot Hom te rig. Die tradisioneel georiënteerde Bantoe beleef God dus nie as 'n eisestellende gesag aan wie verantwoording gedoen moet word ten aansien van die gestalte wat die eie lewe hier op aarde aanneem nie. Vir die tradisioneel georiënteerde Bantoe is God dus afwesig uit die struktuur van verantwoordelikheid.

Verskeie ondersoeke dui daarop dat die Westers georiënteerde Bantoe (ook dié wat tot die Christendom bekeer is) se Godbegrip nog baie ooreenkomste toon met die tradisionele Bantoe se Godbegrip. Hulle beleef God wel as nader tot en meer toeganklik vir die mens. Hy bly egter hoofsaaklik gewer en nie eisesteller nie. Christus word deur baie van die Bantoe-Christene gesien as dié voorouer van die kerk, terwyl die Heilige Gees in verband gebring word met 'n onpersoonlike krag of magie.

2. Die geloof in die voorouers

Tradisioneel glo die Bantoe dat wanneer 'n mens sterf, verlaat sy gees sy liggaam en vertrek na die hiernamaals. Die hiernamaals word gesien as 'n getroue weergawe van die tradisionele "hierdie" wêreld van die Bantoe. Daar bestaan kommunikasie tussen hierdie wêreld en die hiernamaals. Die beoefening van voorouerverering het tot gevolg dat die Bantoe sterk verlede-geriglewe. Die hiernamaals (die toekoms vir elke indiwidu) beteken wesenlik 'n herskepping van 'n geïdealiseerde verlede. Beplanning met die oog op verandering (vooruitgang) is onversoenbaar met die Bantoe se geloof dat die toekoms sig uitstrek na 'n geïdealiseerde verlede soos dit beliggaam word in die hiernamaals.

Voorts glo die Bantoe ook dat sy voorouers gedurig in sy lewe inmeng. Baie van die dinge wat met hom gebeur (of dinge wat hy doen) skryf hy eenvoudig aan inmenging deur sy voorouers toe. Hy neig dus om van sy verantwoordelikhede op sy voorouers af te skuif.

Resente ondersoeke dui daarop dat die Westers georiënteerde Bantoe oor die algemeen nie sy geloof in die voorouergeeste prysgegee het nie. Die geloof ten opsigte van die verhouding met die voorouers het onder die Westers georiënteerde Bantoe heelwat verander, dog dit neig nog steeds om die verskyning van verantwoordelikheid by die Bantoe te rem.

3. Geloof in 'n onpersoonlike krag of magie

Die tradisioneel georiënteerde Bantoe glo ook in die bestaan van 'n onpersoonlike krag wat òf tot voordeel òf tot nadeel van die indiwidu of gemeenskap aangewend kan word. Die toordokter wend die krag tot voordeel en die towenaar wend dit tot nadeel van die indiwidu of gemeenskap aan. Hierdie aspek van die Bantoe se geloof bied aan hom die geleentheid om verantwoordelikheid vir bepaalde gebeurtenisse op towenaars en hekse af te skuif. Resente ondersoeke dui daarop dat die Westers georiënteerde Bantoe nog redelik algemeen glo in die krag van die toordokter en towenaar.

b. Kultuur

1. Temporaliteit

In die Christelik-Westerse kultuur word dit as 'n geloofs=oortuiging aanvaar dat die geskiedenis met die Skepping begin het, 'n reglynige verloop neem en sal eindig met die vervulling van God se plan met die heelal. Die Christen glo dat hy met medeverantwoordelikheid beklee is ten aan=sien van die verloop van die geskiedenis en dat hy direk aan God verantwoording verskuldig is vir die gestalte wat sy lewe hier op aarde aanneem.

Die tradisioneel georiënteerde Bantoe glo wel dat alles in die gryse verlede deur oppermag geskep is. Hy glo egter nie dat God hom veel bemoei met die verloop wat die aardse geskiedenis neem nie. Sy (die Bantoe se) toekoms word vervul met sy toetrede tot die hiernamaals wat in wese 'n herskepping is van 'n geïdealiseerde verlede. Op grond van sy geloofsoortuigings leef die tradisionele Bantoe dus verlede-gerig.

Binne die Westerse kultuur het verobjektiveerde of hor=losietyd 'n belangrike norm geword aan die hand waarvan aktiwiteite beplan en verantwoording gedoen word. Voor hul aanraking met die Blanke het die Bantoevolke nie horlosietyd geken nie. Die Westers georiënteerde Bantoe ken wel horlosietyd dog ondersoeke dui daarop hy dit nie net so intens as die Blanke as 'n norm beleef nie. Hy neig gevolglik steeds tot 'n stadiger lewenstempo.

## 2. Betekenisontdekking

Vir die Westerling is beheersing van die werklikheid 'n baie belangrike doelstelling. Een voorvereiste vir toereikende beheersing van die werklikheid is outentieke kennis daarvan. Die wetenskap en tegnologie het daarom wesenskenmerke van die Westerse kultuur geword.

Die tradisionele Bantoe glo dat een van die wesenskenmerke van die heelal is dat alles wat is, beskryf kan word as krag. God is die oorsprong van alle krag, maar ook die mens, dier, plant en dooie materie besit krag. Die kragte van die heelal toon 'n bepaalde hiërargie en is onder ideale omstandighede harmonies aan mekaar geskakel. Sodra die natuurlike harmonie verbreek word, volg teenspoed en rampe. Die kragte werk egter op mekaar in en hulle kan mekaar versterk of verswak. Alles wat gebeur, kan verklaar word in terme van die inwerking van kragte op mekaar. Hierdie kragtefilosofie verskaf aan die tradisioneel georiën= teerde Bantoe 'n betekenisraamwerk aan die hand waarvan hy alle gebeurtenisse probeer verklaar. Die motivering vir egte betekenisontdekking en toereikende beheersing van die werklikheid ontbreek dus. Wysheid is vir die tradisioneel georiënteerde Bantoe ook 'n krag wat die mens van buite ontvang en die mens kan uit homself niks doen om sy wysheid te versterk nie. Beheersing van die werklikheid is in die hande van kragte buite die mens. Die mens besit wel ook die krag om ander kragte te beheer, dog dié krag is aan hom geskenk deur 'n hoër krag en dit word verder ook deur hoër kragte versterk of verswak. Met so 'n kennisleer as 'n lewens- en wêreldbeskoulike oortuiging word die verwerkliking van veral kreatiewe verantwoorde= likheid, dit wil sê verantwoordelikheid wat voortdurende beplanning aan die hand van feitelike gegewens vereis, baie bemoeilik.

## 3. Medesyn

Binne die tradisionele Bantoekultuur word die ontwikkeling van indiwidualiteit ontmoedig, terwyl harmoniese groep= skakeling sterk beklemtoon word. Die tradisionele Bantoe is 'n groepmens. Hy skakel onder andere met sy gesin, sy verwantskapsgroep, sy ouderdomsgroep en sy stam. Ver= antwoordelikhede word verder in 'n baie groot mate deur groepe gedeel. Wanneer 'n meisie byvoorbeeld verwagtend raak, bring sy 'n skande oor al die meisies van haar ouderdoms=

groep. Die seun wat vir haar toestand verantwoordelik was se hele familie word geag medeverantwoordelik te wees vir sy onverantwoordelike daad. Vir die tradisionele Bantoe word die aanvaarding van indiwiduele verantwoordelik= heid dus ontmoedig.

Die tradisionele Bantoesamelewing toon verder 'n hiërargiese sosiale struktuur wat ook die grondstruktuur vir hul poli= tieke hiërargie vorm. 'n Opperhoof en sy familie het meer status en gesag as ander lede van die stam. 'n Eersgebore seun het ook meer status en gesag as die res van die gesin en 'n man het meer status en gesag as 'n vrou. 'n Persoon wat binne die tradisionele hiërargie 'n laer status beklee kan nie gesag voer oor iemand wat 'n hoër status as hy beklee nie. 'n Bekwame, hoog gekwalifiseerde Bantoe mag dit daarom byna onmoontlik vind om binne tradisionele samelewingsverband 'n pos te vul waar hy met gesag oor ander beklee word.

4. <u>Seksuele moraliteit</u>

Feitlik alle Bantoevolke binne die RSA het tradisioneel voorhuwelikse seksuele omgang toegelaat. Die wyse van omgang wat toegelaat was, was egter van so 'n aard dat die meisie nie gedefloreer of bevrug kon raak nie. Streng sosiale kontrole het verseker dat die voorskrifte betreffende die wyse van seksuele omgang op voorhuwelikse vlak baie selde oortree is. Wanneer 'n meisie wel verwagtend geraak het, moes die man wat vir haar toestand verantwoordelik was, lobolo betaal en met haar trou. Indien hy nie met haar wou trou nie, moes hy en sy familie aan die meisie se familie vergoeding betaal. Onder die Westers georiënteerde Bantoe vind voorhuwelikse omgang nog algemeen plaas. Die tradisionele voorskrifte betreffende die wyse van omgang word egter in groot mate verwerp. Die gevolg is 'n groot toename in die aantal buite-egtelike kinders wie se opvoeding onbevredigend verloop.

Die Bantoe heg tradisioneel baie waarde aan 'n groot familie. Onder tradisionele omstandighede was 'n groot familie nodig om onder andere te help werk, vee oppas en jag. Op grond van sy geloof het die Bantoe dit as een van sy basiese verantwoordelikhede aanvaar om sy gesin en verwantskapsgroep soveel as moontlik uit te brei. Die Bantoe het dan ook tradisioneel baie waarde geheg aan die vrugbaarheid of baarvermoë van die vrou. Lobolo is dan

ook beskou as betaling vir die vrugbaarheid van die vrou en nie vir die vrou self nie. Totdat lobolo betaal was, het 'n man geen aanspraak gehad op die kinders wat sy vrou in die lewe gebring het nie. Indien hy lobolo betaal het en sy vrou blyk onvrugbaar te wees, moes haar familie een van haar susters aan hom gee om vir hom kinders in die lewe te bring.

Westers georiënteerde Bantoes heg nog waarde aan die lobolo-gebruik. Jong Bantoemans vind dit egter dikwels moeilik om geld vir lobolo bymekaar te kry. Buite-egte= like geboortes is die gevolg. Baie jong Bantoemans laat die meisie egter in die steek na die geboorte van een of meer kinders. Die kinders word gewoonlik deur die meisie se moeder of grootmoeder groot gemaak. In baie gevalle verloop die opvoeding van die kinders nie bevredigend nie.

c. Slotopmerking

Uit die voorgaande uiteensetting moet nie afgelei word dat die tradisioneel georiënteerde Bantoe se geloof en kultuur die verskyning van verantwoordelikheid as sodanig by hom rem nie. Binne sy tradisionele samelewingsverband is die tradisioneel georiënteerde Bantoe 'n verantwoordelike mens. Die hoogs geïndustrialiseerde Westerse samelewing stel egter ander kriteria aan die hand waarvan geoordeel word of 'n persoon verantwoordelik lewe al dan nie. Hierdie ondersoek het spesifiek ten doel om vas te stel welke aspekte van die tradisioneel georiënteerde Bantoe se geloof en kultuur dit vir hom moeilik maak om verantwoordelik= hede binne Westerse kultuurverband te aanvaar.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL MET EN PLAN VAN STUDIE

### 1.1 INLEIDING

In hierdie studie is die probleem van verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband nagevors. Die begrippe verantwoordelikheid as sodanig kan die indruk wek dat ons hier te doen het met 'n isoleerbare en definieerbare feitelikheidwat slegs 'n faset van die persoonlikheid as geheel vorm. Vir die doeleindes van hierdie studie word egter aanvaar dat verantwoordelikheid heenwys na 'n handeling, naamlik die handeling van verantwoording doen. Verantwoording doen as die bevestiging van egte verantwoordelikheid word egter voorafgegaan deur 'n gevoel en besef van verantwoordelik te wees vir die eie handeling. Hierdie studie wentel onder andere ook om die vraag waarom mense hulle geroepe voel om ten aansien van bepaalde aspekte van die alledaagse lewe verantwoordelik te handel, terwyl ander aspekte hulle glad nie aanspreek nie. Slegs fundamentele aspekte sal bespreek word. Dit is naamlik aspekte wat die gevoel van verantwoordelik wees onderlê en ook die besef van verantwoordelik wees inhoudelik kwalifiseer in die sin dat norme vir verantwoording doen, verskaf word. Aspekte uit die Bantoe se geloof en kultuur wat van bepalende betekenis is vir die verwerklikingvan verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband, word bespreek. (Kyk afdeling 1.2.) Dit blyk dat nieteenstaande die feit dat die tradisionele Bantoekulture reeds oor 'n wye front afgetakel is en steeds afgetakel word, sommige fundamentele, tradisionele geloofsoortuigings en kultuur=

tradisies steeds die fondamente van die Bantoe se lewens- en wêreldbeskouing vorm.* Sommige van dié fundamentele aspekte van die Bantoekultuur dien om die akkulturasie= verloop ongunstig te beïnvloed. In die studie word enkele van die remmende faktore uit die Bantoetradisie geïdentifiseer. Daar word ook besin oor hoe die remmende in= vloed van sommige van die tradisies uitgeskakel kan word sonder om die Bantoe te verwar.

Hierdie ondersoek is hoofsaaklik gebaseer op aspekte wat voortgevloei het uit 'n analise van die verloopstruktuur van verantwoording doen of van verantwoordelikheid (roepings= belewing ⟶ taakvervulling ⟶ verantwoording). Lewenstake (en ook dagtake) het betrekking op partikuliere leefwêreld= inhoude. Op grond van die partikuliere leefwêreldinhoude verkry verantwoordelikheid dimensionele kenmerke aan die hand waarvan onderskei kan word tussen partikuliere ver= antwoordelikhede. Hierdie dimensionele kenmerke van verantwoordelikheid is nie as van fundamentele belang vir hierdie studie geag nie, en is daarom ook nie nagevors nie. In partikuliere situasies (byvoorbeeld tydens die opleiding van onder andere werktuigkundiges, ingenieurs en publieke aanklaers ensovoorts) kan dit egter waardevol wees om die dimensionele kenmerke van verantwoordelikheid ook in aanmer= king te neem. Gevolglik word ter inleiding tot hierdie ver= slag oorsigtelik enkele moontlike dimensionele kenmerke van verantwoordelikheid bespreek.

---

*Dr S.D. Onabamiro, Minister van Landbou en Natuurlike Hulpbronne in Wes-Nigerië het byvoorbeeld in 1963 soos volg geskryf:
"The mind of the average African student, therefore, is invariably divided into three watertight compartments. With one compartment he absorbs the traditional beliefs handed over to him by his parents concerning his origin and the origin and purposes of other living things around him. He is ever conscious of the powers wielded by evil spirits surrouding the village which delight in afflicting his family with diseases and death. With another compartment if he is a Christian, he absorbs the doctrine of the new religion with relation to the Bible stories of the Creation and the flood. When he gets to the science laboratory in his school, he strives to learn with the third compartment the properties of matter, the atomic theory and the theory of biological evolution. Small wonder then that the African student, by the time he enters the university, is in a highly confused state" (Onabamiro 1964 p. 46).

Verantwoordelikheid toon eerstens niveauverskille. Aan die een punt van 'n stygende lyn vind ons eenvoudige roetineverantwoordelikheid waar weinig hoëvlak denke en insig geverg word. 'n Persoon moet byvoorbeeld 'n sloot grawe of net moere vasdraai. Aan die ander punt van die lyn vind ons verantwoordelikheid wat op hoë kognitiewe niveau voltrek word en gekenmerk word deur 'n hoë mate van kreatiwiteit ("kreatiewe verantwoordelikheid"). Hierdie vorm van verantwoordelikheid word daardeur gekenmerk dat bekende feite denkend met mekaar geïntegreer word, waardeur nuwe strukture as moontlikhede geskep en teen mekaar opge= weeg word met die veronderstelling dat 'n keuse gedoen sal word wat moet uitloop op 'n handeling. Die betekenis en ge= volge van die handeling waarvoor die persoon verantwoordelik= heid aanvaar, is nie altyd voorspelbaar nie. Roetinever= antwoordelikheid toon min kreatiewe kenmerke. Kreatiewe verantwoordelikheid kan egter ook nog 'n groot mate van geroetineerdheid toon veral wanneer hoofsaaklik klem gelê word op die fisiese handelinge van die arbeidende persoon. 'n Navorser se verantwoordelikheid is byvoorbeeld sterk kreatief van aard, maar dit toon nog 'n groot mate van geroetineerdheid, terwyl 'n kunstenaar (byvoorbeeld 'n skilder) se verantwoordelikheid in mindere mate geroetineerd van aard is. (Elke fisiese handeling verg 'n beslissing wat uiteindelik 'n geïntegreerde deel van 'n nuwe skepping vorm.)

Verantwoordelikheid vertoon ook 'n bepaalde omvang of trefwydte. Iemand wat 'n sloot grawe, se verantwoordelikheid toon geringe omvang. Iemand wat 'n passasiersbus bestuur, se verantwoordelikheid is sterk geroetineerd, vereis min kreatiwiteit, maar is tog van besondere groot omvang. 'n Skoolhoof se verantwoordelikheid is moontlik nie baie krea= tief nie, maar is egter onstabiel geroetineerd (die roetine word gereeld versteur) en toon 'n besonder wye omvang of trefwydte. 'n Staatshoof se verantwoordelikheid toon relatief min geroetineerdheid, 'n baie hoë mate van kreatiwiteit en is van 'n wye omvang.

Die kwaliteit van verantwoordelikheid is ten aansien van die dimensionele kenmerke nie ter sprake nie. 'n Goeie handearbeider se verantwoordelikheid verskil nie kwalita= tief van die van 'n goeie staatshoof nie. Die kwaliteit van 'n persoon se verantwoordelikheid het betrekking op die intensiteit van sy roepingsbelewing en is nie noodwendig afhanklik van die dimensionele kenmerke van verantwoordelik=

heid nie. Daar kan egter aanvaar word dat verantwoordelikheid wat 'n hoë mate van kreatiwiteit vereis, ook die eis sal stel dat die draer daarvan goeie kennis en begryping van die kultuur sal hê waarbinne dié verantwoordelikheid gedra word. Hier, en veral ook wanneer die verantwoordelikheid 'n groot omvang toon, kom sekondêre aspekte van die kultuur ook ter sprake (byvoorbeeld, geld, behuising, kleredrag en moontlike vakansies). Hierdie is aangeleenthede wat nie in hierdie studie aandag geniet nie. Die leser moet egter in gedagte hou dat hierdie aangeleenthede is wat op verskeie maniere verantwoordelikheid by die indiwidu kan beïnvloed.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die probleem wat aanleiding gegee het tot die versoek dat hierdie navorsing onderneem moet word, het hoofsaaklik betrekking op 'n gebrek aan 'n verantwoordelikheidsin by Bantoes werksaam in die administratiewe afdelings van regeringsdepartemente. Die probleem van 'n gebrek aan verantwoordelikheidsin is egter nie beperk tot administratiewe personeel nie. Hierdie studie sal daarom ten doel hê om basiese beginsels aan die lig te bring wat as grondslag kan dien vir die inskerping van verantwoordelikheid tydens die opleiding van Bantoes vir alle beroepe, met hoogtens klemverskuiwings om voorsiening te maak vir moontlike onderlinge verskille wat betref die kultuur van die onderskeie Bantoevolke binne die RSA.

Die probleem toon ten opsigte van die Bantoe drie aspekte wat elkeen, veral gesien binne die konteks van die ontwikkeling van die tuislande, van ewe groot betekenis is. Hulle is die volgende:

(a) 'n Gebrek aan 'n verantwoordelikheidsin wat vergestalting vind in sowel onbevredigende werkverrigting as oneerlikheid en wat die vooruitgang van die Bantoe as 'n groep ernstig strem.

(b) 'n Onvermoë om verantwoordelikheid wat nie duidelik onder voorgeskrewe pligte omskryf kan word nie, te aanvaar. Nuwe <u>ontwikkelingsprojekte</u> moet gevolglik deur Blanke amptenare geïnisieer en in groot mate beheer word. Eers wanneer nuwe projekte suksesvol blyk te wees, sal die Bantoe hom bereid toon om verantwoordelikheid ten aansien daarvan te aanvaar.

(c) Bantoes toon dikwels 'n onvermoë om ooreenkomste tussen verskillende probleme en probleemsituasies raak te sien. Hulle wil dan nie geredelik verantwoordelikheid ten aansien van die oplossing van nuwe probleme aanvaar nie, nieteenstaande die feit dat hulle oor die nodige kennis en bekwaamhede beskik om sodanige probleme te hanteer.

Die voorgemelde drie aspekte van die problematiek van ver= antwoordelikheid by die Bantoe is hoofsaaklik geformuleer deur amptenare wat belas is met die opleiding van Bantoes. Hierdie aspekte moet daarom gesien word as regverdiging vir die ondersoek.

Daar moet egter op gewys word dat dit as 'n uitgangspunt vir hierdie studie aanvaar is dat daar geen genetiese verskille wat betrekking het op die vermoë om te presteer en verantwoordelikheid te aanvaar, tussen die Blanke en die Bantoe (as bevolkingsgroepe) aantoonbaar is nie. Daar moet beklemtoon word dat met die voorgaande stelling verwys word na moontlike verskille tussen groepe en nie tussen indiwidue onderling nie. Wanneer verantwoordelik= heid as 'n menslike moontlikheid gesien word, impliseer dit dat dit as moontlikheid by die mens, ongeag ras of kleur, teenwoordig en verwerklikbaar is. Verskille tussen indiwidue onderling kom wel voor, maar vir die doeleindes van hierdie studie is aanvaar dat sodanige verskille nie verband hou met verskille in ras of kleur nie. Die feit egter dat daar 'n probleem betreffende die verwerkliking van verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband ontstaan het, dui daarop dat daar veranderbare faktore werksaam moet wees wat die verwerkliking van verantwoordelikheid op een of ander wyse medebepaal. Vir die doeleindes van hierdie studie is sonder voorbehoud aanvaar dat enige verskille wat tussen die Blanke en Bantoe se sin vir verantwoordelikheid binne Westerse kultuurverband sigbaar word, toegeskryf moet word aan verskille in opvoeding binne 'n eiesoortige kultuurverband. Die Wester= ling grond sy opvoeding in 'n anderse lewens- en wêreld= beskouing en stel gevolglik 'n anderse opvoedingsdoelstelling vir sy kind as wat die tradisioneel georiënteerde Bantoe vir syne stel.

In 'n voorstudie tot hierdie ondersoek (Nel, 1977) is 'n struktuur-analise van verantwoordelikheid as sodanig onderneem. Daar is gestel dat die verwerkliking van verantwoordelikheid beskryf kan word as 'n oorspronklike menslike synswyse wat soos volg voltrek word: 'n Verantwoorde=like mens belewe dit dat hy deur 'n transendentale opdraggewer geroep word om deur eie arbeid 'n bepaalde gestalte aan sy lewe te gee. Die gestalte wat die lewe moet aanneem, word in groot mate bepaal deur norme wat geld binne die samelewing waar die mens leef. In besonder voel die verantwoordelike mens hom geroepe om die take wat uit sy roeping voortvloei, op so 'n wyse af te handel dat hy daar=deur bydra tot die gestalte wat sy lewe moet aanneem. Taak=verrigting is in wese antwoord op 'n roeping en is nog geen verantwoording nie. Die verantwoordelike mens belewe dit egter dat daar vanuit die transendente voortdurend 'n verdere vraag tot hom gestel word, naamlik of sy taakverrig=ting, kwalitatief en kwantitatief gesproke, voldoen aan eise vervat in die oorspronklike roeping. Die antwoord op hierdie "teruggekaatste" vraag is verantwoording en is die taak van die gewete. Verantwoording doen (die verwerkliking van verantwoordelikheid) is dus nie identies met rekenskap gee aan 'n medemens (byvoorbeeld 'n toesighouer) betreffende die eie doen en late nie (Nel, 1977). In die geval van 'n verantwoordelike persoon sal dié twee (verantwoordelik=heid en rekenskap) wel ooreenstem. In die geval van 'n onverantwoordelike persoon sal dit nie noodwendig ooreenstem nie.

Die voorgenoemde analise van verantwoordelikheid het aan die lig gebring dat 'n aantal aspekte uit die menslike leefwêreld van bepalende belang vir die verwerkliking van verantwoorde=likheid is. Hulle is:

(a) Geloof in God of in iets of iemand wat in die plek van God belewe word as transendentale opdraggewer(s).

(b) Kultuur.

(c) Lewens- en wêreldbeskouing.

(d) Die gewete.

(e) Persoonsmoontlikhede.

Die vermelde aspekte vorm onskeibare interafhanklike wesens=kenmerke van een ondeelbare persoonlike leefwêreld. Die lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings is geanker in die geloof en die kultuur. Wanneer geloof en kultuur dus bespreek word as aspekte wat van bepaalde belang vir die verwerkliking van verantwoordelikheid is (moontlikheids=voorwaardes vir die verskyning van verantwoordelikheid), blyk 'n dergelike bespreking van lewens- en wêreldbeskouing nie nodig te wees nie.

In die voorstudie oor verantwoordelikheid waarna reeds verwys is, is voorsien dat direkte empiriese ondersoeke na die gewete besondere probleme kan lewer. Verder is vir die doeleindes van hierdie studie aanvaar dat die gewete van die Bantoe op fundamentele vlak nie van dié van die Blanke Westerling verskil nie. Gevolglik is tot die slotsom geraak dat die gewete van die Bantoe binne Westerse kultuurverband nie 'n probleem konsti=tueer wat in hierdie studie nagevors kan word nie. Hiermee word nie te kenne gegee dat die verwerkliking van die Bantoe se gewete binne Christelik-Westerse kultuurverband hoegenaamd nie 'n probleem konstitueer nie. Dit word egter gesien as 'n probleem wat slegs indirek aan die orde gestel kan word en wel by wyse van 'n uiteensetting van sy geloof en kultuur en die betekenis daarvan vir die verwerkliking van verantwoordelik=heid by hom binne Westerse kultuurverband.

In die reeds genoemde voorstudie oor verantwoordelikheid, is gevind dat vir die Protestants-Christen (Westerling) die mees oorsponklike verantwoordelikheid verteenwoordig word deur die verantwoordelikheid om die persoonsmoontlik=hede wat elke mens as gawes ontvang het, te verwerklik. Die verwerkliking van persoonsmoontlikhede vorm inderdaad die mees oorspronklike verantwoordelikheid vir die aanhangers van enige geloof of kultuur. Indien 'n persoon 'n bepaalde verantwoordelikheid op hom neem, word as 'n voorveronderstel=ling aanvaar dat hy reeds oor bepaalde kennis en bekwaamhede beskik wat nodig is vir die afhandeling van die taak waaruit die verantwoordelikheid spruit. Gesien in die lig van die aangeleentheid wat in hierdie studie aandag moet kry, is die probleme betreffende die verwerkliking van persoons=moontlikhede as medebepalers vir die verskyning van ver=antwoordelikheid, geleë in die feit dat kultuur die verwerkliking van persoonsmoontlikhede medekwalifiseer. Die kultuur waaraan 'n mens behoort, medebepaal watter persoonsmoontlikhede verwerklik word en tot watter niveau dit verwerklik kan word (Grant, 1969 p. 64). Dit is

duidelik dat hier 'n besondere problematiek betreffende verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuur= verband sigself voordoen. Die Westerse kultuur vereis naamlik dat daar by wyse van opvoeding en formele onderwys bepaalde persoonsmoontlikhede by die volwassewordende kind verwerklik (ontplooi) moet word terwyl in die Bantoe= kulture egter meer klem gelê word op 'n anderse verwerkliking van persoonsmoontlikhede. Die RGN onderneem tans twee studies oor die verwerkliking van bepaalde persoonsmoont= likhede binne die Westerse kultuurverband, naamlik mate= matiese aanleg en meganiese aanleg. Die verwerkliking van persoonsmoontlikhede is gevolglik nie as 'n probleem= veld vir hierdie studie aanvaar nie.

Die probleem wat in hierdie studie aandag moet geniet, is die Bantoe se <u>geloof</u> en sy <u>kultuur</u> as terreine van oorsprong vir verantwoordelikheid by hom en die invloed daarvan op die verwerkliking van verantwoordelikheid (deur die Bantoe) binne Westerse kultuurverband. Indien daar wel aspekte uit die Bantoe se geloof en kultuur verbesonder kan word wat die verwerkliking van verantwoordelikheid binne Westerse kultuurverband rem, kan tydens die oorwegende Westers georiënteerde opleidingsprogramme vir volwasse Bantoes, die remmende invloed van sulke aspekte moontlik uitgeskakel word.

## 1.3 METODE VAN NAVORSING

Hierdie ondersoek word in die volgende twee fases afgehandel:

(a) In die eerste fase word 'n omvattende literatuurstudie onderneem. Die feite wat uit die literatuur verkry word, sal vanuit die gesigspunt van die probleem= stelling, naamlik verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband geïnterpreteer, gesistematiseer en in die vorm van 'n verslag weer= gegee word.

(b) In die tweede fase sal die verslag onder soveel kenners van die Bantoe versprei word as moontlik. Hier word veral gedink aan opleidingsbeamptes, personeelbeamptes, etnoloë, opvoedkundiges, sende= linge en prominente Bantoegeleerdes. Die betrokke persone sal versoek word om op 'n advieskomitee te dien waar die verslag bespreek en riglyne vir moont= like empiriese ondersoeke neergelê kan word.

## 1.4 DOEL MET DIE STUDIE

Die doel met die studie is om aspekte uit die Bantoe se geloof en kultuur wat die verwerkliking van verantwoorde= likheid binne Westerse kultuurverband mag rem, te identi= fiseer en voorstelle aan die hand te doen waarvolgens dit veral in die arbeidsituasie uitgeskakel kan word.

## 1.5 DIE PLAN VAN DIE STUDIE

In hoofstuk 2 word die religieuse beskouinge van die Bantoe en die verband daarvan met sy sin vir verantwoordelik= heid bespreek.

In hoofstuk 3 word temporaliteit as 'n aspek van die Bantoe se leefwêreld bespreek met spesifieke verwysings na die betekenis daarvan vir die Bantoe se sin vir verantwoordelik= heid binne Westerse kultuurverband.

In hoofstuk 4 word die tradisionele Bantoe se kennisleer, asook sy houding ten aansien van betekenisgewing en bete= kenisontdekking bespreek met spesifieke verwysing na die verband daarvan met sy sin vir verantwoordelikheid.

In hoofstuk 5 word die beginsels onderliggend aan die tussenmenslike verhoudings by die Bantoe bespreek met verwysing na die verband daarvan met sy sin vir verant= woordelikheid.

In hoofstuk 6 word tradisionele Bantoebeskouinge betreffende voortplanting bespreek met spesifieke verwysing na die samehang tussen voortplanting en verantwoordelikheid binne die moderne, Westerse samelewingsverband.

In hoofstuk 7 volg 'n samevatting van die studie en enkele aanbevelings.

# HOOFSTUK 2

# RELIGIEUSE BESKOUINGE BY DIE BANTOE EN DIE VERBAND DAARVAN MET SY SIN VIR VERANTWOORDELIKHEID

## 2.1 INLEIDING

In 'n voorstudie tot hierdie ondersoek is gevind dat geloof in God of in iets of iemand wat in die plek van God gestel word, een aspek van die mens se lewe is wat van bepalende betekenis vir sy sin vir verantwoordelikheid is. In die betrokke voorstudie is daar nie in besonderhede ingegaan op geloof of religie as sodanig nie. Die fundering vir die stelling dat 'n mens se geloof van bepalende betekenis vir verantwoordelikheid by hom is, setel in 'n struktuur=analise van verantwoordelikheid. Die roeping tot die mens wat 'n moontlikheidsvoorwaarde vir verantwoordelikheid is, kom vanuit 'n transendentale opdraggewer en die aard van die opdraggewer word gekwalifiseer deur die mens se geloof (vir die Christen word sy geloof gekwalifiseer deur die eise wat God as oorsprong en bestemming van alles aan hom stel). Met die begrip religieuse beskouinge van die Bantoe word hier verwys na die Bantoe se beskouinge aangaande magte buite en bo die mens wat 'n invloed uitoefen op die gestalte wat 'n mens se lewe hier op aarde aanneem. Volgens die religieuse beskouinge van die tradisioneel georiënteerde Bantoe bestaan daar nie net een so 'n transendentale gesag nie, maar wel 'n menigte. In hooftrekke kan hierdie menigte van magte buite die mens egter in drie groepe ingedeel word, naamlik 'n oppermag of God, die voorouergeeste en 'n onpersoonlike mag of magié wat deur die mens gemanipuleer kan word. Hierdie drie magte word vervolgens bespreek. Die leser moet egter steeds in gedagte hou dat die Bantoe <u>nie</u> hierdie magte beleef as duidelik van mekaar geskei nie. Dit wil selfs voorkom asof hulle die onderskeie groepe beleef as slegs hiërargiese ver=skyningsvorme van dieselfde mag wat in die oppermag of God setel.

## 2.2 DIE TRADISIONEEL GEORIëNTEERDE BANTOE SE BESKOUINGE BETREFFENDE 'N OPPERMAG OF GOD EN DIE VERBAND DAARVAN MET SY SIN VIR VERANTWOORDELIKHEID

Bruwer (1963, p. 122) wys daarop dat daar by alle Bantoe=volke 'n besef bestaan van 'n opperwese, 'n mag wat oor alles troon en wat nie in verband gebring kan word met die voorouergeeste nie. Ook Parrinder (1969, p. 39) skryf in

hierdie verband: "From the earlier view that African religion was crudely fetistic, with an idea of God where it existed being an importation, informed opinion has now swung round to the conviction that most, if not all, African peoples have had a belief in a Supreme Being as an integral part of their world view and practised religion." Mbiti (1970) het aan die hand van beskikbare literatuur betreffende die God-beskouing by die tradisionele Swart volkere van Afrika 'n studie gemaak van meer as 270 stamme en gevind dat geloof in God as 'n opperwese algemeen onder al die Swart volkere van Afrika voorkom. Parrinder (1969, p. 39) skryf voorts oor hierdie onderwerp: "Missionaries have found, often to their surprise, that they did not need to argue for the existance of God, or faith in a life after death, for both these fundamentals of world religion are deeply rooted in Africa." (Kyk ook Ashton, 1962, p. 116.)

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek kan dit as 'n bewese feit aanvaar word dat die tradisioneel georiënteerde Bantoe in 'n opperwese as almagtige skepper van en beskikker oor alles glo. Daar kan dus daartoe oorgegaan word om vas te stel watter rol die Bantoe se godsbeskouing vervul ten aansien van die vorming van 'n verantwoordelikheidsin by hom. Ten einde die verband tussen die tradisioneel georiënteerde Bantoe se geloof in god en sy sin vir verantwoordelikheid te verstaan, is dit nodig om eers vas te stel aan die hand van watter wesenskenmerke die Bantoe sy god as god begryp en beleef.) Uit die aard van die saak kan hier nie 'n volledige uiteensetting aangebied word nie. Mbiti, professor in "Theology and Comparative Religion" aan die Makarere Universiteitskollege in Uganda wy sy werk van meer as 250 bladsye volledig aan 'n beskrywing van die godsbeskouing by die Swart volkere van Afrika. Daar kan aanvaar word dat die wesenlike van die godsbeskouing van die Bantoe ook in die werk van Mbiti vervat is (Mbiti 1970). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit voldoende om aan die hand van enkele wesenskenmerke 'n globale indruk van die Bantoe se godsbegrip te bied.

Ten aansien van die wesenlike in die godsbegrip van die Swartman van Afrika skryf Parrinder (1969, p. 40) soos volg: "God is always creator and ruler, the one beyond all thanks .... It is clear that God exists by himself; he is not the creature of any other being, but is the cause of everything else. His pre-eminence and his great=

ness go together. But since he is greater than any other spirit or man, God is mysterious and nobody can understand him, he creates and destroys, he gives and takes away."

Dit is nodig om hier te wys op die oënskynlike paradoks wat aangetoon kan word tussen die transendentale, verwyderde teenoor die immanente, alomteenwoordige wesensaard van God. Mbiti (1970, p. 12) wys daarop dat die transendentale aard van God op verskeie wyses deur die Swartman begryp word. Ten aansien van temporaliteit word groter klem gelê op die verlede en die hede as op die toekoms: Verder terug in die verlede as wat vir die mens denkbaar is, was God reeds God en vandag is hy nog onveranderd dieselfde God wat hy altyd was. Ten aansien van die verband tussen God en die toekoms bestaan daar min mites en gelowe onder die tradisionele kulture van Swart Afrika. Die tra= disioneel gerigte Swartman is dus ultrakonserwatief (behoudend) in die verlede veranker. Hierdie feit moet ongetwyfeld van kardinale belang wees vir die vorming van 'n sin vir verantwoordelikheid by die tradisioneel gerigte Bantoe. Engelbrecht (s.j., p. 13) skryf byvoorbeeld ten aansien hiervan soos volg: "Projekte wat die toekoms instrek is gedoem tot mislukking. Toekomstige beplanning bestaan eintlik nie. Vir die Bantoe lê die toekoms in die hande van magte buite die mens self. Dit is in werklikheid religieus verkeerd,'n sonde' om 'n toekomsperspektief te hê."

Ten aansien van ruimtelikheid word God belewe as immanent, oral teenwoordig, maar terselfdertyd ook as oneindig ver, buite bereik van alle mense. Ten aansien van die immanensie van God glo die Bantoe dat God oral, in alles wat is teenwoordig is. Engelbrecht (s.j., p. 5) skryf byvoorbeeld: "Die inwoners van die omgewing glo, so is aan my vertel, dat die natuurlike plantegroei ophou groei sodra 'n kerk gebou word. Die godheid, die bron van lewe, wat volgens hom die plante en dinge bewoon, word dan verplaas na 'n gebou van die Witman. Geen wonder dat die plante nie meer lewe toon nie." Alhoewel God vir die Bantoe oral, in alles teen= woordig is, vereenselwig hulle nie God met aardse voorwerpe nie. Daar word geen voorbeelde aangetref waar die Bantoe aardse voorwerpe (plante, berge, diere, ensovoorts) verhef het tot afgode wat hulle aanbid nie. Hierdie oënskynlike teenstrydigheid kan verklaar word in terme van Tempels (1946, pp. 25-30) se uiteensetting van die Bantoe-filosofie. Volgens Tempels sien die Bantoe die heelal as gerangskik in 'n rangorde van kragte of magte met God as die Oppermag.

Alle gebeure in die heelal kan dus verklaar word in terme van die inwerking van kragte op mekaar, die vermeerdering van sommige kragte, die vermindering van ander of ook die onderwerping van een krag aan 'n ander. Dit is kragte wat byvoorbeeld plante laat groei, vuur laat brand en mense in staat stel om te handel. As Oppermag en as Skepper en instandhouer van alles in God dus in alle kragte, dus in alles wat is, teenwoordig. As krag is God dus ook by en in die mens teenwoordig, maar die krag skep nie vir die mens 'n toegangsweg tot God nie en daarom bly God vir die mens oneindig ver en onbereikbaar selfs, volgens Parrinder, "beyond all thanks". Ten aansien van die Basoeto se godsbegrip skryf Ashton (1962, p. 116) soos volg: "The traditional Sesuto conception of God was of a very distant being, situated somewhere in the heavens, too remote and too aloof to pay much attention to man and his petty affairs although prayers for his help were made in time of drought or sickness and by barren women."

Alhoewel die Bantoe hom dus as algeheel minderwaardig, onderdanig aan en afhanklik van God beskou, kan nie sonder meer die afleiding gemaak word dat hy hom aan God verantoowrdelik voel vir die gestalte wat sy lewe hier op aarde aanneem nie. Verskeie ander aspekte van die Bantoe se geloof dien, vanuit die gesigspunt van verant=woordelikheid gesien, as 'n skans tussen hom en sy God. Die belangrikste van hierdie aspekte is naamlik dat die Bantoe sy God nie belewe as 'n eisestellende mag wat norme stel waaraan die mens moet voldoen nie (Ashton, 1962, p. 118). Die Zoeloe erken wel dat God in die verre verlede sekere norme aan hul voorouers bekendgemaak het aan die hand waarvan die mens moet lewe. Hulle erken egter ook dat hulle die meeste van daardie norme nie meer ken nie (Mbiti, 1970, p. 175). God word dan ook nie deur die tradisioneel georiënteerde Bantoe belewe as 'n regter aan wie verantwoording gedoen moet word ten aansien van die gestalte wat die lewe op aarde moet aanneem nie (Parrinder, 1969, p. 45). Voorts glo die Bantoe ook nie dat die mens in die hiernamaals sal boet vir dit wat hy gedurende sy aardse lewe gedoen het nie. Hy glo wel onwrikbaar aan 'n lewe in die hiernamaals, dog vir sy wandade gedurende sy aardse lewe boet hy gedurende sy aardse lewe. Die verhouding van die Swartman tot God som Mbiti (1970, p. 219), soos volg op: "We have shown that people seek after God's help and attention through prayers, invocations, sacrifices and offerings. They believe that he responds and helps them. This search after

his attention is utilitarian and not purely spiritual; it is practical and not mystical. As far as our sources are concerned, African peoples do not 'thirst after God' for his own sake alone. They seek to obtain what he gives, be that material or even spiritual; they do not seem to search for him as the final reward or satisfaction of the human soul or spirit." Ten aansien van die tradisioneel georiënteer= de Basoeto se godsbegrip skryf Ashton (1962, p. 119), ook: "... their belief in God does not portray Him as a being to whom one should, or could, pay personal devotion; still less does it indicate Him as the personification or representation of the Ideal to be striven for, for its own sake."

Die beginsels waarvolgens die Swartman aan sy lewe gestalte moet gee en die norme wat hy moet gehoorsaam is volgens hulle geloof in die verre verlede deur God aan hulle voor= ouers bekendgemaak. Hierdie beginsels en norme word vergestalt in die gewoontes en gebruike van die volk (Parrinder, 1969, p. 44). Engelbrecht (s.j., p. 14) skryf ten aansien hiervan soos volg: "Die verlede vorm 'n praktiese en etiese raamwerk; 'n bron van kennis waaruit geput kan word vir die hede. Aan hierdie historiese wêreld van die voorvaders, die mense wat 'n sinvolle grondstruktuur vir die daaglikse bestaan geskep het, heg die Bantoe nog groot waarde. Dit is die wêreld waarheen hy sal gaan ná die dood. Hieroor het hy geen twyfel nie; hy is nie vasgevang in 'n teologie van eskatologiese verwagtinge en 'n ingewikkelde sisteem van etiese voorskrifte en kodes nie." Die stamhoofde, oudstes binne die stam asook die afgestorwe voorvaders waak oor die stamgewoontes en tradi= sies. God word nie beleef as die uiteindelike vervuller van die mens se bestemming nie en daarom word hy ook nie beleef as die gesag aan wie verantwoording gedoen moet word ten aansien van die gestalte wat die lewe hier op aarde moet aanneem nie. Vir die Bantoe strek verantwoorde= likheid dus nie uit na die toekoms nie. In der waarheid beteken die toekoms vir die Bantoe 'n terugkeer na sy voorvaders, dus wesenlik na die verlede.

## 2.3 DIE GODSBEGRIP BY DIE VERWESTERSE BANTOE

Die koms van die Christendom het tot gevolg gehad dat die tradisionele godsbegrip by die Bantoe, (ook die tradisioneel georiënteerde Bantoe), verander het. Pauw (1969, p. 61) skryf byvoorbeeld soos volg: "It is evident, however, that

there was no extensive cult of Qamatha in pre-Christian times, and that he was conceived of as a distant God with whom man has hardly any direct contact. This idea has changed considerable and even Red Xhosa nowadays speak of praying to Thixo and asking his forgiveness, but they themselves interpret Christianity as involving a closer relationship with God than that which they recognize." Die werke van Ashton (1962, p. 117) en Schutte (1974, p. 126) bevestig ook dat die Bantoe-Christen God beskou as nader aan die mens en bereikbaar deur die gebed. Dit wil egter voorkom of in die Bantoe-Christen se godsbeskouing nog kenmerke oorgebly het van die tradisionele godsbeskouing van die Bantoe. Die Xhosa-Christen vind dit byvoorbeeld moeilik om aan God te dink as 'n drie-enige God. Pauw (1969, p. 63) skryf ten aansien van hulle beskouing oor Christus soos volg: "He appears more separate from, than one with God the Father, and more subject to than equal with Him. In as far as Christ is given prominence, it is rather as the great ancestor of the Church than as the second person in the Trinity." Erasmus (1970, p. 103) skryf ten aansien van die Tswana: "Die oortuiging by die Tswana dat Modimo die God van die Christendom is, is dus slegs 'n erkenning dat Modimo die 'hoogste' is, net soos wat die God van die Christendom as die hoogste gepreek word." Die godsbegrip is met ander woorde, nie volledig losgemaak van die tradisionele godsbegrip en die geloof in die voorouer=geeste nie. Die vraag is nou in hoeverre die Westers georiënteerde Bantoe God aanvaar as die Persoon aan wie hy in die laaste instansie verantwoording moet doen oor die gestalte wat sy lewe hier op aarde aanneem.

Uit literatuur wat geraadpleeg is, wil dit voorkom asof die Bantoe-Christen hom hoofsaaklik ten aansien van sy morele gedrag verantwoordelik teenoor God voel (Pauw 1969, p. 64). Die utiliteitsgedagte vorm ook blykbaar nog 'n sterk komponent van die geloof in God. Pauw (1969 p. 63) haal byvoorbeeld die volgende gebed van 'n Bantoe ouderling in die N.G. Kerk op 'n biddag vir reën aan: "Lord we are here in agony. Your earth is blank. Father we ask you to draw up your clouds from the sea. Yes we know there is no other who can help us except you ... There is nothing we can do, and meanwhile time is moving on. We have done this Lord to come nearer to You, coming with our diverse affairs to lay them at your feet ... we are in conflict with your earth. Here are your children opening

their mouths like little birds, saying: Let your rain of peace descend by this afternoon" (p. 63). Die afwesigheid van 'n skuldbelydenis herinner aan Mbiti (1970) se siening: "The search after his attention is utilitarian and not purely spiritual" (p. 219). Die vermoede dat die Bantoe-Christen se godsbeskouing nie volledig gesuiwer is van sy tradisionele beskouinge nie, word verder verstrek deur Schutte wat soos volg skryf: "Hierdie bewering (deur een van Schutte se informante) dui oënskynlik daarop dat die ge=bed 'n kanaal sou kan wees waarlangs bonatuurlike krag na die mens gelei sou kan word" (p. 128).

Die ondersoek van Möller (1972) bevestig ook dat die Westers georiënteerde Bantoe en selfs die Bantoe-Christen se godsbegrip nog baie ooreenkoms toon met die tradisionele Bantoe-godsbegrip. Hy skryf byvoorbeeld soos volg: "In die geheel blyk dit dat hoewel God, waarskynlik veral deur middel van die Christendom sterker as persoon na vore gekom het, as in die tradisionele voor-Christelike beskouing, Hy nogtans nie baie nader aan die mens gekom het nie. Die afstand word nog steeds opgevul met verwagtings rondom die voorouergeeste en magiese middele, ook van die kerk" (p. 85). Meer spesifiek ten aansien van die arbeidsituasie kom Möller (1972) tot die volgende gevolgtrekking: "Ten opsigte van die begrippe rondom werk en voorspoed, kan dus saamgevat word deur te beweer dat daar ten spyte van heelwat verwysings na God min direkte belangstelling of bemoeiing van God verwag word. Hierdie afsydigheid word vir vele oorbrug en opgevul deur die voorouergeeste terwyl magiese manipulasies nog steeds 'n rol speel. Die mens se eie vermoë tot die uitwerk van sy voorspoed met of sonder 'n seën van God, neem ook beduidende omvang aan veral onder lede van die ortodokse kerke met Blanke kontak.

Die beskouinge van die jeuginformante oor hierdie aangeleent=heid toon soveel ooreenkoms met die ouer groepe dat 'n onderskeidende tendens tot op hierdie stadium nie kan aangetoon word nie" (p. 86).

Ten aansien van die Westers georiënteerde Bantoe se beskouing oor sonde en straf bevind Möller (1972) dat: "In die lig van die mensbeskouing dat van die huidige geslag die meeste sleg is, is dit belangrik dat in die beskouing altyd na ander verwys word. Die slegte is nooit van toe=passing op die spreker nie" (p. 88). Voorts beweer Möller:

"'n Redelike mate van vaagheid oor die betrokkenheid van God by sondevergiffenis en straf word opgemerk. 'n Afsydig=heid wat gepaard gaan met 'n gebrek aan verantwoordelik=heidsbesef teenoor God is hierin op te merk" (p. 88).

Dit blyk dus geregverdig te wees om die afleiding te maak dat die oorgrote meerderheid Westers georiënteerde Bantoe God slegs as 'n begrip op intellektuele niveau ken. God vorm nie fundamenteel deel van sy leefwêreld nie en daarom word God ook nie beleef as die transendentale opdraggewer aan wie verantwoording gedoen moet word nie. Vir die oorgrote meerderheid Westers georiënteerde Bantoe word die plek van God in die struktuur van verantwoordelikheid deur die voorouergeeste gevul.

## 2.4 DIE VOOROUERGEESTE

Die Bantoe se geloof in sy voorouergeeste vorm die belang=rikste aspek van sy religieuse lewe. Vir 'n volledige begrip van verantwoordelikheid by die Bantoe is dit dus nodig om ook vooraf duidelikheid te verkry oor sy verhouding met die geeste van sy afgestorwe voorouers.

Die Bantoe sien die mens as 'n tweedimensionele wese bestaande uit 'n verganklike liggaam en 'n onverganklike gees. Oor die aand van die gees skryf Ashton (1962, p. 112) soos volg ten aansien van die Basoetogeloof: "The spirit is not regarded as a motor or vital force, which keeps the body going and whose withdrawel would cause it to decay. When death occurs and the body ceases to function, the spirit departs from it."

Wanneer 'n persoon sterf, verlaat sy gees die liggaam. Die feit dat die gees na die hiernamaals vertrek, beteken egter nie dat verbindinge met die aardse en veral met sy oorlewende familie, verbreek word nie. Bruwer (1963, p. 129) skryf ten aansien hiervan: "In hierdie mosima - soos die Suid-Sotho die hiernamaals noem - sal die geeste van die gestorwenes dieselfde bedryfsvorme beoefen as op aarde en hulle sal dieselfde status beklee. Hulle verband met die samelewing word ook nie verbreek nie, en hulle bly 'n invloedryke hoewel onsigbare deel van die sosiale groep."

Hierdie geloof in die voortbestaan van die voorouergeeste omvat 'n wederkerige verantwoordelikheid, naamlik die verantwoordelikheid van die voorouergeeste vir die welsyn van die oorlewende nageslag en dan die verantwoordelik=heid van die oorlewende nageslag teenoor, en vir die welsyn van die voorouergeeste. Die voorouergeeste het naamlik in hulle lewe in die hiernamaals ook bepaalde fisiese en sosiale (kulturele) behoeftes wat deur die optrede van hul oorlewende nageslag beïnvloed word. Die voorouergeeste kan (volgens geloof), doelbewus 'n magtige invloed uitoefen op die lewens van hul nageslag. Hierdie invloed is nie altyd ten goede nie en daarom vrees die Bantoe die voorouergeeste en "... if they find themselves dreaming of their kinsmen and friends and brooding over their death, they resort to various rites to stop it" (Ashton, p. 114). Aan die ander kant egter kan die lewende hom ook tot metodes wend om daardie voorouergees wat nie die lewensgang van sy nasate hier op aarde gunstig beïnvloed nie, kragteloos te stel (Tempels, 1946, p. 35).

Parrinder (1969) wys daarop dat vir die Bantoe, sy voor=ouergeeste werklikhede is wat deel van die alledaagse lewe vorm. Hy skryf soos volg daaroor: "The ancestors are not just regarded as part of a man's experience only: they have life and power in themselves, they are dead per=sons who survive as real and immortal beings. The profound conviction of the vitality and continuity of the dead as a great cloud of witnesses cannot be explained in African terms, as a simple experience of the survivors. Even if this were a scientific explanation it would not be what people believe" (p. 84).

Ook Bruwer (1963) wys op die werklikheidstatus wat die voorouergeeste vir die Bantoe het. Hy skryf daaroor soos volg: "Die talle gebruike verbonde aan die dood en die begrafnis beklemtoon die feit dat die dood vir die Bantoe nie die einde van alles beteken nie. Dit is alleen maar 'n liggaamlike skeiding van die aardse bestaan en 'n nuwe begin in die geesteswêreld wat in baie opsigte voor=gestel word as 'n volmaakte weergawe van die aardse lewe. Die geeste het ook hulle drange en behoeftes, en die sosiale verband tussen hulle en die aardse bewoners word behou; vandaar die plegtighede in verband met hulle verering (p. 125).

Die sosiale status van 'n voorouergees in die geesteswêreld word sterk beïnvloed deur die doen en late van sy nageslag hier op aarde. Die lewende nageslag het dan ook in hierdie sin 'n verantwoordelikheid teenoor die voorouergeeste, 'n verantwoordelikheid wat hoofsaaklik die gehoorsaming aan tradisionele, sedelike en morele norme behels. In hierdie sin vervul die voorouergeeste dan die rol van dissipline=rende en behoudende gesag. Ten aansien van die tradisioneel georiënteerde Xhosa skryf Mayer (1971) byvoorbeeld: "The ancestors are always pulling the migrant back - back to his home and back to the ways of his ancestors" (p. 150). Alhoewel die tradisioneel georiënteerde Xhosa glo dat sy voorouergeeste naby sy (die Xhosa se) tuisstat op die platteland woon, glo hy ook dat afstand geen grens vir die voorouergeeste vorm nie. Die voorouergeeste kan hul lewende naaste oombliklik by enige plek op aarde bereik. Dit beteken dat 'n tradisioneel georiënteerde Xhosa nie sy verbintenis met sy voorouergeeste verbreek deur te verhuis, byvoorbeeld na groot stede of dorpe nie. Hy kan egter wel sy verbintenis met sy voorouergeeste verbreek deur die tradisionele lewensnorme te verwerp. "The spirits resent insult and neglect; they are quick to feel when a man 'does not want' them, and they retaliate by 'not wanting' him" (Mayer, 1971, p. 156).

Die verantwoordelikheid van die voorouergeeste behels dan enersyds dat hulle sal waak oor die tradisies van die stam en andersyds dat hulle sal waak oor die wel en wee van die lewende nageslag wat getrou bly aan die stamtradisies. Die beskerming wat die voorouergeeste aan sy nageslag verleen, het betrekking op aangeleenthede wat van primêre betekenis vir die Bantoe in sy alledaagse lewe is, byvoor=beeld siektes, onvrugbaarheid by vroue, finansiële gewin, werktoestande en sosiale status. Dié beskerming is egter voorwaardelik: ".... the spirit's guardianship is condi=tional, much as that of a living parent is conditional. One has to earn it by acting rightly" (Mayer, 1971, p. 155). Korrekte handelswyse beteken vir die tradisioneel georiën=teerde Xhosa dat hy op 'n wyse moet lewe wat die goedkeuring van die gemeenskap wegdra. Mayer (1971), skryf in hierdie verband soos volg: "What the ancestors particularly care about, in the Xhosa scheme, is the good name of their own family - a concept which only has meaning when the family is considered in relation to the community and its opinions" (p. 156). Die goeie naam van die nog lewende familie beïnvloed ook die posisie van die voorouergeeste in die

geesteswêreld: "The spirits are shamed by the wrong behaviour in their descendents because the behaviour of those descendents reflects their own (the spirits') moral and disciplinary powers" (Mayer, 1971, p. 157).

Die beskouing met betrekking tot die voorouergeeste het dus betekenis vir die struktuur van verantwoordelikheid, dog net vir sover verantwoordelikheid by die tradisioneel georiënteerde Xhosa binne tradisionele lewensverband tot verskyning kom. Buite die tradisionele lewensverband verdwyn die betekenis van die voorouergeeste uit die struktuur van verantwoordelikheid of word dit minstens verduister of meer op die agtergrond geskuif. Mayer (1971) skryf in hierdie verband: "In human terms, the concept of the spirits constitutes a fully effective conscience only in proportion as the individual remains an acknowledged member of his community and/or the Red section ... He passes beyond their (the spirits) reach the moment he throws in his lot with something or someone else: a church, a forgiving Jesus, a welcoming circle of town or school friends. It is only to the faithful, who stay within the Red fold, that a tale of personal calamity can spell out the lesson of the might of the Red ancestors and their terrible retaliation" (p. 160).

Die vraag is egter of die konsep van voorouergeeste, of die geloof in die voorouergeeste, werklik as 'n effektiewe stukrag vir die gewete van die tradisioneel georiënteerde Bantoe gesien kan word. Ten aansien van die tradisioneel georiënteerde Basoeto skryf Ashton (1962) in hierdie verband soos volg: "The old religion had little concern with conduct except as regards the observance of certain rites and kinship obligations, and its influence was retrospective rather than prospective: if a person wanted to shirk his obligations, he did so without thought of the gods, and they only affect his behaviour if later they showed their displeasure and induced him to make amends" (p. 118). Ook ten aansien van die tradisionele Xhosa kan die gevolgtrekking gemaak word dat die konsep van voorouer=geeste eerder as 'n plaasvervanger vir die gewete geld en nie soseer dien as 'n fundamentele stukrag vir die gewete nie. Die voorouergeeste beïnvloed eers die persoon se gedrag wanneer hulle (die geeste), hulle ontevredenheid toon, byvoorbeeld wanneer die persoon of een van sy familie siek word of wanneer finansiële rampe dreig. Die geloof in die

voorouergeeste begrens die werking van die gewete tot duidelik omskryfbare "gedragspatrone" wat deur die groep onderskryf word. Buite die tradisionele groepverband kan die geloof in die voorouergeeste die werking van die gewete by die tradisievaste Xhosa ernstig rem of verwar. Die tradisievaste Xhosa neig om verantwoordelikheid vir wat met hom gebeur en ook vir sy handelinge (of passiwiteit) op bemoeiinge deur die voorouergeeste af te skuif. Pauw (1969) skryf byvoorbeeld: "One of the stereotypes of ancestrally caused misfortune, then, is that of efforts which always fail, whether in the home or at work, in family life or economic activities. .... Under rural conditions failure may take the form of losing or being without stock, or of stock failing to increase. In town the inability to 'keep money' the squandering of earnings or profits is a typical instance of ancestrally caused misfortune. Unemployment or losing a job are also typical examples" (p. 135).

Persoonlike voorspoed daarteenoor, word ook aan die bemoeiinge van die voorouergeeste toegeskryf (Pauw, 1969, p. 137). Na aanleiding van die voorgaande kan tot die gevolgtrekking gekom word dat eie inisiatief, toegewyde taak=verrigting en verantwoordelike besluitneming en handeling, grootliks deur die geloof in die voorouergeeste verduister kan word.

## 2.5 VOOROUERAANBIDDING BY DIE WESTERS GEORIËNTEERDE BANTOE

Die vraag ontstaan of die Bantoe se voorouergeeste uit sy geloofsisteem verdwyn wanneer hy verwesters. Die beskouinge met betrekking tot die voorouergeeste het geen plek in die Westerse kultuur nie en bots veral lynreg met die Christelike leerstellings. Daar kan dus verwag word dat die Westers georiënteerde Bantoe wat 'n redelike onderwyspeil bereik het en wat tot die Christendom bekeer is, die geloof in die voorouergeeste sal verwerp. Dit blyk egter nie die geval te wees nie. Die ondersoeke van Pauw (1969), Schutte (1974), Möller (1972) en Erasmus (1970) bevestig dat die oorgrote meerderheid Bantoe-Christene nog in die bestaan van die voorouergeeste glo. Pauw (1969) se ondersoek bring ook aan die lig dat onder die Xhosa, hoë onderwyskwalifikasies nie meehelp om die geloof in die voorouergeeste te onder=myn nie.

Die vraag ontstaan nou of daar enige wesenlike verskille aangetoon kan word tussen die tradisionele geloof in die voorouergeeste en die Westers georiënteerde Bantoe se geloof daarin. Vroeër is reeds aangetoon dat die tradi= sionele Xhosa glo dat sodra 'n persoon sy rug op die stam= tradisies keer en hom tot die Westerse kultuur wend, hy buite bereik van sy voorouergeeste tree. Dit is egter nie wat die Westers georiënteerde Bantoe-Christen glo nie en sy geloof in die lewende voorouergeeste bestaan voort naas sy geloof in God. Möller (1972, p. 91) skryf byvoorbeeld soos volg: "Vir die huidige Bantoe in die stad is die begrip van die voorouergeeste as voorsprake of tussengangers by God 'n bekende aanvaarde begrip en slegs 'n baie klein minderheid het byvoorbeeld in die opname beweer dat nie gepraat kan word van die voorouergeeste as tussengangers in die weg na God nie." Daar moet nou nagegaan word wat die aard van die verhouding tussen die Westers georiënteerde Bantoe en sy voorouergeeste is en of hierdie verhouding die verskyning van verantwoordelikheid by die Bantoe fundamen= teel kan beïnvloed.

Binne die moderne Bantoegemeenskap raak die instandhouding van stam- en familiegroeperinge feitlik onmoontlik. Die indiwiduele Bantoe skakel by ander maatskaplike groeperinge in, soos byvoorbeeld die kerk of sportklubs. Die dissipline= rende invloed van die voorouergeeste, naamlik om die indiwidu by sy stam- en familietradisies te hou, vervaag dus. Die voorouergeeste verdwyn egter nie uit hulle geloofsoortuigings nie, maar hulle word vir elke persoon in sy indiwiduele hoedanigheid binne die nuwe maatskaplike opset, belangrik. Möller (1972) wys byvoorbeeld op die moontlikheid "... dat die groter beklemtoning wat individuele verhoudinge in die huidige stadsituasie kry, teenoor die bestaande tradisionele verhoudinge, ook 'n verskil bring in die tipe verhouding wat met die voorouers beleef word" (p. 129). Die voorouers kan steeds vir die indiwidu voordeel of rampe bewerkstellig. Pauw (1969) skryf egter hieroor: "Altogether it seems that the 'malevolent' role of the ancestor, their sending mis= fortune to punish or complain have moved far into the background in the stable rural Christian communities, although it is still fully recognized in popular dogma" (p. 133).

Terreine waarop die voorouergeeste in 'n mens se lewe kan inmeng, strek oor die hele spektrum van die kultuurlewe. Pauw (1969) noem die getuienisse van 'n aantal Bantoes in sy ondersoekgroep, om aan te toon hoe en ten aansien waarvan

die voorouergeeste in die individu se lewe ingryp. Vir die doeleindes van hierdie studie is veral die volgende betekenisvol: "A successful urban bussiness woman ascribed the dissipation of her profits to the fact that she did nothing to thank her ancestors responsible for her success. They had therefore, allowed her to lose her profits in a manner of which she could not give account. Another urban worker said his ancestors were the cause of his difficulties at work" (p. 134). Möller (1972) haal ook 'n oud-ouderling in die NG-kerk soos volg aan: "Ek het as assuransie-agent gewerk en vir drie jaar van die huis af weggebly. (Hiermee bedoel hy die grafte van sy ouers te Botswana.) Gedurende daardie periode het ek nie geweet wat met my salarisgeld gebeur nie. Maar nadat ek huistoe gegaan het, en my ouers tevrede gestel het, kon ek sien wat ek met my geld maak" (p. 92). Geloof in die voorouergeeste kan dus neig om die verskyning van outentieke verantwoordelikheid te blokkeer.

Oor die geloof in die voorouergeeste onder belydende lidmate van 'n Bantoegemeente aan die Rand skryf Schutte (1974) soos volg: "Drie-en-veertig persent het ons meegedeel dat hulle gereeld tot die voorouers bid ... Die feit dat die gebed en die offerande by die res nie voorkom nie, beteken nie in werklikheid dat hulle nie aan die voorouers se bestaan en bystand glo nie " (p. 131). Verderaan skryf hy oor die gebed onder die lidmate van dié kerk soos volg: "Die feit dat hy hom in die gebed tot die voorouers rig, is 'n duidelike bewys van die godsdienstige erns waarmee hy die kontak met die voorouers sien" (p. 131).

Möller (1972) vind dat slegs 'n geringe persentasie van die Bantoes wat by sy ondersoek betrek was, nie aan die bestaan van voorouergeeste geglo het nie. Ten aansien van dié groepie skryf hy: "Die genoemde voorbeelde het een faktor in gemeen, naamlik dat hulle almal in huise groot geword het waar die ouers nie in die voorouerkultus geglo het nie" (p. 112).

Schutte (1974) bied die volgende verklaring vir die voortgesette geloof in die voorouergeeste onder die Bantoe-Christen aan: "Die individuele lidmaat oefen dus deur sy offers en gebede kontrole uit oor sy omgewing (in uitgebreide sin) wat hy nie altyd onder sy beheer het nie. In sy voorouers ervaar hy die uitbreiding van sy eie mag en invloed, vind hy die hoop om oor sy magtelose self in

die stadsituasie uit te styg en verkry hy terselfdertyd selfvertroue in die daaglikse lewe. Die lidmaat slaag natuurlik nie altyd daarin om deur middel van sy voorouers die ongeordenheid en disorganisasie in sy lewe of die lewe van sy gesin op te hef nie. Tog bied die voorouer=geloof aan hom 'n sekere mate van sekerheid in soverre hy daardeur ook in staat is om te verklaar waarom hierdie herstel in sy lewe nie plaasvind nie. As hulp uitbly, skryf hy dit toe aan die willekeur van sy ouers of 'n begane fout of misdryf, bewus of onbewus, aan sy kant" (p. 148).

Volgens die beskouing van 'n groot deel van die Westers georiënteerde Bantoe het die voorouergeeste 'n belangrike invloed op die ontplooiing van die persoonsmoontlikhede. Möller (1972) skryf byvoorbeeld: "God is die gewer van die lewe, maar tog het die voorouergeeste 'n groot aandeel in die seriti of isithunzi (skaduwee of persoonlikheid). Beskouing in verband met hierdie seriti is dat dit jou 'n aansien onder die mense gee, of ook 'n vermoë om in sport te presteer of goed te kan werk in die daaglikse werk" (p. 129). Selfs die mees oorspronklike verantwoordelikheid, naamlik die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van die eie persoonsmoontlikhede word dus gedeeltelik op die voorouergeeste afgeskuif. Daar is verder ook geen aanduiding dat die Bantoe 'n besondere skuldgevoel beleef wanneer hy hom tot sy voorouers wend nie. Möller (1972) skryf byvoorbeeld: "Dit blyk ook dat daar min sprake is van 'n besondere skuldbelydenis terwyl ook nie aan die offer gedink word as 'n soort sondebok op wie die sonde sou oorgaan nie. Bruwer beskryf die offer by die Bantoe as 'n soenoffer, as die belangrikste medium vir skakeling met die voorouers om die harmonie tussen die aardse bewoners en die geesteswêreld as hulle seniors te bestendig" (p. 154). In die offer tot die voorouers is daar dus weinig sprake van 'n skuldbelydenis op grond van byvoorbeeld pligversuim. Möller (1972) meld verder ook die volgende: "Omdat daar min sprake is van skuldbelydenis en selfonder=soek en dat die verwagting grootliks gerig is op die magiese herstel of bevestiging van verhoudinge, kan beweer word dat eie persoonlike verantwoordelikheid tot 'n groot mate in die offerrituele ontduik word" (p. 160).

Uit die voorgaande besprekings en aanhalings blyk dus dat die geloof in die voorouergeeste neig om die verskyning van egte verantwoordelikheid by die Westers georiënteerde Bantoe te blokkeer.

## 2.6 MAGIESE BESKOUINGE EN TOORPRAKTYKE

Die Bantoe se geloof in God en in sy voorouergeeste word aangevul deur 'n verdere geloofsisteem wat in verband staan met magiese kragte of onpersoonlike supernaturalisme. Bruwer (1963) skryf hieroor: "Hierdie magiese faktor beliggaam vir die Bantoe 'n nie-spesifieke, gestaltelose krag wat in toormiddels aanwesig is. Dit is 'n krag wat ten goede of ten kwade aangewend kan word en is hanteerbaar deur diegene wat die toorkuns magtig is" (p. 139).

Binne die Bantoesamelewingsverband vind hierdie geloof in 'n onpersoonlike magiese of toorkrag vergestalting in 'n twee=polige struktuur, met aan die een kant diegene wat die toorkrag tot voordeel van die indiwidu en die gemeenskap aanwend en daarteenoor diegene wat die toorkrag tot nadeel van die indiwidu en/of die gemeenskap aanwend. Diegene wat die toorkrag tot voordeel van die indiwidu en gemeenskap aanwend, staan bekend as toordokters, terwyl diegene wat dit tot nadeel van die indiwidu en/of gemeenskap aanwend, bekend staan as toornaars. Ten aansien van die toordokters skryf Bruwer (1963) soos volg: "Hierdie toordokters is dan in werklikheid die skakel tussen die samelewing en hierdie onsigbare mag. Soms is hulle feitlik beklee met 'n priesterlike gesag wat die magiese element in die rituele plegtigheid beheer. In elke toordokter is daar dan ook 'n konsentrasie van magiese vermoë om dinge te verstaan, te interpreteer, te voorkom en te beheer. Hy besit die uitsluitlike mag om die onpersoonlike super=naturalistiese krag, waarin almal glo maar waaroor min beheer het, in te span en te gebruik. Om dié rede het die toordokter ook altyd aansienlike invloed in die samelewing. Hy is die bron van beskerming en sukses, die mistieke figuur wat beweeg op die terrein van die onsig=bare magiese wêreld. Sy woord is wet en op hierdie terrein word hy alleen oorskadu deur die opperhoof wat, op grond van sy eie ereposisie, feitlik altyd beskou word as die hooftoordokter van die volk" (p. 140).

Tradisioneel het daar twee soorte toordokters bestaan wat elk op 'n eie gespesialiseerde terrein opgetree het:

(a) Die medisynedokters het medisyne verskaf wat bestand=dele bevat het wat met magiese krag belaai was. Hier=die medisynes het bestaan uit plante en/of dele van dierlike liggame en/of dele van menslike liggame en/of

voorwerpe wat as amulette aan die liggaam gedra word. Die medisynedokters se taak was hoofsaak=lik die genesing van siekes.

(b) Die divinasiedokters of waarsêers het hulle hoof=saaklik toegelê op die diagnosering van onverklaar=bare verskynsels. Bruwer (1963) skryf: "Hulle ontleed die oorsake van bepaalde gebeure en vertolk die boodskappe van die voorouergeeste. Hulle maak gebruik van divinasievoorwerpe soos dolosse, of verklaar die onbekende deur hul besondere sienerskrag. Hulle kan ook voorskryf wat in krisistye gedoen moet word om die gevare af te wend. Hulle amp is hoofsaaklik die van waarsêers, sieners of profete, maar hulle verskaf ook dikwels die magiese toormiddels wat benodig word vir die bepaalde geval wat hulle diagnoseer" (p. 141).

Bruwer onderskei ook 'n groep toordokter wat beskou kan word as spiritistiese media. Hulle beoefen hulle waarsêkuns deur middel van 'n gees of geeste wat van hulle besit neem en dan deur hulle tot die mense spreek. Daar blyk egter nie 'n wesenlike verskil tussen die werk van hierdie soort waarsêers en dié van die divinasiedokters te wees nie.

Ten aansien van die toornaars word 'n onderskeid gemaak tussen die onbewuste en die bewuste toornaars. Die onbewuste toornaar se toorgees verlaat die liggaam snags om sy verderflike werk te doen, terwyl die persoon self onbewus daarvan bly. Die bewuste toornaar daarenteen maak doelbewus gebruik van kwaadwillige toormiddels om sy slagoffer leed aan te doen (Bruwer 1963, p. 149).

Ten aansien van die Xhosageloof skryf Mayer (1971) dat die toornaar (gewoonlik 'n toornares of heks) sy/haar towery teen mense rig wat hy/sy goed ken.

"In terms of Xhosa myth, the witches cannot work across wide social distances because the familiar (by means of which the evil is wrought upon the victim) has to 'know the victim', 'know his smell', 'recognize him perfectly having lived very close.' A familiar sent out to a victim whom it did not 'know' well enough would miss its target, and might be deflected in some unexpected direction, possibly

back on to the witch herself. It is essential for the witch's own safety that she should know her victim's circumstances intimately and thoroughly. Otherwise he might happen to be a user of strong protective medicine, which would send the familiar flying straight back in 'great anger' to turn upon the witch" (p. 161).

Die tradisioneel georiënteerde Xhosa wat vermoed dat hy die slagoffer van toordery geword het, kan op twee maniere beskerming soek. Eerstens kan hy 'n toordokter om hulp nader wat hom van beskermende medisynes kan voorsien. Daarbene=wens kan hy ook probeer om sy woon- en werkplekke geheim te hou sodat die toornaar(es) se media hom nie kan opspoor nie. In die praktyk kom dit daarop neer dat hy voortdurend van woon- en werkplek verander en dat hy ook sy tradisioneel georiënteerde vriende vermy omdat die media hom moontlik deur middel van sy vriende kan opspoor. Sy geloof in magie neig dus om die tradisioneel georiënteerde Bantoe weg te stoot van sy tradisionele bande en staan dus in lynregte konfrontasie met die voorouergeeste wie se taak dit is om die Xhosa tradisievas te hou.

Die Bantoe se geloof in magie en towery kan seker gedeel=telik toegeskryf word aan sy onvermoë om die totale werklikheid waarmee hy daagliks gekonfronteer word, toereikend te begryp en te beheer. Terselfdertyd egter bied sy geloof in bonatuurlike magte en toorpraktyke aan hom 'n gerieflike betekenisraamwerk aan die hand waarvan hy gebeurtenisse kan verklaar, sodat motivering vir toe=reikender betekenisontdekking en vollediger beheersing van die werklikheid ontbreek. Die tradisioneel georiënteerde Bantoe bly op dié wyse vasgevang in 'n bose sirkelgang. Die verskyning van egter verantwoordelikheid binne hierdie sirkelgang word bykans onmoontlik omdat dit vir hom religieus ontoelaatbaar is om verantwoordelikheid te aanvaar vir gebeurtenisse wat hy op grond van sy geloofsoortuigings aan toornaars of sy voorouergeeste toeskryf.

## 2.7 MAGIESE BESKOUINGE EN TOORPRAKTYKE BY DIE WESTERS GEORIËNTEERDE BANTOE

Ondersoeke bevestig dat by die Westers georiënteerde Bantoe (ook by dié wat reeds die Christelike geloof aanvaar het) die geloof in magie en towery nie verdwyn het nie. Selfs by Bantoes wat tot op hoërskoolvlak (en selfs hoër) onder=

wys ontvang het, kom die geloof in magie en towery nog vry algemeen voor, alhoewel nie só algemeen as by dié met laer onderwyskwalifikasies nie (Pauw 1969, p. 224).

Möller (1972) skryf soos volg ten aansien van die stads=bantoe se geloof in toordery: "Dit blyk dus dat magiese kragte vir die meerderheid van die Bantoe in die stad betekenis het, hoewel die oortuiginge daaromtrent heelwat in sterkte kan verskil. By die onortodokse onafhanklike kerke vorm dit 'n wesenlike deel van die kerklike lewe. Die ortodokse kerke is afwysend daarteenoor maar direkte konfrontering vind min plaas, sodat magiese elemente hier ook in 'n mindere of meerdere mate aangetoon kan word. ... Die betekenisvolle groep, hoewel nog in die minderheid, wat negatiewe ondervindinge met die Bantoedokter en Sioniste=profete gehad het, is waarskynlik ook 'n ondersteuning vir die gedagte dat die sekularisasieproses tog ook 'n invloed het. Die feit dat persone wat kerklik heeltemal onaktief is, ook magiese kragte verwerp, hoewel hulle nog klein in getal is, is 'n verdere aanduiding. Die potensiaal is daar dat die verwerping van die magiese kragte al meer by die nuwere geslagte sal voorkom" (p. 226).

Pauw (1969, p. 239) verskaf die volgende gegewens om die verspreidheid van die geloof in towery onder Xhosa-Christene te illustreer. (Tabel 2.1 het betrekking op antwoorde op vrae oor die maatreëls wat persone behoort te neem in geval van siekte, ongelukke of ander persoonlike rampe.)

TABEL 2.1 : TABEL OM DIE OMVANG VAN DIE GELOOF IN TOWERY ONDER DIE XHOSA AAN TE TOON (VOLGENS PAUW)

| | Urban | Rural |
|---|---|---|
| "Prayer (own, of church people, minister, u Mthandazeli etc.,) | 59 | 41 |
| Consult Xhosa doctor or herbalist or use Xhosa medicine | 77 | 20 |
| Consult medical doctor | 36 | 5 |
| Seek advice from elderly people/relative/ others | 11 | - |
| Attempt to dispel the belief | 7 | - |
| Consult fortune-teller | 3 | - |
| Diverse | 4 | - |
| Do not know | 3 | 1 |
| Size of sample | 180 | 67 |

Pauw (1969) bespreek die voorgaande tabel soos volg: "Here also we must note that only a small proportion advised recourse to a medical doctor although the proportion is larger among urban than among rural informants. The majority of urban informants therefore also seem to regard such illness as being outside the scope of a medical doctor, and some also make this explicit. But this does not necessarily imply acceptance of the belief that Tikoloshe causes illness. From those who advised a Xhosa doctor there were no comments indicating disbelief in the witchcraft myth and it may reasonably be accepted that with few exceptions persons in this category do accept the belief. But of those advising prayer, a num= ber definitely indicated disbelief while a few others spoke of the patient being out of his mind or of praying that the idea should be removed from his mind. On the other hand others advising prayer expressed their belief in witchcraft, so that the persons advising prayer included both believers and sceptics in regard to the witchcraft and sorcery myth. However, there were more in the 'prayer' category of the urban sample who expressed disbelief than in the rural sample. Considering all the pointers our material provides, I shall say that more than half of the urban sample accepted the belief in witchcraft" (p. 240).

Pauw (1969, p. 237) wys voorts ook daarop dat die Xhosa 'n onderskeid tref tussen die oorsake van rampe (byvoor= beeld siekte) wat hom tref en die simptome daarvan. Vir behandeling van die simptome (byvoorbeeld 'n gebreekte been veroorsaak deur 'n ongeluk of ingewandspyne veroorsaak deur siekte) sal sommiges 'n mediese dokter raadpleeg al glo hulle ook in towery. Indien hulle egter vermoed dat die ongeluk of siekte deur 'n towenaar of heks veroor= saak is, sal hulle benewens 'n medikus, ook 'n Xhosa-toor= dokter besoek om medisyne te verkry om die krag van die towenaar of heks te neutraliseer. Meer wetenskaplike kennis wat vandag tot die Bantoe se beskikking is, kon sy geloof in die magie of toorkrag nie vernietig nie. Wetenskaplike kennis en geloof in die mites word met mekaar versoen en in baie gevalle behou die geloof in die mites 'n meer sentrale plek in die leefwêreld as die wetenskaplike kennis. Durand (1970) skryf byvoorbeeld ten aansien hiervan soos volg: "In die persoon van die moderne stadstoordokter ontmoet twee uiterste wêrelde mekaar en sien ons 'n heldhaftige poging om die ou magiese lewensin=

stelling toepaslik te maak op 'n wêreld van wetenskap en tegniek en waar alles blykbaar gereduseer kan word na 'natuurlike' oorsake en gevolge" (p. 93).

Schutte (1974) skryf ten aansien van die stadsbantoe se geloof in towery en magie soos volg: "'Magiese' opvattinge en gebruike bly in die stad voortbestaan. Dieselfde krag=tige middels word aangewend vir doeleindes wat meer by stadsomstandighede aangepas is. Dieselfde dokters word ook hier aangetref" (p. 160). Hy doen verder soos volg verslag oor sy eie empiriese ondersoek: "Die lidmate van Meadowlands onderskei hulle nie sterk van die 'magiese' denke van mense in hulle stedelike omgewing nie. Van die sewentig gemeentelede by wie navraag gedoen is en wat meestal langer as agt jaar lidmate van die Gereformeerde Kerk was, het 91,3 persent nog in die bestaan van boloi (to=wery - sorcery) geglo, 5,2 persent het dit afgewys en 3 persent was onseker" (p. 160).

Volgens Möller (1972, p. 184) het toordery betrekking op baie aspekte van die daaglikse lewe, waaronder veral tussenmenslike verhoudinge en beserings binne die werk=situasie. Hy haal ook 'n voorbeeld aan (p. 202) van 'n meisie wat geglo het dat haar gebrek aan werksywer toe=geskryf kan word aan die feit dat sy getoor is.

Geloof in magie en toorpraktyke kom dus nog redelik alge=meen onder die Westers georiënteerde Bantoe in sowel die stad as op die platteland voor. Waar die Bantoe binne die Westerse samelewingsverband in 'n veel ingewikkelder netwerk van sosiale en arbeidsverhoudinge ingeskakel is, sal ook die rol van towery veel ingewikkelder raak en kan verwag word dat dit ook die verskyning van verantwoor=delikheid by die Westers georiënteerde Bantoe op alle moontlike lewensterreine sal beïnvloed.

## 2.8 DIE NEGER IN DIE VSA

In bepaalde psigologiese denkkringe in die VSA is 'n teorie geformuleer wat motivering (minstens vir sover dit die mens aanbetref) losgemaak het van die meganiese prikkel-reaksie=teorie en dit gefundeer het in wat genoem word "Personal Causation" - vry vertaal "persoonlike inisiatief". De Charms (1968, pp. 269-270) verduidelik hierdie begrip soos volg: "Man's primary motivational propensity is to be effective in producing changes in his environment. Man

strives to be a causal agent, to be the primary locus of causation for, or the origin of his behavior; he strives for personal causation. .... Personal causation of this sort is not to be taken as the motive for all behavior, however. It is an overarching or guiding principle upon which specific motives are built. The environment sets different problems (obtaining food, achieving success, gaining friendship, etc.) that may help to define specific motives for individual behavior patterns. The dimension that underlies all of these is the attempt to overcome the problem through personal causation - the desire to be master of one's fate. If I achieved the goal through my own efforts, my subsequent behavior will differ from my behavior if the goal was presented to me on a silver plate, so to speak. Attaining a goal through luck, chance, or through the benevolent agency of a helper is not the same as doing it myself. The feeling of personal causation can apply to any goal, to any class of goals that help to define a specific motive, and hence is a contributing factor to all motives" (pp. 269-270).

Uitgaande van die veronderstelling dat die mens se strewe na persoonlike inisiatief die mees fundamentele dryfkrag agter sy motiewe vorm, onderskei De Charms dan twee, wat genoem kan word uiterste persoonlikheidstipes, wat hy aandui met die begrippe "Origin" en "Pawn" (p. 273). In Afrikaans beskryf die begrippe "Inisieerder" en "Marionet" toereikend wat bedoel word met die begrippe "Origin" en "Pawn". De Charms (1968) verduidelik die betekenis van dié begrippe soos volg: "An Origin is a person who perceives his behavior as determined by his own choosing; A Pawn is a person who perceives his behavior as determined by external forces beyond his control" (pp. 273-274).

In 'n publikasie getitel The Black Self (1974) benader Wyne, White en Loop die problematiek van self-konsep (veral in die sin van selfrespek) by die Amerikaanse Neger onder andere ook vanuit die veronderstelling dat een van die mees essensiële eienskappe van die mens die feit is dat hy self die inisieerder van sy eie handelinge wil wees. Hulle fundeer hulle standpunt onder andere soos volg: "Western culture generally and American culture particularly relied extensively on the myth of potency to give meaning and direction to life. .... The belief that the individual alone was responsible for his successes or failure became incorporated into the American cultural norm. The dissonance created by this dominant theme of self-potency, which permeates

American culture and promotes a belief in the desirability, even the necessity, of being able to exert control over the environment as against the prevailing realities surrounding the Black man in American society makes this dimension of self-concept one of fundamental importance to blacks.

The central problem for the black self appears to be an under=mining of the sense of responsibility. Certainly many blacks today (and this was true for even more in the past) are convinced that even if they assert their will, their actions will do no good" (p. 47).

Die aangehaalde skrywers wys dan voorts daarop dat die Amerikaanse Neger oor die algemeen persoonstrekke toon aan die hand waarvan hy geklassifiseer kan word as 'n "Pawn" (Marionet). Volgens dié skrywers is hierdie persoonlikheids=eienskap van die Negers die produk van die geskiedenis. Die Blankes, as die grootste en kultureel toonaangewende groep, het die Negers sedert hulle as slawe in Amerika aangekom het, as marionette behandel. Die gevolg was dat die Negers as't ware "gekondisioneer" is om te glo dat hulle uit eie inisiatief niks tot hul eie heil kan bydra nie en dat hulle lewens deur magte buite beheer van hulself gereël is.

Die skrywers waarsku voorts teen die verabsolutering van Inisieerder ("Origin") en Marionet ("Pawn") as persoonstipes. Dit moet slegs gesien word as begrippe verteenwoordigend van twee uiterste pole en die werklikheid word vergestalt in 'n kontinue verspreiding tussen die pole. Verder is die persoonstrekke van die Inisieerder en Marionet ook situasie=gebonde. In een situasie kan 'n persoon dit naamlik beleef dat hy self sy handelinge inisieer terwyl in 'n ander situasie hy dit kan beleef dat wat met hom gebeur, in die hande van magte buite sy beheer geleë is. Skrywer van hierdie studie maak die gevolgtrekking dat wanneer 'n persoon homself oor 'n breë terrein van die lewe as marionet belewe hy sal neig tot 'n fatalistiese lewenshouding, naamlik: "Ek is nie verantwoordelik vir my handelinge nie want die lewensgebeure word deur magte buite myself beheer." Dit is duidelik dat in so 'n geval daar nie sprake kan wees van egte verantwoor=delikheid nie, maar hoofsaaklik net van rekenskap gee aan 'n hoër aardse gesag.

Ten aansien van die Bantoe in die RSA kan dit gestel word dat die neiging tot "Marionet-belewing" en tot fatalisme (dus die afwysing van egte verantwoordelikheid) nie oor= spronklik die uitkoms van sosiale kondisionering is nie. Die oortuiging by die Bantoe dat die inisiatief vir sy eie lewensloop nie in sy eie hande lê nie, word waarskynlik versterk deur sommige aspekte van die politieke, maatskaplike en ekonomiese sisteem in die RSA. In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk is egter aangetoon dat die Bantoe se belewing van homself as 'n marionet oorspronklik in sy geloofsoortuigings setel.

In hierdie ondersoek word die beginsel van persoonlike inisia= tief vir handelinge (wat aanvaarding van volle verantwoorde= likheid vir handelinge impliseer) gefundeer in die Christelike lewensbeginsel wat as oorspronklike opdrag aan die mens soos volg geformuleer kan word: "Vermeerder, onderwerp die aarde en heers daaroor uit dankbaarheid aan God wat jy met jou hele hart en jou hele siel en jou hele verstand moet lief hê, en toon in al jou handelinge dat jy jou naaste lief het soos jouself" (Gen. 1 vers 28 en Matt. 22 : 37-40). Vir die Protestantse Christen impliseer die voorgaande dat hy oorspronklik (in die eerste instansie) geroepe is om sy moontlikhede (potensialiteite of talente) wat hy as gawes van sy Skepper ontvang het, te ontwikkel of te vorm met die oog daarop om die bepaalde take waarin sy roeping uitdifferensieer, uit te voer en om alle besondere pligte verbonde aan elke taak met die volle inagneming van die oorspronklike opdrag te aanvaar. Vanuit hierdie gesigs= punt gesien, vorm verantwoordelikheid dus die grondslag van elke menslike handeling, sy dit spel, sport of arbeid. Vanuit hierdie gesigpunt gesien, beteken "Inisiatief" as omvattende neiging in die persoonlikheid ook onmiddellik die herkenning en aanvaarding van grense. Die "Inisiatief" word begrens deur onder andere die grense wat die eie moontlikhede daarstel, deur lewensbeskoulike oortuigings, deur norme wat geld vir wetenskapsbeoefening, deur sosiale reëls of taboes, en deur reëls wat geld vir sport[illegible]
Dit is dus duidelik dat die oors[illegible]
verantwoordelikheid [illegible]

volle situasies in die RSA ten aansien waarvan persoonlike inisiatief en dus persoonlike verantwoordelikheid vereis word 'n duidelike Westerse begronding en oriëntasie. Hierdie ondersoek het juis betrekking op verantwoordelikheid by die Bantoe wat op grond van sy tradisionele geloofsoortuiging neig om inisiatief af te wys en wat verder neig om homself te belewe as 'n marionet in die hande van persoonlike, lewende voorouergeeste en van onpersoonlike magte (magie) wat gemanipuleer word deur toornaars, hekse en toordokters. Dit sou dus fundamenteel verkeerd wees om die problematiek van verantwoordelikheid by die Bantoe bloot te reduseer tot die houding van die Blanke en die beperkte geleenthede wat vir die Bantoe beskikbaar is. Die huidige politieke, ekono=miese en maatskaplike opset binne die RSA kan moontlik 'n remmende invloed op die ontwikkeling van 'n positiewe self=konsep by die Bantoe en dus op sy sin van verantwoordelikheid binne die Westerse kultuurverband hê. Die houding van die Blanke en die beperkte beskikbare geleenthede is egter nie onderliggend aan die probleem nie en 'n verandering in die houding van die Blanke en die skepping van meer geleent=hede vir die Bantoe sal alleen tot positiewe resultate lei indien dit gepaard gaan met (liewer voorafgegaan word deur) heroriëntering by die Bantoe ten aansien van sy geloof.

... toebetening.
...nklike, begrondende
selfverwerkliking, begrens en gekwa=
dit uitdifferensieer in take en pligte.

...aanse samelewing is saamgestel uit 'n verskei=
...ture wat elkeen 'n ontwikkelingstendens in die
van die hoogs geïndustrialiseerde Christelik-Westerse
...ur toon. Algemeen gesproke, toon die mees betekenis=

34

## HOOFSTUK 3

## TEMPORALITEIT AS 'N ASPEK VAN DIE BANTOE SE KULTUUR EN DIE INVLOED DAARVAN OP SY SIN VIR VERANTWOORDELIKHEID BINNE DIE WESTERSE KULTUUROPSET

### 3.1 TEMPORALITEIT

Vir sover dit die verband tussen tyd (of tydsbelewing) en verantwoordelikheid betref, is daar twee onderskeibare aspekte van temporaliteit wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek belangrik is. Die eerste het betrekking op die lewens- en wêreldbeskouing wat direk verband hou met die geloof, terwyl die tweede betrekking het op die lewenstempo wat weer meer verband hou met die lewenstyl.

#### 3.1.1 <u>Temporaliteit as konstituent van die lewens- en wêreldbeskouing</u>

Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing aanvaar as 'n grondgegewene dat die geskiedenis begin het met die Skepping, dat dit 'n liniêre verloop neem en dat dit sal eindig met die bereiking van 'n bepaalde doel, naamlik die vervulling van God se plan met die heelal. Veral die Protestants-Christelike geloof beklemtoon die feit dat ook die aardse geskiedenis deel vorm van God se plan met die heelal en dat die enkeling met verantwoordelikheid beklee is ten aansien van sy persoonlike en in breër verband ook met medeverantwoordelikheid beklee is ten aansien van die aardse geskiedenis in die algemeen. Die religieuse begronding van die Westerse historisiteits=begrip skets Mostert (1974) in die volgende woorde: "Hier=teenoor hou die Bybelse beginsel van Historiese verwerkliking van die bestaan juis in dat die mens in die tyd oorspronklik handel. Hierdie oorspronklike handeling in die tyd is die uitwerking van 'n bestemming wat deur God in die geskiedenis geïnisieer is en in die geskiedenis vervul sal word" (p. 81). Vanuit die gesigspunt van verantwoordelikheid gesien, is ook die volgende woorde van Mostert belangrik: "Israel leer egter nie hierdie wil van God verstaan as 'n onpersoonlike, universeel-dwingende wet nie, maar as 'n verkiesende wil wat 'n bepaalde doel in die geskiedenis uitwerk. Die volk sowel as die enkeling vind sigself voortdurend gekonfronteer met 'n Teenwoordige Wil wat 'n wilsbeslissing ten opsigte van die handeling en spreke

Gods van volk en enkeling eis" (p. 83). Mostert skryf verder soos volg: "Geloof as 'n menslike funksie is wesenlik aanvaarding van hierdie verlossende ingryping van God en gehoorsaamheid aan die roeping wat dit inhou om as 'am Johweh' Gods wil histories te verwerklik. So 'n siening van geloof is tereg deur Eliade verstaan as in sig= self 'n deurbreking van die argaïese struktuur. Dit bring die mens oor vanuit die ruimte van integrasie in die kosmiese orde na die ruimte van kreatiewe vryheid" (p. 84).

Die Westerling se sterk toekomsskeppende ingesteldheid het sy oorsprong in sy geloof en meer in besonder in die Protestants-Christelike geloof. Al die dinamiese lewens= filosofieë (ook dié wat die Christelike leerstellinge verwerp) wat in die Weste ontstaan het, lê dan ook sterk klem op die kreatiewe vryheid van die mens - 'n vryheid wat impliseer 'n vryheid om die natuurlike verloop van oorsaak en gevolg te deurbreek - 'n vryheid verder wat vergestalting vind in die verloop wat die geskiedenis neem. Hierdie kreatiewe vryheid is gerig op die bereiking van 'n doel. Vir die Christen is dié doel die vervulling van God se plan met die heelal. Vir heelwat ander Westerse lewensfi= losofieë is die doel wat nagetrewe word die skepping van 'n humanistiese utopie. Binne die Westerse samelewings= verband word daar voortdurend planne gemaak vir die toekoms en word daar georganiseer en teen 'n bepaalde tempo gewerk om daardie planne tot uitvoer te bring. Die sukses= volle mens in die Weste is dan ook hy wat realisties vir die toekoms kan beplan en wat die nodige stappe kan doen om sy planne ten uitvoer te bring.

Sonder om egter die geloofsbasis van die Westerling se tydsbelewing in aanmerking te neem, bly temporaliteit nog 'n antropologiese synsfeit en omvat temporaliteit hede, verlede en toekoms. Ten aansien van hierdie drie dimen= sies van menslike tydsbelewing doen Lynch (1972) soos volg verslag oor ondersoeke wat in die sestigerjare deur Aaronson in die VSA gedoen is: "Obliterating the present - or both past and future together, of which at least one seems to be required to give the present meaning - caused the most violent reaction. Subjects resisted vigorously or lapsed into catatonia. Present timelessness equaled death or madness. Expansion of the present on the other hand, or of present and future together brought great joy and energy. When the future was made long relative to the past, involvement in the present increased. <u>When</u>

the past was relatively long, the subjects experienced disengagement. Where both past and future were lengthened relative to the present, the subjects seemed to abandon the world of action for daydreams and obsessions" (pp. 133-134) (eie onderstreping).

Die Westerling lewe in die hede. Sy gerigtheid op die toekoms verleen egter sin aan die hede en vorm 'n dinamiese stukrag agter die ontwikkeling van die Westerse kultuur. Die verlede word ook in 'n groot mate vanuit die hede geïnterpreteer. Oor memoriseer skryf Sonnekus (1968) byvoorbeeld soos volg: "Voorlopig moet dan tot die gevolgtrekking gekom word dat memorisering 'n personale synswyse is, as belewing van 'n personale historiese tydsorde, waarin die persoon se historisiteit deur hom in die hede belewe word in kontras met die verlede en die toekoms" (p. 86).

Hoe is dit nou gesteld met die tradisioneel georiënteerde Bantoe vir sover dit temporaliteit as 'n konstituent van sy lewens- en wêreldbeskouing betref? Die tydsbeskouing by die Bantoe word nie op dieselfde wyse gekenmerk deur sikliese herhalinge as wat in sommige Oosterse kulture die geval is nie. Reïnkernasie in terme van die Bantoegeloof beteken dat 'n voorouer, by wyse van 'n spesifieke geesteskrag waaroor hy beskik het en wat hom as unieke mens gekenmerk het, sommige van sy nasate kan versterk. In terme van Bantoereligie kan 'n voorvadergees dus in verskeie van sy nasate herbore word, terwyl die voorvadergees self ongeskonde bly voortleef. Die Bantoe sien egter ook nie die historisiteitslyn as gerig op uiteindelike doelvervulling, die verwesenliking waarvan gedeeltelik ook afhanklik is van sy handelinge nie. Vir die Bantoe word die toekoms vervul in 'n utopie waaraan hy nie kan ontsnap nie, te wete die hiernamaals as die wêreld van die voorouergeeste. Die voorouergeeste lewe in die hiernamaals hoofsaaklik net soos hulle in die verlede hier op aarde gelewe het (Bruwer 1963, p. 125). Vir die Bantoe beteken die bestemming van sy lewe wesenlik 'n terugkeer na dit wat hy uit die verlede ken en daarom is hy dan ook hoofsaaklik gerig op die verlede en veral op die behoud van die tradisies. Die toekoms is vir hom wesenlik 'n herskepping van die verlede. Die Bantoe is dus weinig gerig op die toekoms en voel hom daarom ook nie daarvoor verantwoordelik om vir die toekoms te beplan nie. Engelbrecht (s.j.) skryf byvoorbeeld in dié verband: "Inspekteurs van Bantoeskole met jare ervaring wys daarop dat die

uitwerk van programme en leerplanne weinig sin en doel het. Dit word nie uitgevoer nie"(p. 13). Amptenare met jare er=varing ten opsigte van die opleiding van Bantoewerkers wys ook daarop dat 'n gebrek aan inisiatief wat betref beplanning vir die toekoms waarskynlik die belangrikste rede is waarom daar nie reeds in hierdie stadium aansienlik groter verant=woordelikhede aan Bantoes gegee kan word nie (persoonlike gesprekke). 'n Herhaling van Lynch (1972) se woorde is besonder toepaslik: "When the future was made long relative to the past, involvement in the present increased. When the past was relatively long, the subjects experienced dis=engagement. Where both past and future were lengthened relative to the present, the subjects seemed to abandon the world of action for daydreams and obsessions" (p. 133). Engelbrecht (s.j.) skryf soos volg oor 'n werksituasie wat hy waargeneem het: "Bo op 'n leer sit ander werkers en wag op hom. Hulle gesels rustig soos Homeros se oudstes op die mure oor mooi vroue, oor die dinge wat gister en eergister plaasgevind het. Ek hoor geen woord oor planne vir môre, oor die toekoms nie. ... Die man neem weer die saag. Wat maak dit saak of hy môre, oormôre of volgende jaar klaar sal maak? Waar is die eindpunt en bestemming van alles as mens slegs in die hede en verlede leef?" (p. 7).

Dit is duidelik dat die historisiteitsbegrip by die Bantoe 'n belangrike remming vir hom vorm om egte verantwoordelikheid veral ten aansien van kreatiewe aktiwiteite binne die Westerse kultuurverband te aanvaar.

### 3.1.2 Verobjektiveerde of matematiese tyd

'n Ander aspek van temporaliteit wat van direkte betekenis vir verantwoordelikheid binne die Westerse kultuur is, is die sogenaamde verobjektiveerde of matematiese tyd, beter bekend as horlosietyd. Hierdie is 'n aspek wat eie is aan die Westerse kultuur en is veral kenmerkend van die Prote=stants-Christelike sfeer van die Westerse kultuur. In die geskiedenis kan geen voorbeeld van 'n kultuur gevind word waar die tyd ooit in so 'n mate verobjektiveer is as juis in die Westerse kultuur nie. Die Westerse horlosietyd, naam=lik die indeling van 'n dag in ure, minute en sekondes, is 'n arbitrêre verdeling wat hoegenaamd nie ooreenstem met enige bekende natuurlike ritme nie. Daarom is die "Tydkonsep" soos dit in die Westerse kultuur aangetref word, nie iets wat by 'n kind "ontwikkel" nie. Dit moet doelbewus vir die kind geleer word. Lynch (1972) skryf byvoorbeeld: "Moments do not exist, they are classes of events in which there is

no need to distinguish one event as occurring before another" (p. 120). Die horlosie dien juis om momente wat nie bestaan nie (in die sin dat dit deur geeneen van die sintuie waar=geneem kan word) konkreet-aanskoulik voor te stel as sekondes of gedeeltes van sekondes. Hierdie verobjektiveerde voor=stelling van die tyd dien dan as verwysingsraamwerk vir die beplanning van die eie lewe.

Dat hierdie verobjektiveerde horlosietyd 'n dinamiese ontwik=kelingstukrag binne die Westerse kultuur vorm, is ongetwyfeld waar. Alle handelinge, sy dit arbeid, sport of sosiale verkeer, en soms selfs die lengte van 'n kerkdiens, word onder andere ook geëvalueer aan die hand van tyd as kriterium. Produktiwiteit word gemeet in terme van kwantiteit en kwaliteit gelewer binne 'n bepaalde tydsbestek. Horlosietyd het vir die Westerling reeds 'n fundamentele norm geword aan die hand waarvan hy verantwoording doen vir sy handelinge. Met erken=ning aan Mumford skryf Lynch (1972) byvoorbeeld: "The clock, not the steam engine is the machine of the Industrial age" (p. 127).

Hierdie verobjektiveerde, matematiese tydsbegrip blyk een van die belangrikste wrywingspunte te wees wanneer lede van 'n industrieël minder ontwikkelde kultuur met die Westerse kultuur in aanraking kom. Ten aansien van die situasie binne die skole in die VSA skryf Bazeli (1975) byvoorbeeld: "A fourth difference which handicaps disadvantaged minority group children is adherence to a set of values which do not conform to the Protestant work ethic. Major value differences occur in perception of time utilization, speed, organization and accuracy. Middle class persons use time as a commodity; activities are programmed and scheduled, and appointments are made with a discrete time orientation. Very many persons of other subcultures perceive time as a field in which they are suspended; appointments and attendance are treated with a disfused time orientation. Since schools operate on components of the Protestant work ethic, individuals who do not conform are punished, often by failure" (p. 43).

Ook die Bantoe vind dit moeilik om homself te oriënteer ten aansien van die kunsmatige tydsindeling wat die lewensritme binne die Westerse samelewingsverband bepaal. Engelbrecht (s.j.) skets die verskille tussen die Bantoe en die Westerling in hierdie opsig, treffend soos volg: "Wat opvallend is, is die kalme, rustige en tydsame wyse waarop hulle werk – 'n tydsaamheid wat my onrustig maak. Ek is haastig. Hierdie

en ander werk moet voltooi word. Ek het planne vir vandag, môre, oormôre, vir volgende jaar. My tyd vloei vinnig. Gans te vinnig. Ek leef eintlik in die toekoms. Ek raak bewus van twee tempo's. ... voor my venster is die Bantoewerkers besig. Hulle is nie haastig nie. Twee tempo's lê langs mekaar met slegs 'n glasvenster tussenin" (p. 6).

Nzimandi (1951) bevind in sy ondersoek wel dat die Bantoe besig is om die Westerse tydsbegrip oor te neem namate hy toenemend Westers georiënteerd raak. Hy skryf in dié verband soos volg: "Contact with Europeans is giving the Africans the so-called 'time neurosis' characteristic of Western cul= ture. The African is becoming aware of, and anxious about, the passage of time. He is learning to care about the future, to be anxious about the possible adverse eventualities, and to plan ahead" (p. 5). Vandag, 25 jaar na Nzimandi se ondersoek is daar egter aanduidings dat selfs sommige akade= mies hoog gekwalifiseerde Bantoes, wat ten volle vertroud is met die verobjektiveerde tydbegrip (horlosietyd) tog nog neig tot 'n stadiger, rustiger lewenstempo as wat binne die hoogs geïndustrialiseerde Westerse kultuurverband vereis word, (De Villiers, 1972, p. 47). Die rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die diepgeworteldheid van hul geloofsoortuigings. Dit is duidelik dat hierdie 'n aangeleent= heid is wat bepalend kan wees vir die verskyning van verant= woordelikheid by die Bantoe binne spesifieke werksituasies. Baie min empiriese gegewens oor hierdie uiters belangrike aspek ten aansien van verantwoordelikheid by die Bantoe is egter beskikbaar.

## HOOFSTUK 4

## BETEKENISONTDEKKING AS 'N MOONTLIKHEIDSVOORWAARDE VIR DIE VERSKYNING VAN VERANTWOORDELIKHEID

### 4.1 INLEIDEND

Die Westerse kultuur het 'n belangrike stukrag vir die fenomenale vooruitgang gedurende die afgelope twee of drie eeue in die Protestans-Christelike lewens- en wêreldbeskouing gevind. Een belangrike fondament van die Protestants-Christelike lewens- en wêreldbeskouing is vervat in die eerste Goddelike opdrag aan die mens, naamlik: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen. 1:28). Hierdie opdrag vorm een fondament waarop alle verantwoordelikheid binne die Christe=lik-Westerse kultuur berus. In die eerste instansie impli=seer die opdrag dat die mens sy aangebore moontlikhede om die wêreld te onderwerp en om oor alles wat daarin is te heers, moet verwerklik. Hierdie mees oorspronklike verant=woordelikheid tot die verwerkliking van aangebore moontlikhede is onderliggend aan alle verskyningsvorme van verantwoorde=likheid. Hierdie is so 'n voor-die-hand-liggende basiese waarheid dat verdere fundering daarvan oorbodig is. Hierdie oorspronklike verantwoordelikheid beklemtoon die beslissende rol wat die opvoeding ten aansien van die ontwikkeling van verantwoordelikheid by die mens speel. Die klein kind het die hulp en leiding van sy opvoeders nodig met die verwerk=liking van sy moontlikhede en hy kan geleidelik (namate hy volwasse word) self die verantwoordelikheid vir die vormge=wing aan sy eie lewe op hom neem. Indien 'n kind se opvoeders hierdie verantwoordelikheid maar net gedeeltelik afwys, sal so 'n kind met 'n agterstand groot word wat hy later moeilik, en in baie gevalle glad nie sal kan uitwis nie. Een voor=beeld is affektiewe verwaarlosing van 'n kind wat soms kan lei tot psigopatisering. 'n Kenmerk van 'n psigopaat is juis 'n gebrek aan 'n sin vir verantwoordelikheid.

Hier word nie verder ingegaan op die uitkoms wat opvoedings=verwaarlosing op 'n volwassewordende kind het nie. Die belangstellende leser word verwys na werke van onder andere Bowlby (1968), Weininger (1972), Bronfenbrenner (1975).

Die voorgaande oorspronklike opdrag aan die mens impliseer ook 'n plig tot betekenisontdekking. Indien 'n mens nie die konstituente van 'n bepaalde situasie begryp nie, kan hy nie

op eg verantwoordelike wyse ten aansien van die besondere situasie handel nie. Beheersing verg begryping en vaardigheid. Leer as voorbereiding vir 'n bepaalde lewenstaak behels dus betekenisontdekking én die ontwikkeling van vaardighede. Hierdie twee aangeleenthede vorm die keerkante van die een basiese vorm van verantwoordelikheid, te wete die verwerkliking van aangebore moontlikhede.

In die lig van wat vooraf gesê is, word ook die eerste deel van die oorspronklike Goddelike opdrag, te wete "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde," op 'n besondere wyse gekwalifi= seer. Onbeheerste vermeerdering kan in die huidige tydsbestek alleen as verantwoordbaar belewe word deur diegene wat die tweede deel van die opdrag, te wete "... onderwerp die aarde en heers oor alles wat daarop lewe" misken òf deur diegene wat die opvoeding as moontlikheidsvoorwaarde vir die ont= wikkeling van die aangebore moontlikhede tot heers en beheers misken. Die eise wat binne die moderne Westerse samelewings= verband aan ouers gestel word, beperk die aantal kinders wat hulle tot verantwoordelikheid kan opvoed. Hierdie aangeleent= heid word egter verder aan weer aan die orde gestel. In hierdie onderafdeling word die Bantoe se tradisionele wyse van betekenisgewing gestel teenoor die Westers gefundeerde eise van outentieke betekenisontdekking, met die doel om insig te probeer verkry in die wese van die probleme wat die Bantoe mag ondervind om verantwoordelikheid binne die Westerse kultuur te toon.

## 4.2 DIE WêRELD TOON 'N NETWERK VAN BETEKENISSE

Die wêreld waarin die mens woon, toon 'n struktuur wat vir hom (die mens) verskyn as 'n netwerk van betekenisse. Die mens is geroepe om dié struktuur te ontrafel en betekenis daaraan te gee, of om die betekenisse wat implisiet in die struktuur vervat is, te ontdek om sodoende die wêreld vir homself be= woonbaar te maak òf, anders gestel, om die wêreld aan hom te onderwerp. Dit is bekend dat die wetenskap en veral die natuurwetenskappe 'n fondament van die Westerse kultuur geword het. Verskynsels en gebeure word veelal verklaar in terme van natuurwetenskaplike wette. Deur die toepassing van die kennis van wetenskaplike beginsels is die tegnologie geskep as 'n middel tot die onderwerping van die aarde aan die mens. 'n Neiging bestaan egter in die Westerse kultuur om ook die menslike verwesenlikingswyses eensydig in terme van natuur= wette en veral in terme van oorsaak en gevolg te verklaar. Die bestaan van 'n magdom van empiries-geverifieerde en veri=

fieerbare wetenskaplike kennis wat so kenmerkend is van die Westerse kultuur kan egter nie as 'n fundering vir die verskyning van verantwoordelikheid by die Westerling aanvaar word nie. Dit kan hoogstens dien om 'n groter mate van gedifferensieerdheid ten aansien van die soort verantwoordelikhede wat gedra kan word, te bevorder.

In 'n voorstudie tot hierdie ondersoek is aangetoon dat die ontwikkeling van persoonsmoontlikhede (waarby kennisverwerwing ten nouste vervleg is) die mees oorspronklike verskyningsvorm van verantwoordelikheid en wesenlik die fondament van alle verantwoordelikheid binne elke kultuur, vorm. Kennisverwerwing en daarmee saam die ontwikkeling van persoonsmoontlikhede is egter self 'n verantwoordelikheid wat gefundeer word in die geloof wat onder andere tot verskyning kom in die lewens- en wêreldbeskouing. Die Protestantse Christen fundeer sy verantwoordelikheid tot die ontwikkeling van persoonsmoontlikhede in die oorspronklike Goddelike opdrag tot onderwerping van die aarde aan die mens. Dat hierdie faset van die Protestants-Christelike geloof van ontsaglike betekenis vir die ontwikkeling van die Westerse kultuur was, blyk duidelik uit die volgende woorde van Eliade (aangehaal deur Mostert, 1974): "Faith in this regard means absolute emancipation from any kind of 'natural law' and hence the highest freedom that man can attain: freedom to intervene even in the ontological constitution of the universe" (p. 85).

Mostert wys egter daarop dat geloof in die sin wat Eliade dit sien, wesenlik inhou 'n aanvaarding van die verlossende ingryping van God in die lewe van die mens en gehoorsaamheid aan die roeping wat dit vir die mens inhou om God se wil histories te verwerklik (Mostert 1974, p. 84). Hierdie siening van Mostert impliseer dan ook dat vir die Protestants-Christen sy geloof die fondament vorm van sy oorspronklike verantwoordelikheid, te wete die verantwoordelikheid tot die ontwikkeling van die persoonsmoontlikhede waarmee saamhang egte begryping van die objektiewe werklikheid.

Dat hierdie geloofsbasis van die Westerling se verantwoordelikheid oor 'n wye front besig is om te verkrummel en deur ander oortuigings vervang te word, kan nie betwyfel word nie. Dit word egter nie as van belang vir hierdie ondersoek geag om verder op moontlike ontwikkelinge in hierdie verband binne die Westerse kultuur in te gaan nie. Wat wel van belang is, is dat die reeds genoemde faset van die Protestants-Christelike geloofsoortuiging 'n belangrike stukrag vir ontwikkeling in die

Westerse kultuur gevorm het en in baie lande nog steeds 'n belangrike stukrag vorm. Die Westerling kan alleen verant= woordelikheid vir 'n bepaalde situasie aanvaar indien hy begryp wat alles op die spel is en indien hy oor die moontlikhede beskik om die situasie ooreenkomstig bepaalde norme voortdurend te herkonstitueer. Dit is 'n eis wat ten aansien van elke situasie gestel word, ongeag van hoe eenvoudig of hoe inge= wikkeld die situasie ookal mag wees.

Die eise tot begryping as moontlikheidsvoorwaarde vir die verskyning van verantwoordelikheid geld ook vir die tradisio= neel georiënteerde Bantoe binne sy tradisionele kultuurver= band. 'n Belangrike verskil is egter dat die tradisionele Bantoe se kennisleer radikaal verskil van dié van die Westerling. Sy kennisleer is gefundeer in 'n totaal anderse geloof sodat ook die aard van sy verantwoordelikheidsgevoel radikaal van dié van die Westerling verskil.

Tempels (1940) bied 'n insiggewende uiteensetting van die Bantoe se kennisleer. In aansluiting by sy "kragtefilosofie"- teorie skryf hy soos volg ten aansien van die Bantoe se fundamentele oortuigings: "God kent, hij gaf den menschen de 'kracht' om te kennen. Ieder wezen is kracht en ieder van zij fakulteiten is een kracht, de kracht om te weten en de kracht om te willen.

De menschen kunnen dus weten. Doch eerst en vooral weten de stamouders, de ba-vidye, en onder hen de eerstgeboren, afge= storvenen en levenden. En ook voor de menschen is de echte wijsheid de matafysiek, het inzicht in de krachtenwereld, haar algemeene wetten, haar hiërargie, haar samenhang en onderlinge betrekkingen van kracht tot kracht" (pp. 39 en 40).

Een belangrike beginsel wat van betekenis vir die verskyning van verantwoordelikheid by die Bantoe is, is die posisie van bepaalde persone (byvoorbeeld eersgeborenes) as draers van besondere wysheid bloot op grond van hul afkoms en eersgebo= reneskap. Die krag tot groter wysheid eie aan stamouers en eersgeborenes, behels onder andere groter insig in en kennis van die tradisionele norme aan die hand waarvan elke indiwidu verantwoording moet doen vir sy doen en late. Soos verderaan sal blyk, behels die groter krag tot ken egter in die eerste instansie dieper insig in die grondstruktuur van die kragtewêreld (Biesheuvel noem dit Spiritual Force (Pretoria News, Friday July 16, 1973, p. 12). Op grond van dié diepere

insig is die eersgeborenes dan ook meer bekwaam as ander indiwidue om gebeurtenisse korrek te interpreteer. Namate 'n persoon (benewens die eersgeborenes) ouer word, neem sy wysheid ook toe en daarme saam ook sy verantwoordelikhede binne tradisionele kultuurverband. Ouderdom is dan ook 'n belangrike kriterium vir statusverwerwing onder die Bantoe. Tempels (1946) skryf in hierdie verband: "De jongeren kunnen niet weten zonder de ouderen. Moesten er geen ouderen zijn zeggen de swarten, moesten de jongeren aan zichzelf overge= laten worden, dan zou het dorp te niet gaat, de jongeren zouden niet meer weten hoe te leven, zij zouden, door zich zelf, gebruiken noch wetten kennen, noch wezenskennis kunnen opdoen; zij zouden uit elkaar lopen en verloren gaan.

Persoonlijke studie, of eigen opzoekingen, buiten ouderen om, kunnen geen wijsheid geven. Men kan wel leeren schrijven, rekenen, een auto besturen of een ambacht leeren, doch dit alles heeft met wijsheid niets te maken, het geeft geen on= tologisch inzicht in den aard der wezens, het zijn maar kun= digheden, kinderachtige vernuftigheden die ver beneden de wijsheid" (p. 40).

Blote kennisversameling word dus nie deur die Bantoe gesien as fundamentele verantwoordelikheid nie. Onderliggend aan verantwoordelikheid is wel wysheid, maar soos verderaan sal blyk, word die vermeerdering of vergroting van die wys= heid as 'n geesteskrag nie in die eerste instansie gesien as die uitkoms van persoonlike toewyding nie. Dit word ontvang van sterker geesteskragte, veral van afgestorwe voor= ouers.

Die Bantoefilosofie (of Bantoe-metafisika) is ook onderliggend aan sy (die Bantoe se) kennis en dus die begryping van die natuur. Tempels (1946) skryf ten aansien hiervan soos volg: "Maar, een algemeene opvatting te hebben over de wezens is heeltemal iets anders dan ieder wezen in het bijzonder te kennen volgens zijn eigen innerlijken aard. Het is geen filosofie meer ... hier zitten we veeleer in de natuurweten= schap" (p. 44).

Tempels noem drie kennisprinsipes wat vir die tradisioneel georiënteerde Bantoe dien as kriteria vir die interpretasie van die werklikheid. Hierdie prinsipes is vir die doeleindes van hierdie studie nie belangrik nie. Wat hier wel van belang is, is dat die Bantoe die werklikheid verklaar in terme van die werking van geesteskragte wat hiërargies ge=

rangskik is. Elke gebeure word gekenmerk deur òf die bevestiging, òf die vermeerdering, òf die vermindering van 'n bepaalde geesteskrag. Elke gebeure het 'n oorsaak wat herlei kan word na die werking van dié geesteskragte. Die versameling van kennis en die inoefening van vaardighede word hoegenaamd nie in verband gebring met die vermeerdering van 'n persoon se geesteskrag nie. Dit is byvoorbeeld bekend dat ook onder die Bantoe in die RSA, 'n aspirant-toordokter, 'n vakleerlingskap onder 'n gekwalifiseerde toordokter moet aflê voordat hy as toordokter kan begin praktiseer. Ten aansien van die inisiasie van die nuwe toordokter skryf Tempels (1946) soos volg: "De nganga kan niets anders doen dan zijn leerling de trucs en ceremoniën leeren; hij kan hem opleiden tot het hoogere leven dat hij leiden gaat; maar hem de kracht en de kennis geven, dat kan hij, meen ek, niet" (p. 50).

Tempels skryf ook verder: "Maar iemand die aldus 'gepakt' wordt, geraakt steeds in vervoering op het oogenblik dat de geest of vidye hem 'pakt'; het is wel op dat oogenblik dat de nieuweling de hoogere kracht om te kennen en te doen inwerken verkrijgt" (p. 49). Op die oomblik dat die leerling in vervoering raak, verkry hy sy mag en meerdere kennis van "... een hoogere lewenskracht dan die van de leermeester welke ingrijpen moet. Van eigenlijke initiatie door den leermeester kan er dus geen sprake zijn" (Tempels 1946, p. 50).

Dit is bekend dat Bantoes in die RSA wat toordokters word, verklaar dat hulle deur voorouergeeste tot dié amp geroep is. Die voorouergeeste kan hul wens in hierdie verband op verskeie wyses aan die betrokke indiwidue bekend maak, byvoorbeeld deur hom met 'n chroniese siektetoestand te teister (Möller 1972, p. 200). Die Bantoetoordokters vervul hedendaags nog steeds 'n belangrike rol, ook onder Bantoes wat binne die Blankegebiede in die RSA woon (Möller 1972, p. 188). Dit blyk dus geregverdig te wees om aan te neem dat die tradisionele kennisleer van die Bantoe nog 'n belangrike rol speel, selfs onder die Westers georiënteerde Bantoe. Voorts mag die feit dat baie Bantoe-Christene soms die priesters van onafhanklike Bantoekerke as divinasiedokters besoek, 'n aanduiding wees dat die Christelike leerstellinge vir die Bantoe ruimte bied om die werklikheid in terme van sy tradisionele kennisleer te interpreteer.

Hiermee kom die navorser waarskynlik voor een van die moeilikste probleme ten aansien van verantwoordelikheid te staan, te wete voor die vraag na die betekenis wat 'n persoon se verworwe kennis en vaardighede vir hom as mens binne 'n be=

paalde kultuuropset het. Vroeër in hierdie onderafdeling is met verwysing na Tempels daarop gewys dat objektiewe, empiries verifieerbare, wetenskaplike kennis vir die Bantoe oppervlakkige bykomstighede is. In hoofstuk 2 van hierdie studie is ook daarop gewys dat die Bantoe in die RSA neig om veral ten aan=sien van siektetoestande 'n onderskeid te maak tussen oorsaak en simptoom. Die Westerse wetenskap kan die simptoom behandel maar die oorsaak wat dieper lê as die simptoom kan alleen behandel word deur iemand wat insig het in die werking van die geesteskragte (en dit kan manipuleer). Kennis van die werklik=heid is vir die Bantoe dus sinvol indien dit 'n persoon in staat stel om die werklikheid en veral spesifieke gebeurtenisse, in terme van sy kragtefilosofie te verklaar. Die geesteskragte word deur die tradisioneel georiënteerde Bantoe direk in verband gebring met sy voorouergeeste en met die onpersoonlike toorkrag of magie. Gebeurtenisse wat sy lewe fundamenteel raak, word veroorsaak deur kragte buite homself en hy kan alleen 'n bydrae tot sy lewensverloop lewer indien hy die geesteskragte op een of ander wyse kan manipuleer. Dat hierdie benadering tot die lewenswerklikheid nog steeds 'n wesenskenmerk van die Bantoe se lewens- en wêreldbeskouing vorm, word bewys deur die belangrike rol wat Bantoetoordokters nog selfs onder die Westers georiënteerde Bantoes speel. Volgens Möller (1972, pp. 208-227) toon die priesters van sommige van die onafhanklike Bantoekerke in baie opsigte groot ooreenkoms met die tradisionele Bantoetoordokters.

Daar kan dus aanvaar word dat vir baie Bantoe-Christene die sinvolheid van kennisverwerwing en die ontwikkeling van vaardighede of bekwaamhede wat binne die moderne samelewings=verband vereis word, nie uit dieselfde fundamentele oortuig=ings spruit as vir die Westerling nie. Met die voorgaande bewering word nie te kenne gegee dat die situasie binne Westerse kultuurverband ideaal is nie. Ook binne die Westerse kultuuropset kan met ewe veel (of meer) reg 'n onderskeid ge=tref word tussen 'n slim (of intelligente) mens en 'n wyse mens. Daarom dan ook dat die prognostiese waarde van by=voorbeeld intelligensie- en ander aanlegtoetse beperk bly. Daarom dan ook dat talle hoogs intelligente mense in die lewe, veral ook in die beroepslewe misluk. Daarom verder ook dat hoogs intelligente mense wat aan die hand van per=soonlike suksesse hulleself as baie bekwaam bewys het, soms tog nog in die gevangenis beland as gevolg van 'n gebrek aan 'n egte sin vir verantwoordelikheid.

Gesien teen die agtergrond van die voorgaande bespreking kan dit gestel word dat by betekenisontdekking dit nie bloot net gaan om kennisverwerwing of die ontwikkeling van persoonlike vaardighede nie. Op grond van wat verantwoorde=likheid alles impliseer, gaan dit in die eerste instansie om die sin en betekenis wat 'n persoon se kennis en sy vaar=dighede vir homself as mens het. Dit gaan dus nie bloot net om die onderwerping van die aarde en die beheersing daarvan nie. Dit gaan in die eerste instansie daarom of die onderwerping van die aarde en die beheersing daarvan heenwys na die verwerkliking van 'n bepaalde doel. Norme aan die hand waarvan verantwoording gedoen word vir die eie handelinge het dus enersyds betrekking op die kwaliteit van die werk=verrigting, wat objektief meetbaar is, en andersyds op lewens- en wêreldbeskoulike beginsels wat nie meetbaar nie maar wel begrypbaar is.

Bijl (1960 p. 24) se siening dat verantwoordelikheid sig uitstrek tot die gestalte wat die eie lewe moet aanneem, sluit aan by wat vooraf gesê is. Dit bied egter nog nie 'n oplos=sing vir die probleem nie, naamlik hoe om die Bantoe te lei tot egte verantwoordelikheid binne 'n dinamiese Westerse kultuur. Dit wil voorkom of die Bantoe se lewens- en wêreldbeskouing moeilik integreerbaar is met objektiewe, empiries verifieerbare kennis, veral in die lig daarvan dat sulke kennis gesien moet word as media vir verandering met die oog op doelverwerkliking. Omvangryke empiriese ondersoeke ten einde hierdie fondament van verantwoordelikheid by die Bantoe in duidelike perspektief te stel, behoort onderneem te word. Sodanige ondersoeke behoort gesamentlik deur Blanke en Bantoenavorsers onderneem te word omdat dit hier gaan om die integrasie van fundamentele oortuigings onderliggend aan twee kulture wat, gesien vanuit die gesigspunt van die Bantoe geïntegreer moet word.

# HOOFSTUK 5

## MEDESYN AS BEPALER VAN VERANTWOORDELIKHEID BY DIE BANTOE BINNE WESTERSE KULTUURVERBAND

### 5.1 INLEIDING

Met medesyn word bedoel die totale netwerk van tussenpersoon=like verhoudinge wat alle aspekte van elke mens se lewe raak. Tussenpersoonlike verhoudinge beïnvloed ongetwyfeld verant=woordelikheid by elke indiwidu. Omdat tussenpersoonlike verhoudinge die totale spektrum van 'n mens se lewe raak, is dit nie moontlik om medesyn en die verband daarvan met ver=antwoordelikheid vir die doeleindes van hierdie studie volledig te bespreek nie. Hier sal slegs sekere belangrike dimensies van medesyn bespreek word, terwyl die belangrikheid daarvan vir verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband aangetoon sal word.

As uitgangspunt vir hierdie studie is aanvaar dat die Christelik-Westerse kultuur in 'n belangrike mate wortel in drie Christelike lewensbeginsels, te wete beheersing oor die werklikheid, totale liefde vir God en gelyke liefde vir die self en die medemens. Dit ly geen twyfel nie dat die laaste twee beginsels hedendaags dikwels op die agtergrond geskuif word. Hulle funksioneer egter nog, maar in 'n gekamoefleerde vorm, dikwels met mekaar geïntegreerd as een wyse waarop die geloof in 'n persoonlike God afgewys word. In die VSA word byvoorbeeld baie erkenning verleen aan die begrip Great Society en dit wat daarmee saamhang. Die Kommunisme, wat ook as uitloper van die Westerse kultuur gesien kan word, heg absolute waarde aan 'n kommunisties-sosialistiese same=lewing wat ooreenkomstig Marxisties-Leninistiese beginsels gestruktureer is. Dit is 'n ideologie wat in die plek van die opdragte van 'n transendentale opdraggewer gestel word, en wat indiwidualisme (in die sin waarin dit nog in die Westerse demokrasieë bejeën word) verwerp (M. Mchedlov 1975, p. 78).

Binne hoogs geïndustrialiseerde samelewingsverbande kan groeplojaliteit dus ook in die plek van (Kommunisme) of naas (byvoorbeeld soos in die VSA) 'n transendentale opdraggewer gestel word en kan dit aangewend word om òf indiwidualiteit te bevorder (byvoorbeeld in die VSA) òf om indiwidualiteit te ondermyn (Kommunisme).

Binne die RSA vorm die Christelike lewensbeginsels nog 'n belangrike fondament van die Blanke se kultuur. Hier word met tussenmenslike verhoudinge nog bedoel verhoudinge tussen indiwidue met die liefde as 'n belangrike bepaler van die kwaliteit van die verhoudinge. Binne die konteks van hier= die studie moet indiwidualiteit gesien word as 'n moontlikheids= voorwaarde vir medesyn. In die lig van wat vroeër gesê is, is dit duidelik dat vir die Kommunis medesyn nie primêr indiwidualiteit impliseer nie. Ook binne die tradisionele Bantoekultuur impliseer medesyn nie primêr indiwidualiteit nie, maar eerder konformiteit.

In geeneen van die gevalle word indiwidualiteit egter ontken nie, maar word slegs duidelike voorskrifte gestel aan die hand waarvan indiwidualiteit geaktualiseer mag word.

Dit is duidelik dat hier 'n kernaspek van verantwoordelikheid aangeraak word. Binne die Christelik-Westerse kultuurver= band beteken verantwoordelikheid primêr indiwidueel-subjek= tiewe verantwoording as 'n gewetensaangeleentheid. Verant= woordelikheid behels egter ook gedeelde of kollektiewe verantwoordelikheid wat gedeel word met byvoorbeeld 'n kultuurgroep of medearbeidsgenote (byvoorbeeld die personeel van 'n skool) of 'n gesinsgroep. Verantwoordelikheid behels verder ook medeverantwoordelikheid vir die gestalte wat die (of sommige) medemens(e) se lewens moet aanneem. Hier word veral gedink aan medegesinslede en veral die ouers se verantwoordelikheid ten aansien van hul kinders. Dit moet hier in gedagte gehou word dat die aard en kwaliteit van medesyn van kultuur tot kultuur sal verskil. Die aard van die verantwoordelikhede wat deur medesyn bepaal word, sal dus ook van kultuur tot kultuur verskil. In hierdie studie gaan dit spesifiek om verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband - 'n kultuur wat hy nog nie ten volle sy eie gemaak het nie.

Dit is nodig om hier weer daarop te wys dat verantwoordelik= heid, soos dit in die alledaagse lewe gemanifesteer word, op verskillende niveaus kan verskyn en dat verantwoordelik= hede wat op dieselfde niveau verskyn tog nog kan verskil ten aansien van die omvang of trefwydte daarvan. (Kyk hoofstuk 1, afdeling 1.1.) Verantwoordelikheid kan byvoorbeeld suiwer net betrekking hê op 'n roetinehandeling soos stipte= like aanmelding vir werk en die voltooiing van eenvoudige handearbeid ooreenkomstig bepaalde eise, veral ten opsigte van tydsduur. Dié roetinehandelinge kan egter ook 'n breër



... NAVORSING

veld beslaan, byvoorbeeld soos in die geval van 'n trein- of busbestuurder wat daagliks by 'n bepaalde tydtafel moet hou, maar wat in die daadwerklike uitvoering van sy pligte breër verantwoordelikheid aanvaar as net stiptelikheid. Hierdie vergrote omvang van die roetineverantwoordelikheid spruit juis uit die beginsel, medesyn. Die busbestuurder aanvaar nie alleen medeverantwoordelikheid vir die lewens van sy passasiers nie, maar deel ook 'n bepaalde verantwoordelikheid met elkeen van sy passasiers, te wete om hulle betyds by hul bestemming te besorg. Roetineverantwoordelikheid kan egter ook op 'n hoër niveau gemanifesteer word, byvoorbeeld soos in die geval van 'n werkbestuurder wat die daaglikse werk=saamhede binne 'n fabriek moet koördineer of 'n offisier wat 'n omvangryke militêre vertoonparade moet beheer. Aktiwiteite geskied ooreenkomstig 'n bepaalde beplanning wat ook norme verskaf aan die hand waarvan verantwoording gedoen kan word. Verantwoordelikheid wat op die hoogste niveaus gemanifesteer word, vereis egter reeds 'n groter mate van kreatiewe denke by die indiwidu. Wanneer iets onvoorsiens in 'n fabriek gebeur, moet die werkbestuurder byvoorbeeld in staat wees om oorspronklike en oordeelkundige besluite te neem ten einde voortgesette produksie te verseker. Wat betref die verskyning van verantwoordelikheid op die hoogste niveaus kan verwys word na kreatiewe verantwoordelikheid wat feitlik volledig gemanifesteer word in die openbaring van persoonlike inisiatief - die persoon inisieer self projekte en kies hoofsaaklik self sy norme (hoofsaaklik uit sy kultuur ooreenkomstig sy persoonlike lewens- en wêreldbeskouing) aan die hand waarvan hy verantwoording doen vir sy handelinge. Dit word nie as noodsaaklik geag om in besonderhede in te gaan op moontlike onderskeidinge tussen roetine- en kreatiewe verantwoordelik=heid nie. Die twee moet trouens nie gesien word as verskil=lende vorme van verantwoordelikheid nie omdat verantwoordelik=heid altyd dieselfde vorm vertoon. Dit moet verder ook be=klemtoon word dat niveauverskille nie kwaliteitsverskille impliseer nie. Egte verantwoordelikheid kan kwalitatief nie verskil nie, maak nie saak op watter niveau dit gemanifes=teer word of watter trefwydte dit openbaar nie. Die kwaliteit van verantwoordelikheid verwys na die persoon se bereidwillig=heid om hom teenoor 'n transendentale opdraggewer te verant=woord ten aansien van die kwaliteit van sy arbeid, ongeag daarvan of die arbeid die invul van vorms of die ontwerp en bou van 'n groot besproeiingskema behels. Dit is egter duidelik dat kultuurverband en veral die eie lewens- en wêreldbeskouing die kwaliteit van verantwoordelikheid op alle niveaus sal

beïnvloed. 'n Persoon wat daaraan gewoond is om binne groepverband ooreenkomstig tradisionele reëls te handel, se verantwoording sal, wanneer hy as indiwidu, ooreenkomstig 'n groter aantal norme wat minder duidelik omskryf is moet handel, kwalitatief gesproke swakker wees as dié van iemand wat opgevoed is tot indiwiduele stellingname en die aanvaarding van verantwoordelikheid. Eersgenoemde persoon sal homself as indiwidu, nie so sterk geroepe voel tot verantwoording nie.

Hierdie studie het hoofsaaklik betrekking op die kwaliteit van verantwoordelikheid by die Bantoe binne die Westerse kultuurverband. Dit is egter duidelik dat ten aansien van tussen-menslike verhouding (medesyn) en selfgelding (self-iemand-wees), die dimensionele kenmerke van verantwoordelikheid nie buite rekening gelaat kan word nie.

## 5.2 DIE SAMEHANG, INDIWIDUALITEIT, MEDESYN EN VERANTWOORDELIKHEID

Die tradisionele Bantoekultuur is 'n geslote en gevolglik redelik duidelik gestruktureerde kultuur. Die Bantoekind (binne tradisionele verband) groei op binne 'n samelewingsverband waar die gestalte wat sy lewe moet aanneem, vir hom redelik duidelik omskryf word. Vaste reëls bepaal sy gedrag ten aansien van feitlik elke situasie waarmee hy binne sy tradisionele kultuurverband gekonfronteer kan word. Minnaar (1975, p. 28) wys daarop dat die "... sterk sanksionele voorskrifte is nie bevorderlik vir ego-ontwikkeling in die Westers indiwidualistiese sin van die woord nie. Terwyl die tradisiegerigte persoonlikheid indiwidualisme in ego-ontwikkeling demp, prikkel die eise wat die kompetisiegerigte aard van die Westerse kulture hieraan stel, juis pogings in hierdie rigting". Tradisioneel heg die Bantoe min waarde aan indiwiduele selfstandigheid (van die enkeling) en ontmoedig in der waarheid die ontwikkeling daarvan. Die tradisionele opvoeding van die Bantoekind het dan ook ten doel die bybring van vaste gewoontes ten opsigte van die lewe binne tradisionele samelewingsverband. Volgens Badenhorst (1972, p. 37) loop hierdie vormingswyse uit op die "... aanleer van uiterlike gewoontes en gedraginge in plaas van 'n eie, persoonlike, betekenisvolle rangorde van waardevoorkeure... Die opgaan in die kollektiwiteit lei, so beweer Nel, tot 'n skyngeborgenheidsbelewing". Verderaan sal aangetoon word dat die Bantoeman tradisioneel 'n groepsmens is wat sy geborgenheid primêr binne verwantskapsgroepe vind.

Erasmus, in sy oorsig oor literatuur wat betrekking het op Bantoepersoonlikheid kom, met erkenning aan Klukkohn en Murray tot die volgende gevolgtrekking: "This consequently causes one to conclude that, in a study of personality, cog= nisance should be taken of humanity culture ('like all other men'), national culture ('like some other men') and individual culture ('like no other man')" (19, p. 2). By die tradisioneel georiënteerde Bantoe word die ontwikkeling van 'n "individual culture" doelbewus onderdruk, terwyl die ontwikkeling van 'n "national culture" sterk beklemtoon word. Die voorgaande beteken nie dat indiwidualiteit vreemd is aan die Bantoe nie. Dit beteken wesenlik dat die verwerkliking van die self in groot mate ooreenkomstig duidelik omskrewe kultuurnorme geskied. Ooreenkomstig sy tradisionele opvoe= ding laat geld 'n Bantoe hom as indiwidu binne en in har= monie met 'n duidelik gestruktureerde groep aan die hand van vas omlynde onveranderlike tradisionele kultuurnorme.

'n Basiese behoefte by die Bantoe-indiwidu is dus wedersydse skakeling binne 'n groep. Binne die tradisionele samelewings= verband was van die belangrike skakelinge van die Bantoe dié met sy gesin, met sy breëre verwantskapgroep en ook met sy ouderdomsgroep (Bruwer 1963). Hierdie behoefte aan groepskakeling by die Bantoe is van besondere betekenis vir die verskyning van verantwoordelikheid by hom. In die eerste instansie voel die Bantoe as indiwidu hom minder intens verantwoordelik vir sy handelinge. Sy self-iemand-wees (selfgelding) word verwerklik in die kollektiewe skakeling met 'n groep en wanneer sy gewete hom tot besinning roep, word hy eerstens bewus van 'n bedreiging van sy skakeling met die groep en veral met sy voorouers. Möller (1972, p. 160) se siening dat die Bantoe se rituele offers aan sy voor= ouers 'n wyse van ontduiking van persoonlike verantwoordelik= heid is, kan alleen geregverdig word indien dit vanuit Westerse kultuurverband gesien word. Binne die tradisionele Bantoe= kultuur word die offer juis gesien as 'n outentieke wyse van gehoorsaming aan die stem van sy gewete wat hom roep tot herstel of verstewiging van sy skakeling met sy voorouers. Die voorouers word belewe as verteenwoordigers (vanuit die transendente) van dié groep waarmee die indiwiduele Bantoe= man hier op aarde moet skakel. Möller (1972, pp. 399-401) vind dat hierdie behoefte aan skakeling met 'n groep (primêr die verwantskapgroep, maar baie belangrik ook skakeling met wyere groepe soos byvoorbeeld die kerk) ook vir die Westers georiënteerde stadsbantoe nog 'n wesenlike behoefte bly.

'n Vraag is nou of hierdie tradisionele groepsgerigtheid by die Bantoe die neiging tot afwysing van indiwiduele stel= lingname aan die hand van 'n eie unieke waardeshiërargie wel deur middel van opleidingsprogramme gewysig kan word? Daar is aanduidings dat hierdie kenmerk van die Bantoepersoon= likheid 'n diep religieuse grondslag het - dat dit gegrond is in sy lewens- en wêreldbeskouing en daarom nie maklik gewysig sal kan word nie. (Kyk byvoorbeeld Möller se bevindinge waarna hierbo verwys is.)

Erasmus (1970) vind aansluiting by Tempels se uiteensetting van die Bantoe se kragtefilosofie wat die fondament vorm van die Bantoe se lewens- en wêreldbeskouing. (Kyk ook hoofstuk 4 van hierdie studie.) Hy wys daarop dat minstens die Tswana groot waarde heg aan die behoud van die natuurlike ewewig tussen al die kragte binne die heelal. Die natuurlike struktuur van die kragtewêreld word geopenbaar in 'n harmonieuse geskakeldheid tussen al die kragte. Dit impliseer dat ook die Bantoe as indiwidu sinvol, (harmonieus) geskakel moet wees met 'n groep - veral met sy familie. Die familie weer moet as groep sinvol geskakel wees met die stam. Indien 'n indiwidu deur sy optrede die balans tussen die kragte versteur, kan dit lei tot rampe vir homself, vir sy familie (insluitende sy reeds gestorwe voorouers), en selfs vir die stam as geheel. Die harmonie word herstel deur die nakoming van bepaalde rituele handelinge. Ooreenkomstig Erasmus se siening het die tradisie van groepskakeling by die Bantoe dus 'n diep religieuse grondslag.

Interessant is ook twee Negernavorsers, Henderson en Washington (1975, pp. 353-360) se mening dat sommige kenmerke van die oorspronklike Afrika-Negerkultuur vandag nog waarneembaar is binne die moderne Negerkultuur in die VSA. Hulle wys onder andere daarop dat, anders as die Blanke Amerikaner, die Neger-Amerikaner sy kinders nie opvoed tot indiwiduele stel= lingname ten aansien van sosiale gebeure nie. Hulle skryf hieroor soos volg: "Both the children and the adults within the community behave in ways that suggest their awareness of social control meganisms. The significant feature of this control system, for our analysis, is that it seems to operate external to the child. That is to say, that the laws of social control is external to the child and in growing up he learns to adapt appropriately to increasingly diverse and complex social situations and their relevant control features" (p. 357).

Dit wil dus voorkom of hierdie besondere aspek van die Bantoe man se persoonlikheid nie maklik deur middel van opleidings= programme gewysig sal kan word nie. Dit lyk meer verant= woordbaar te wees om te aanvaar dat enige poging om indiwiduele verantwoordelikheid by die Bantoe te versterk, aansluiting sal moet vind by die beginsel van groepskakeling.

'n Verdere aspek van die Bantoe se groepverbondenheid wat van betekenis vir sy verantwoordelikheid is, is die hiërargiese struktuur van sy tradisionele samelewing. Bruwer (1963) skryf ten aansien hiervan soos volg: "'n Belangrike kenmerk van die Bantoe se begrip van verwantskap is die besondere gedrags= reëls wat daarmee gepaard gaan. Hierdie gedragsreëls is besonder duidelik omlyn en die Bantoskind leer van kleins af hoe hy hom moet gedra teenoor mense wat in 'n bepaalde verwantskapsverhouding tot hom staan. Ouderdom speel altyd 'n belangrike rol in die Bantoesamelewing en eerbied vir oueres in jare is een van die belangrikste kodes in Bantoe= gedrag. Hierdie kode funksioneer nie net tussen mense van verskillende generasies nie. Eersgeboortereg en die status wat dit meebring, lê ten grondslag aan die hele erfreg- en opvolgingstelsel van die Bantoe ...... Verder geld as beginsel in verhouding die feit dat mans normaalweg as die meerderes beskou word en ook dienooreenkomstig behandel word" (p. 46).

Hierdie wyse van rangbepaling geld nie net ten aansien van die gesin nie, maar ook ten aansien van die breëre verwantskaplinie. Bruwer (1963) beweer in dié verband: "Dieselfde rangreëls wat geld binne die gesin, soos gebaseer op eersgeboortereg en die status van die moeder, geld ook binne die linie. Die oudste seun van die hoofvrou van die oudste seun in die senior generasie bly dus altyd die hoogste statuspersoon binne die linie" (p. 50).

Die statusrangorde word uitgebrei om ook die stam as geheel in te sluit. Die opperhoofskap van die stam is oorerflik en die bekleër van dié pos word gesien as die aardse ver= teenwoordiger van die oorspronklike stigter van die stam. Hy beklee die hoogste mag en status binne die stam terwyl ook sy familie soos broers, susters en kinders besondere status beklee. Oor kleinere gemeenskappe en ook statte regeer mindere hoofmanne wat elk 'n spesifieke status beklee. Bruwer (1963, p. 174) meld die volgende: "Die hele politieke organisasie en stamregering is dus 'n organisasiegeheel wat van-bo na onder en van onder na bo funksioneer. Dit is in werklikheid 'n politieke stelsel wat ten nouste saamhang met

die sosiale struktuur en wat die stamregering ten nouste inskakel by die aard van die volksorganisme" (p. 174). Hierdie sosiale en politieke struktuur van die Bantoe vervul binne die tradisionele samelewingsverband 'n belangrike funksie vir sover dit die handhawing van reg en orde betref. 'n Stelsel waar status en gesag so besonder sterk op afkoms berus, kan egter vooruitgang in die rigting van verwestersing, ernstig rem deurdat dit die uitoefening van verantwoordelikheid kan bemoeilik. 'n Westers georiënteerde stadsbantoe wat op grond van kwalifikasies en bekwaamheid in 'n senior regeringspos binne 'n tradisionele gemeenskap aangestel word, mag dit moeilik vind om gesag uit te oefen oor mense oor wie hy aangestel is maar wat op grond van afkoms 'n hoër status as hy beklee. Die hoog gekwalifiseerde Westers georiënteerde Bantoe mag daarom onwillig wees om diens te lewer aan sy eie mense binne die meer tradisioneel georiënteerde tuislande. Dit mag dus besonder moeilik wees om in die tuislande 'n infrastruktuur daar te stel wat moontlikheidsvoorwaarde is vir ontwikkeling op alle lewensterreine. Die bekwame en gekwalifiseerde Bantoe wat nodig is vir die daarstelling en instandhouding van so 'n infrastruktuur neig om uit te wyk na Blankegebiede in die RSA of selfs na ander Westerse lande.

'n Oplossing vir hierdie probleem (die daarstelling van 'n doeltreffende infrastruktuur) moet gesoek word in 'n integrasie of kompromie tussen die tradisionele wyse van gesag- en statusverwerwing en die stelsel wat in die Westerse samelewing geld en wat berus op persoonlike bekwaamheid. Die Bantoe heg besondere waarde aan rituele seremonies tydens die vordering van lede van die gemeenskap van een statusniveau tot 'n ander. Een voorbeeld is die inisiasieseremonies tydens die bereiking van volwassenheid. Volgens Tempels (1946) het hierdie inisiasieseremonies 'n religieuse grondslag in dié sin dat geglo word dat die indiwidu tydens die seremonie van buite af met 'n krag versterk word waardeur hy wesenlik 'n ander mens word en gevolglik selfs 'n ander naam kry (p. 60). Die vraag is nou of die verwerwing van onderwyskwalifikasies (sertifikate, diplomas of grade) nie van groter betekenis vir die Bantoesamelewing in al sy fasette (byvoorbeeld polities en sosiaal) sal word indien die toekenning van die betrokke kwalifikasies geskied tydens seremonies wat ooreenkomstig duidelik tradisionele Bantoegebruike gereël word nie. Op dieselfde wyse kan bevordering van 'n Bantoe-amptenaar geskied by wyse van seremonies waartydens een of meer Bantoeleiers sowel die gemeenskap as die betrokke ampte=

naar duidelik onder die besef van sy (die amptenaar) se nuwe status en sy verantwoordelikheid kan bring. Die Bantoe se behoefte aan groepskakeling kan ook binne die arbeidsver=band meer aandag geniet. Indien dit byvoorbeeld moontlik sou wees om 'n sterk groepsgevoel tussen bekleërs van gelyk=soortige poste tot stand te bring, kan (ooreenkomstig tradi=sionele gebruike) die groep dien om onverantwoordelike gedrag onder sy lede teen te werk. Binne die werksituasie van die Bantoe benoort daar dus, naas indiwiduele verantwoordelik=heid, ook klem gelê te word op groepskakeling en groepverant=woordelikheid.

# HOOFSTUK 6

## FERTILITEIT EN VERANTWOORDELIKHEID BY DIE BANTOE BINNE WESTERSE KULTUURVERBAND

### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word seker een van die moeilikste en ingewikkeldste probleme betreffende verantwoordelikheid toe=gelig. Dit is 'n probleem wat betrekking het op verantwoorde=likheid by indiwidue, by gemeenskappe, by volke en by oor=koepelende kulture soos byvoorbeeld die Christelik-Westerse, of die Mohammedaanse kulture. Ten einde hierdie probleem betreffende verantwoordelikheid in perspektief te stel, is dit nodig om te verwys na die fundering van die moderne, Christelik-Westerse kultuur in veral drie Christelike begin=sels. Vir die doeleindes van hierdie onderafdeling van die studie is veral die kultuuropdrag aan die mens wat in Genesis 1:28 soos volg opgeteken staan van belang: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."

Vroeër is reeds daarop gewys dat die tweede deel van hierdie opdrag die mees oorspronklike menslike verantwoordelikheid impliseer, te wete die verantwoordelikheid om die persoons=moontlikhede wat elke mens met geboorte as gawes ontvang het, te verwerklik (in die sin van die ontplooiing van en vormgewing daaraan). Indien 'n persoon 'n bepaalde werk wil doen of beroep wil beoefen, dan is sy eerste verantwoordelik=heid om die vaardighede aan te leer wat nodig is om dié werk te kan doen of die beroep te kan beoefen. Hierdie is vir alle mense en ten aansien van alle kulture die mees primêre verantwoordelikheid. Vir die Protestants-Christen het hierdie primêre verantwoordelikheid spesifiek 'n religieuse begronding. Uit die aangehaalde Bybelteks is dit egter duidelik dat vir die Protestants-Christen 'n ewe oorspronklike opdrag vervat is in die woorde "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde ...". Uit die oorspronklike kultuuropdrag spruit vir die mens 'n dubbele verantwoordelikheid wat in die huidige tydsgewrig neig tot 'n onversoenbare ambivalensie wat verantwoordelikheid ook binne die RSA op fundamentele vlak beïnvloed. Die mens dra die verantwoordelikheid om te ver=meerder, maar ook om kultuur te skep (om die aarde te onder=werp). Die Christen voel hom uit dankbaarheid geroepe om hierdie dubbele verantwoordelikheid blymoedig te aanvaar.

In die huidige tydsbestek het dit duidelik geword dat 'n onbe=heerste vermeerdering van die mensdom sonder ooreenkomstige ont=wikkeling (toereikender beheersing van die aarde) kan lei tot byvoorbeeld toestande van hongersnood. 'n Te vinnige bevolkings=aanwas kan seker ook as 'n belangrike rede vir 'n trae ontwik=kelingstempo in baie lande gesien word.

Vanuit die gesigspunt van verantwoordelikheid gesien, wentel die dubbele problematiek van bevolkingsaanwas en ontwikkeling in groot mate om die probleem van die verwerkliking van (in die sin van veral die ontplooiing van en vormgewing aan) per=soonsmoontlikhede. Die verwerkliking van persoonsmoontlik=hede is wenslik 'n genormeerde geleentheid, met ander woorde 'n kind ontwikkel nie maar outomaties nie, maar hy verwerklik homself aan die hand van spesifieke kultuurnorme. 'n Kind kan dus nie maar aan homself oorgelaat word nie, maar hy het opvoedingshulp nodig van volwassenes wat die kultuurnorme ken. In die meer primitiewe kulture, waar ontwikkeling in die sin van beheersing oor die werklikheid op 'n betreklik lae niveau verkeer, is ook die opvoedingshulp heel eenvoudig. Binne die tradisionele Bantoekulture is die opvoeding hoofsaaklik voltrek by wyse van nadoen, terwyl aan die lewenswandel en lewenstyle wat by wyse van nadoen aangeleer is, inhoud ver=leen is by wyse van verhale wat veral deur die grootouers vertel is.

Binne die moderne, Westerse kultuurverband word 'n meer gedif=ferensieerde verwerkliking van persoonsmoontlikhede tot 'n baie hoë niveau vereis. Die opvoeding van die kind binne die moderne tydsgewrig stel baie hoë eise aan die indiwiduele ouer en aan die gemeenskap as geheel. Dit is duidelik dat die aantal kinders wat deur 'n indiwiduele ouer en deur die gemeenskap as geheel toereikend (gemeet aan moderne Westerse kultuurnorme) opgevoed kan word, beperk word deur die besondere hoë eise wat ten aansien van die opvoeding van kinders gestel word. Die Protestantse Christen leef dus onder die verantwoordelikheid om te vermeerder (kinders in die lewe te bring), maar terselfdertyd leef hy ook onder die verantwoordelikheid om sy kinders op te voed. Hy moet sy kinders behulpsaam wees met die verwerkliking van persoonsmoontlik=hede ooreenkomstig spesifieke Christelike beginsels tot daardie niveau wat vereis word deur die moderne Westerse kultuur. Die Protestants-Christen dra dus fundamenteel ook verantwoordelikheid met betrekking tot gesinsbeplanning.

Die aanraking tussen die Westerse en Bantoekulture binne die RSA het die samehang tussen bevolkingsaanwas en ontwikkeling by die Bantoe as 'n besondere aktuele probleem na vore gebring. Daar sal verderaan aangetoon word dat die verwekking van 'n nageslag ook vir die Bantoe 'n religieuse betekenis het. Seks as sodanig het vir die Bantoe egter geen religieuse konnotasie nie. Die Westerse beskaafde lewenswyse waaronder veral die bydrae wat die mediese wetenskap maak, het 'n vermindering van sterftes onder volwasse Bantoes tot gevolg. Ook dra die wetenskap by tot 'n vermindering van die sterftes onder veral Bantoekinders. Die gevolg is 'n ongekontroleerde bevolkingsvermeerdering by die Bantoe wat veral sy ontwikkeling as bevolkingsgroep ernstig strem. Veral die opvoeding verloop veelal onbevredigend as gevolg van 'n te groot aantal kinders vir wie se opvoeding die indiwiduele ouer en ook die gemeenskap as geheel verantwoordelikheid moet aanvaar. Die bevolkingsaanwas onder die Bantoe neem verder toe as gevolg van die feit dat tradisionele wyses van geboortbeperkings by die Westers georiënteerde Bantoe in onbruik verval het.

Wat betref hierdie onbeheerste bevolkingsaanwas onder die Bantoe wat remmend op sy ontwikkeling inwerk, skryf Leistner en Breytenbach (1975) byvoorbeeld soos volg: "It is worth pondering what the effect on wages would be if, instead of the current 2,87 per cent or more, the Black population had suddenly begun, say in 1960, to grow at the mere 1,54 per cent per annum recorded by the local White population" (p. 36). 'n Ooraanbod van Bantoewerkers dwing die gemiddelde lone van Bantoewerkers af. Hierdie Bantoewerkers wat, gemeet aan Westerse kriteria op 'n lae peil van ontwikkeling verkeer en 'n laer salaris as die Blanke verdien, moet dikwels as gesinshoof verantwoordelikheid dra vir meer kinders as sy Blanke eweknie. Leistner en Breytenbach (1975) skryf byvoorbeeld: "... for every 100 males 15-64 years old there were 100 children under 15 years of age in the case of Whites as compared to 158 children in the case of Blacks" (p. 36). Die aangehaalde gegewens dui op 'n sorgwekkende situasie.

## 6.2 SEKSUELE MORALITEIT

### 6.2.1 Inleiding

Dit wil voorkom of die Bantoe tradisioneel vanuit sy lewens- en wêreldbeskouing 'n anderse onderskeid gemaak het tussen bevrediging van die seksdrif en die vrou se vrugbaarheid of

fertiliteit as die Christen, wat op grond van sy geloof die twee nie mag skei nie. Hiermee word nie bedoel dat die Ban=toe nie bewus was van die oorsake van bevrugting nie. Meeste tradisionele beperkinge op buite-egtelike seksuele omgang het ten doel gehad om te verhoed dat die vrou swanger word en het daarom meestal betrekking gehad op die gedrag van die vrou. Die vrou se vrugbaarheid (haar vermoë om kinders te baar) is as 'n spesifieke bate beskou wat veral van ekonomiese betekenis was (nie vir die vrou self nie) maar wat blykbaar ook 'n geïntegreerde deel van hul religieuse beskouinge gevorm het. In hierdie onderafdeling word dan eerstens die Bantoe se tradisionele houding ten aansien van seksbevrediging en daarna ook sy beskouinge betreffende voortplanting (die ver=wekking van kinders) bespreek.

### 6.2.2 Bevrediging van die seksdrif: Voorhuwelikse en buite=huwelikse (owerspelige) seksuele omgang

Coertze (1935, hoofstuk 1) het die tradisionele gebruike betreffende voorhuwelikse omgang onder die verskillende Bantoe=volkere van Suidelike Afrika indringend bespreek. Volgens hom word voorhuwelikse omgang by feitlik alle Bantoestamme binne die RSA goedgekeur. Die belangrikste beperking betreffende seksuele vryheid wat by al die stamme gestel word, is dat die meisie nie gedefloreer en veral nie bevrug mag raak nie. Indien dit wel gebeur het, kon haar vader skade=vergoeding eis van die man wat vir haar deflorasie of bevrug=ting verantwoordelik was.

Ashton (1967, p. 38) wys daarop dat by die tradisionele Basoeto, seuns onder tien jaar speletjies speel waartydens die seksdaad by diere nageboots word. Dit was slegs 'n skynspele=tjie waarteen die meeste ouers geen beswaar gehad het nie en waaraan dogtertjies nie deelgeneem het nie. Sodra Basoeto=kinders egter puberteit bereik het, is seksuele kuisheid van hulle verwag. Dit wil egter voorkom of seksuele weerhouding voor die huwelik nie deur alle Basoeto as 'n norm aanvaar is nie. Ashton (1967, p. 40) skryf byvoorbeeld soos volg: "On the other hand many Basuto allege and deplore that nearly everyone has premarital love affairs: there is good evidence that some children's sexual experience begins even before puberty. Actually, however, provided that lovers conduct themselves discreetly and the girl avoids pregnancy and is not promiscuous, no one worries much about their affairs. Indeed they are half expected and a girl who had no lover would be regarded as unnatural and suspected of consorting

with a familiar" (p. 40). Dit moet egter aanvaar word dat die Basoeto tradisioneel groot waarde geheg het aan voorhuwelikse kuisheid. Ashton (1967) skryf byvoorbeeld: "..... various customs, particularly those concerned with marriage, ..., clearly indicate that formerly the Basuto expected and to some extent succeeded in obtaining strict continence from their children. ... the fact that the Basuto claim that former generations were chaste indicates their dissatisfaction with the present day sexual laxity" (p. 39).

Die Zoeloes het tradisioneel 'n ander benadering tot voorhuwelikse seks gehad wat meer ooreengestem het met die gebruike wat onder die meeste ander Bantoevolke binne die RSA gegeld het. Die Zoeloegebruike is egter gekenmerk deur 'n streng sosiale kontrole, terwyl 'n groot mate van selfdissipline van die jongmense verwag is. Voor die bereiking van puberteit is Zoeloekinders toegelaat om vrylik seksuele omgang te hê. Na bereiking van puberteit het die meisie onder kontrole gekom van 'n groep meisies wat behoort het tot die oudersomsgroep ouer as sy en wat op die hoogte was van al haar daaglikse doen en late. Die ouer groep meisies het tradisioneel uit hulle geledere 'n "koningin" gekies, sonder wie se toestemming meisies uit die jonger groep nie liefdesverhoudinge kon aanknoop nie. In werklikheid moes 'n seun wat met 'n meisie 'n verhouding wou aangaan, vooraf die toestemming van die ouer groep meisies en meer spesifiek van die "koningin" verkry. Hierdie "koningin" moes ook aan die jonger meisies die tradisionele metode van voorhuwelikse seksuele omgang leer wat verhoed het dat hulle gedefloreer of bevrug sou raak. Sodanig gesanksioneerde seksuele verhoudinge is beskou as vaste verhoudinge wat moes uitloop op 'n huwelik. Elke meisie was onder streng kontrole van die groep meisies net ouer as sy en sy is nie toegelaat om gelyktydig met meer as een seun 'n verhouding aan te knoop nie (Krige 1936, p. 105). Tradisioneel het die Zoeloes dus geen beswaar teen voorhuwelikse seksuele bevrediging gehad nie, solank die meisie se "vrugbaarheid" ongeskonde bly en solank sy nie rondflankeer nie.

Ten aansien van die meer moderne gebruike onder die tradisioneel georiënteerde Zoeloe skryf Reader (1960) egter soos volg: "Today, even among pagans, the sexual aspect of ukugoma has been abandoned, only its formal symbolism retained. Soma (external sexual contact) has developed often into clandestine internal intercourse, with a resulting crop of illegitimate offspring. This is inimical to a public declaration before

age-groups and to the rigid supervision of the girl queen, these institutions having accordingly disappeared" (p. 177).

Die Xhosa is blykbaar meer permissief vir sover dit buitehu=welikse seksuele verhoudinge aangaan as meeste ander Bantoe=volke binne die RSA. Hunter (1936, pp. 180-181) wys byvoor=beeld daarop dat Xhosa-kinders op 'n vroeë ouderdom reeds vertroud is met die feite aangaande seks. Tradisioneel is vir meisies tussen agt en twaalf en seuns tussen nege en veertien jaar partytjies gereël waar hulle saam kon sing en dans en daarna afpaar en in mekaar se arms kon slaap. Die meisies mog egter nie gedefloreer word nie. Meisies van 14 jaar en seuns van 16 jaar af het soortgelyke partytjies gereël wat gewoonlik van Saterdag tot Maandagoggend geduur het. 'n Vorm van seksuele omgang genoem ukumetsha word toege=laat maar indien die meisie gedefloreer raak, moet die seun 'n boete aan haar vader betaal wat verhoog word indien sy verwag.

Anders as by die Zoeloes word hierdie liefdesverhoudings onder die Xhosakinders nie as verlowings beskou nie. Daar word naamlik nie van die jongmense verwag dat hulle hul tot een maat beperk nie. Indien 'n seun met 'n meisie wil ukumetsha, moet hy aan haar ouers 'n geskenk, genoem umnyobo, betaal (gewoonlik geld). Die aantal nooiens wat 'n seun kon aanhou, was dus beperk deur sy finansiële vermoë. Ten aansien van die meisies skryf Hunter (1936) soos volg: "The payment of umnyobo does not give a man the exclusive right to ukumetsha with a girl." 'n Meisie kon dus met soveel kêrels ukumetsha as wat sy wou, en "... it is no disgrace to her to accept several lovers at the same time. The more skulls the better" (p. 182).

Onder die tradisionele Xhosa is voorhuwelikse seksuele omgang dus as 'n alledaagse gebeure aanvaar, maar ook hier met die voorbehoud dat die meisie nie gedefloreer mag raak of dat sy bevrug mag raak nie.

Mayer (1971) het die hedendaagse verstedelikte Xhosa (sowel tradisioneel as Westers georiënteerd) se houding ten aan=sien van voorhuwelikse omgang nagevors. Hy vind dat die tradisionele houdinge ten aansien van voorhuwelikse seksuele omgang aangepas is by moderne omstandighede en onderliggend is aan 'n volkome seksuele permissiwiteit. Hy skryf ten aanvang oor hierdie onderwerp soos volg: "... All Xhosa,

including the Christians, regard sexual satisfaction as a normal requirement of every adult, whether married, unmarried of widowed. Sexual contacts (they feel) have to be regulated not because they are intrinsically evil or dangerous, but in order to avoid infringements of existing rights" (p. 252). Hy wys voorts daarop dat seksuele permissiwiteit 'n wesens= kenmerk van die Xhosa se lewenswandel en lewenstyd vorm, maar dat die gewysigde vorm waarin dit onder die stedelike Xhosa verskyn, nie vergelyk moet word met 'n vorm van prosti= tusie nie. Hierdie permissiwiteit moet verder ook nie gesien word as 'n nuwe ontwikkeling wat die gevolg is van die ver= stedeliking van die Xhosa nie. Seksuele permissiwiteit is 'n kenmerk van die tradisionele Xhosa-samelewing en die ver= andering wat binne die stedelike samelewingsverband ingetree het, verduidelik Mayer soos volg: "Yet sexual liasons - out= side marriage are practised and tolerated in the country hardly less than in town. They are part of Xhosa tradition. It is not because fornication (as Christians would call it) arouses any horror in itself, that town gets branded as an immoral place. Rather it is because of differences in etiquette and the degree of supervision and regulation. The conventions proper to extra-marital affairs, the rules of fair-play (as country Xhosa see them) are apt to go by the board in town. This is the only sense in which one could properly speak of 'moral breakdown' in connection with the sexual life of the locations" (p. 253).

Die "rules of fair play" het blykbaar hoofsaaklik betrekking op voorsorgmaatreëls wat geneem moet word om te verhoed dat die meisie of vrou verwag en vergoeding wat betaal moet word indien dit wel gebeur. Mayer skryf byvoorbeeld: "But English-speaking School people have made use of the existence of two separate English words, 'girl' and 'virgin', to ex= press a distinction within the ranks of the umtombi. 'Virgin', as used by them does not mean being sexually untouched, but means having never become pregnant. This extension of meaning may appear ironic or comical to local white people, who perhaps see it as the telling reflection of hopelessly debased standards. It is not so much this, however, as the expression of a particular concept of chastity, logical with= in its own cultural setting" (p. 254).

Die verskil tussen stad en platteland vir sover dit seksuele moraliteit aangaan, het dus nie betrekking op seksuele omgang as sodanig nie, maar eerder op die feit dat in die stad die beginsel dat 'n vrou se vrugbaarheid, haar vermoë tot voort=

planting, aan een man, naamlik eers haar vader en later haar eggenoot behoort, nie meer so prominent voorkom nie.

Mayer (1971) kom tot die volgende slotsom: "Plainly, then, there is much foundation for the country belief that 'girls will get spoilt' in town. In fact it appears to be the destiny of almost every country girl who comes to town to bear one or more illegitimate children". 'n Besondere tradisionele verantwoordelikheid word in die stede deur jongmense verwerp. Die verantwoordelikheid by die meisie ten aansien van haar vermoë tot voortplanting het sy kulturele en lewensbeskoulike grondslag in die stad in groot mate verloor. Die probleem van buite-egtelike kinders onder die stedelike Xhosa het gevolglik reeds 'n onruswekkende omvang aangeneem.

Ten aansien van die Venda van Noord-Transvaal wys Van Warmelo (1932) daarop dat voorhuwelikse seksuele omgang by hulle ook tradisioneel gebruiklik was. Met die bereiking van puberteit moes 'n Vendameisie omgang hê met 'n man - getroud of ongetroud. Indien sy geweier het, is sy daartoe gedwing en indien nodig selfs gemartel. Die wyse van omgang was egter ook van so 'n aard dat bevrugting onmoontlik was; dit is genoem u davhula. Die meisie mag nie gedefloreer word nie en sy mag ook nie bevrug word nie (p. 46). Tydens die Venda se inisiasieseremonies is selfs deur 'n volwasse man en vrou 'n seksuele vertoning gelewer, blykbaar met die spesifieke doel om aan die jongmense te illustreer hoe bevrugting veroorsaak kan word (Van Warmelo 1932, pp. 70-72). Van Warmelo het egter reeds in 1932 die volgende opmerking gemaak: "Among the Venda it would appear that of late u davhula is practised much less, though rather to the detriment of morals than otherwise, in so far as full connection takes place" (p. 47).

Oorsigtelik kan dit gestel word dat, met enkele uitsonderinge, die Bantoevolke van Suid-Afrika tradisioneel buite-egtelike omgang as 'n geïntegreerde deel van hul lewenswandel aanvaar het. Morele verval beteken byvoorbeeld vir die tradisionele Xhosa nie 'n toename in buite-egtelike seksuele omgang nie maar 'n toename in buite-egtelike geboortes sonder dat die tradisionele gebruike wat daarmee gepaard gegaan het, nagekom word. De Villiers (1972, pp. 174-182) se ondersoek bevestig dat ook in die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging gebied voor- en buite-egtelike seksuele omgang op groot skaal voorkom. Buite-egtelike geboortes onder die stedelike Bantoegemeenskap het dan ook geweldige afmetings aangeneem.

Gesien vanuit 'n opvoedkundige standpunt (met spesifieke klem op verantwoordelikheid by die Bantoe is hierdie 'n onrus=barende verwikkeling. Die onmiddellike oplossing vir die probleem skyn nie geleë te wees in die bekering van die Bantoe tot ander insigte betreffende buite-egtelike seksuele omgang nie. Moeno (1969) se ondersoek as geheel dui daarop dat die stedelike Bantoe as geheel nog waarde heg aan die tradisionele opvattinge betreffende die waarde van die vrou se vermoë tot voortplanting. Onder stedelike omstandighede is dit egter dikwels onmoontlik om altyd by die tradisionele gebruike te hou. Die tradisionele wyses van omgang as metodes van geboortevoorkoming word algemeen onder die jonger geslag Bantoes verwerp. Daar kan nogtans by die tradisionele gebruike aansluiting gevind word deur aan die Bantoejeug op vasgestelde ouderdom omvangryke inligting te verstrek betref=fende die moderne wyses van geboortevoorkoming. Op hierdie wyse kan die Bantoegesin as opvoedingskern behoue bly en selfs verstewig word teenoor die steeds wyer kringende verskynsel van matrifokale families waar 'n vrou soms as gesinshoof moet optree vir selfs drie of vier geslagte van buite-egtelike kinders. Vanselfsprekend sal die inisiatief vir sodanige direkte en omvangryke seksvoorligting op skool van die Bantoe=leiers self moet uitgaan. Dit sal baie duidelik aan die Bantoes gestel moet word dat hierdie nie 'n poging tot geboortebeperking is nie, maar wel 'n poging tot die herstel of behoud van die gesinsvolledigheid en gesinseenheid as die primêre opvoedingsruimte.

Daar word voorsien dat gewetensbesware deur groepe vanuit die Blanke gemeenskap teen so 'n optrede geopper sal word. Daar moet egter onthou word dat die Bantoe se lewens- en wêreldbeskouing en lewenswandel in 'n gans ander tradisie gegrond is en dat dit nie binne een geslag verander kan word nie. Bekering van die Bantoe tot die Christelike beginsels betreffende seksuele omgang moet deur die belanghebbende Blanke groepe as 'n langtermynprojek aanvaar word wat oor 'n breë terrein georganiseer en sistematies ten uitvoer gebring word. Die onmiddellike nood is om die aantal buite-egtelike geboortes te beperk om sodoende te verhoed dat so 'n groot persentasie Bantoekinders ontoereikend opgevoed word.

### 6.2.3 Die vrou se vermoë tot voortplanting (vrugbaarheid)

Die Bantoe heg tradisioneel baie waarde aan 'n groot gesin (baie kinders). Die grootgesin-tradisie het in die verlede eerstens voorsien in ekonomiese behoeftes, maar het tweedens

ook in die Bantoe se geloof gesetel. Onder tradisionele omstandighede moes dogters onder andere help met die versorging van kleiner kinders, met huishoudelike take soos die skoonmaak van die hutte en die voorbereiding van voedsel, met die bewerking van die landerye, en met die aandra van water en vuurmaakhout. Die jonger seuns moes die vee oppas, terwyl die ouer seuns onder andere moes deelneem aan jagtogte en moes help met die verdediging van die stam. Onder tradisionele omstandighede was 'n kind dus veral 'n ekonomiese bate. Binne die moderne stadsverband is 'n kind dikwels vir die Bantoe 'n ekonomiese las. Onder die stedelike Bantoe kan egter 'n neiging waargeneem word om van hulle tradisionele beginsels te verwring om sodoende die kind nog as 'n ekonomiese bate te 'gebruik'. Een voorbeeld is die neiging dat die oorspronklike betekenis van die lobolo-gebruik vervaag en die lobolo-geld neig om niks meer as 'n 'bruid-prys' te word nie. (Kyk in hierdie verband veral De Plessis 1975, pp. 7-13) se bespreking van die ekonomiese aspekte binne die tradisionele Bantoesamelewing en dié binne die stedelike Bantoesamelewing as faktore wat gesinsbeplanning beïnvloed.)

Die feit dat die Bantoe glo dat die voorouers in die hiernamaals voortlewe, dat die lewende en gestorwe geslagte wedersyds invloed op mekaar uitoefen en dat die hiernamaals grootliks 'n herstrukturering van die aardse lewe verteenwoordig, verleen besondere religieuse betekenis aan 'n groot gesin (baie kinders) vir die indiwiduele Bantoe vir die verwantskapsgroep en vir die stam as geheel. (Kyk byvoorbeeld Du Plessis 1975, p. 19). Die vrou se vrugbaarheid, dit wil sê haar vermoë om kinders te baar, word as 'n belangrike, spesifieke vermoë geag wat onder tradisionele lewensomstandighede blykbaar as van groter belang geag is as die vrou self. Die lobolo-gebruik (die gebruik by die Bantoe om vee aan sy bruid se ouers te betaal) kan dan ook verduidelik word aan die hand van die hoë waarde wat die Bantoe aan die baarvermoë van die vrou heg. Schapera skryf byvoorbeeld ten aansien van die <u>bogadi</u>-*gebruik onder die Tswana soos volg: "But the main function of <u>bogadi</u> is to transfer the reproductive power of a woman from her own family into that of her husband. ... No man can claim, for any purpose, the children he has had by any woman, until he and his family have agreed to transfer, and under certain circumstances, until they have actually transferred <u>bogadi</u>. On the other hand, all

*Die Tswana-term vir lobolo.

children borne by a married woman, no matter who the actual father may be are held to be the legal offspring of the man on whose behalf bogadi for that woman was given out" (Aange= haal deur Moeno 1969, p. 34).

Die aangehaalde woorde van Schapera som die kernfunksie van lobolo onder die Bantoestamme binne die RSA op. Bruwer (1963) wys spesifiek daarop dat lobolo nie dien as 'n koopsom vir die vrou nie. Hy skryf byvoorbeeld soos volg: "Die vrou word nie die besitting van die man met wie hy na willekeur kan handel nie. Tewens sy word nooit eens lid van die man se verwantskapsgroep nie, maar bly altyd onder voogdyskap van haar eie mense ...... In werklikheid is die belangrikste funksie van lobolo dan ook die versekering van 'n kroos vir die man en die verryking van sy verwantskapsgroep met kinders. In die lig van die groot waarde wat die Bantoe heg aan kinders om die verwantskapsgroep uit te brei, is dit verstaan= baar dat die lobolo-instelling by die meeste stamme 'n in= tegrale deel van die huwelik geword het. .... Dit is dan ook alleen deur die oorhandiging van lobolo dat die man 'n aanspraaksreg verkry oor sy kinders want, soos die Zulu sê: "Lobolo verwek kinders. Deur die oorhandiging van lobolo ontvang die man die vrugbaarheid van sy vrou" (p. 71).

In welke mate die Bantoe neig om die vrugbaarheid van die vrou te verobjektiveer en as 'n bate, selfs los van die vrou as mens en huweliksmaat (in die Christelik-Westerse sin van die woord) te sien, word weerspieël deur die verskillende tradisionele Bantoegebruike wat voortspruit uit die lobolo-gebruik. Ooreenkomstig die sororaat-gebruik moet die vrou se familie byvoorbeeld 'n suster van die vrou aan die man voorsien indien dit blyk dat sy onvrugbaar is of indien sy sterf voordat sy vir hom kinders gebaar het. Volgens die leviraat-gebruik weer, moet, wanneer 'n man oorlede is, by voorkeur sy jonger broer (of 'n ander familielid) by sy weduwee kinders verwek wat geag word die wettige kinders van die oorlede man te wees. By die Xhosa is die gebruik egter dat vreemde= linge toegang tot die weduwee verkry en nie die broers van haar gestorwe man nie. Kinders wat die weduwee in die wêreld bring, word egter nog steeds geag die wettige kinders van die gestorwe man te wees (Bruwer 1963, pp. 73-74).

Hier word nie te kenne gegee dat ware liefde tussen man en vrou nie ook 'n hoeksteen van die tradisionele Bantoehuwelik gevorm het nie. Hier word slegs geïllustreer dat vrugbaar= heid by die vrou deur die tradisionele Bantoe as 'n baie

hoë bate beskou is. Sowel die man as die vrou het voort=planting met die oog op uitbreiding van die <u>man</u> se verwant=skapsgroep as 'n basiese menslike verantwoordelikheid aan=vaar.

Moeno (1969, pp. 96-102) vind dat onder die meerderheid persone in 'n stedelike Bantoegemeenskap (Wattville Bantoe=dorp, Benoni) nog groot waarde geheg word aan die tradisio=nele lobolo-gebruik. Die oorspronklike kernfunksie van lobolo, naamlik die oordra van die vrugbaarheid van die vrou aan die man word nie as die belangrikste rede vir die behoud van die gebruik gegee nie, maar dit speel beslis nog 'n rol in die Bantoe se houding ten aansien van lobolo. Weens 'n gebrek aan geld is dit nie altyd moontlik (veral nie vir jong mans) om lobolo te betaal nie. Voor-huwelikse seksuele omgang vind egter plaas met 'n gevolglike toename in die getal buite-egtelike kinders. Soms tree die paartjie later wel in die huwelik, maar baie dikwels laat die man die meisie in die steek. Moeno (1969, pp. 59-60) vind 'n buitengewoon hoë persentasie "matrifokale" families (dit is families sonder 'n man as gesinshoof). Sy dui nie aan hoeveel van die families (soms bestaande uit tot drie geslagte) die gevolg is van buite-egtelike geboortes nie. Vanuit opvoedkundige perspektief is hierdie egter 'n tendens onder die Bantoe wat onrus wek.

Du Plessis (1975) vind dat die meerderheid Bantoes in die Mamelodi-Bantoedorp naby Pretoria nog groot waarde heg aan die lobolo-gebruik. Onder moderne omstandighede word al die aspekte van die lobolo-gebruik egter nie meer aanvaar nie. Die sororaat-gebruik word byvoorbeeld deur die vroue verwerp. Dit lei daartoe dat die mans voor hulle 'n huwelik aangaan, bewyse wil hê van die vrugbaarheid van hulle aan=staandes. Buite-egtelike geboortes neem gevolglik toe en baie mans kom nie hulle belofte om te trou, na nie. Die baie buite-egtelike geboortes is dus ook 'n gevolg van 'n gedeeltelike behoud van tradisies wat in die moderne same=lewingsverband nie volledig behou kan word nie.

Vanuit opvoedkundige perspektief gesien en meer spesifiek met verwysing na verantwoordelikheid en al sy moontlike konnotasies, is die verskynsel van buite-egtelike geboortes onder die stedelike Bantoe 'n probleem wat dringend aandag moet geniet.

Du Plessis (1975, p. 14) wys verder daarop dat die Bantoe in Mamelodi groot waarde aan die baarvermoë van die vrou heg. 'n Vrou word nie as 'n ware vrou geag voordat sy nie haar vrug= baarheid bewys het nie. 'n Jonggetroude vrou verkeer dus onder groot druk van haar familie, haar skoonfamilie en die gemeen= skap as geheel om so gou moontlik na haar huwelik met 'n gesin te begin. Voorts beklemtoon Du PLessis (1975, pp. 19-20) die feit dat die Bantoe-Christen oor die algemeen nie sy geloof in sy voorouergeeste verwerp het nie. Sy geloof in sy voorouers en sy geloof in Christus bly naas mekaar (of, in sommige gevalle geïntegreerd as 'n wesenlik nuwe ge= loof) voortbestaan. Die Westers georiënteerde Bantoe-Christen grond sy geloof ten opsigte van 'n groot familie dan nie alleen in sy tradisionele geloof nie, maar ook in die goddelike opdrag naamlik "... wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde". Vir die Bantoe-Christen is gesinsbeplanning dus 'n dubbele sonde - dit vertroebel sy verhouding met sy voorouers en hy verbreek 'n goddelike opdrag wat deur die Bybel tot die mens gerig word.

In sy studie (pp. 5-7) tipeer Du Plessis (1975) die Westerse kultuur as kapitalisties-materialisties en die tradisionele Bantoekulture as magies-religieus. Vanuit opvoedkundige oog= punt gesien, moet egter beklemtoon word dat materialisme nie as 'n beginsel onderliggend is aan die Christelik-Westerse kultuur nie. Materialisme is eerder 'n gevolg van die ont= wikkeling van die Christelik-Westerse kultuur en nie 'n oorsaak daarvan nie. Weliswaar word materialisme binne die Westerse kultuur reeds as een van die belangrikste waardes beskou en word dit dikwels verhef tot 'n lewensbeginsel in dié sin dat 'n materialistiese ingesteldheid gesien word as 'n moontlikheidsvoorwaarde vir suksesvolle inskakeling in die Westerse kultuur. Materialisme is egter wesenlik 'n kultuur= waarde wat bevestiging verskaf vir die beginsel wat vervat is in die goddelike opdrag: "... onderwerp die aarde en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen 1:28), met ander woorde, materialisme as waarde bevestig die beginsel van beheersing van die werklikheid (kosmos) waarmee die mens gekonfronteer is. Materialisme het alleen sin indien dit nie oorbeklemtoon word ten koste van die opdrag tot totale liefde vir God en gelyke liefde vir die self en die medemens nie. Die eensydige klem wat die Bantoe-Christen op een deel van die kultuuropdrag plaas, te wete om te vermeerder en die aarde te vul, verduister sy perspektief op sy verantwoorde= likheid ten aansien van sy nageslag. Vanuit Christelik-Westerse

kultuurverband gesien, strek verantwoordelikheid sigself nie slegs uit tot die verwekking van 'n nageslag nie, maar ewe belangrik ook, die welsyn van die nageslag. Die welsyn van die nageslag berus ook op hul vermoë om die werklikheid te beheers en die vermoë om die werklikheid te beheers is die uitkoms van toereikende opvoeding en onderwys. Die huidige situasie waarin veral die Bantoe verkeer, maak dit vir hom byna onmoontlik om baie kinders toereikend op te voed en bevredigend voorsiening te maak vir hulle onderwys. Finansiële hulp vanuit die geledere van Westerse kultuurvolke bied geen blywende oplossing vir die probleem wat in die lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings van die Bantoe gesetel is nie. Sodanige finansiële hulp kan ewe korrek getipeer word as subsidies vir 'n bevolkingsontploffing as wat dit getipeer kan word as subsidies vir kultuurontwikkeling.

Ten slotte word die voorstel hier gewaag dat daardie Bantoe wat nog onwrikbaar in die voorouerkultus glo, onder die besef gebring moet word dat sy status in die hiernamaals (en die status van sy voorouers wat reeds daar verkeer) in die moderne tydsgewrig veral bepaal word deur die vlak van beskaafdheid wat sy kind of kinders bereik en nie soseer deur die grootte van sy nageslag nie. Langs hierdie weg kan verantwoordelik=heid tot gesinsbeplanning dan moontlik tog in sy geloof gefundeer word.

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTING

### 7.1 INLEIDING

In 'n voorstudie tot hierdie ondersoek is 'n wesensanalise van verantwoordelikheid onderneem met die doel om 'n grondplan vir hierdie ondersoek daar te stel. Verantwoordelikheid bestaan nie as 'n feitelikheid nie en kan daarom nie geïsoleer, gedefinieer en gemeet word nie. Verantwoordelikheid verwys na 'n aktiwiteit wat soos volg voltrek word: 'n Persoon beleef homself as geroepe deur 'n transendentale Opdraggewer. Hy antwoord by wyse van taakvervulling. Hy beleef dit egter dat 'n verdere vraag deur die transendentale Opdraggewer tot hom gerig word, naamlik of hy sy taak sodanig uitvoer dat hy dit belewe as toereikende antwoord op sy roeping. Die antwoord op die tweede vraag is verantwoording en is die taak van die gewete. Die begrip verantwoordelikheid het dus betrekking op sowel 'n aktiwiteit as 'n onderliggende gevoel van verantwoordelik te wees. Verder strek verantwoordelikheid sigself uit tot die gestalte wat 'n persoon se lewe binne 'n bepaalde samelewingsverband moet aanneem.

Met dié grondstruktuur van verantwoordelikheid as vertrekpunt is tot die gevolgtrekking gekom dat sekere aspekte uit die menslike leefwêreld van bepalende betekenis vir die verskyning van verantwoordelikheid by die indiwidu kan wees. Hulle is:

1. Geloof in God of in iets of iemand wat in die plek van God as transendentale Opdraggewer beleef word.

2. Kultuur.

3. Lewens- en wêreldbeskouing.

4. Gewete.

5. Persoonsmoontlikhede.

Ten aansien van kultuur is gevind dat mens en kultuur 'n onverbreeklike eenheid vorm. Mens sonder kultuur is ewe ondenkbaar as kultuur sonder mens. Die primêre wyses van menslike in-die-wêreld-wees moet daarom ook 'n grondstruktuur

vorm aan die hand waarvan kulture beskryf en begryp kan word. Wanneer verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband ondersoek word, word egter nie alleen basiese begrippe vir beskrywing nodig nie, maar ook norme of kriteria aan die hand waarvan kulture evaluerend met mekaar vergelyk kan word. Vir die Christen geld minstens drie wette of op=dragte wat as beginsels die mees primêre menslike wyses van in-die-wêreld-wees begrond en kwalifiseer. Hulle is die volgende:

(1) "... Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen. 1:28).

(2) "... Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand" (Matt. 22:37).

(3) "... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22:39).

Hierdie drie beginsels blyk algemeen geldig te wees, met ander woorde elke kultuur kan beoordeel word in die lig van die drie beginsels. Binne elke kultuur kan naamlik 'n god (of afgod) geïdentifiseer word wat toewyding van die indiwidu eis. Vir die Christen is dit die ware God; vir die Kommunis is dit die leerstellinge van Marx en Lenin wat tot die status van geloofsoortuigings verhef is, en vir die Bantoe is dit die eenheid: God-voorouers-magiese kragte. Die mens se geloofsoortuigings bepaal wat hy verstaan onder beheersing van die werklikheid, medemenslikheid en selfver=werkliking. Binne elke kultuur word die mees primêre menslike wyses van in-die-wêreld-wees, te wete in-betekeniswêreld-wees, temporaliteit, medesyn en self-iemand-wees begrond en gekwali=fiseer deur die genoemde drie beginsels wat vir die Christen in die Bybel gegee is.

Die voorgaande uiteensetting verskaf 'n grondplan vir die evaluerende vergelyking tussen twee kulture waardeur 'n besondere insig verkry kan word in die probleme wat verteen=woordigers van een kultuur mag ondervind wanneer hulle verantwoordelikheid moet toon binne, vir hulle, 'n vreemde kultuur.

Nadat omvangryke literatuurstudie onderneem is, is besluit dat vir die doeleindes van hierdie studie volstaan kan word met 'n bespreking van aspekte uit die Bantoe se tradisionele geloof en sy tradisionele kultuur as aspekte wat die verskyning by hom van verantwoordelikheid binne die Westerse kultuur kan beïnvloed.

## 7.2 DIE BANTOE SE GELOOF EN DIE VERBAND DAARVAN MET SY SIN VIR VERANTWOORDELIKHEID

### 7.2.1 Geloof in God of 'n Oppermag

Al die Bantoevolke binne die RSA het tradisioneel geglo in 'n Oppermag of God as Skepper en instandhouer van alles. Hulle het God egter nie beskou as 'n God met wie die mens in 'n persoonlike verhouding gestaan het nie. In der waarheid het hulle nie 'n duidelike begrip gehad van wie of wat God is nie. God was vir hulle iemand wat ver verwyder was en wat hom weinig met aardse aangeleenthede bemoei het. Hulle het wel tot God gebid, maar dan alleen byvoorbeeld om te vra vir reën of in die geval van onvrugbare vroue wat om kinders gebid het. In hulle verhouding tot God was daar nie sprake van skuldgevoelens nie, en wel omdat hulle God nie beleef het as 'n eisestellende gesag nie. Hulle het God met ander woorde nie as 'n transendentale Opdraggewer beleef nie en het hulle gevolglik nie teenoor hom verantwoordelik gevoel vir enige van hulle dade nie. Ten aansien van die tradisioneel georiënteerde Bantoe kan dit dus gestel word dat God afwesig was uit die struktuur van verantwoordelikheid.

Resente ondersoeke dui daarop dat die Westers georiënteerde Bantoe-Christen se Godsbegrip nie wesenlik verskil van dié van die tradisioneel georiënteerde Bantoe nie. Hulle beleef God wel as nader aan die mens en meer toeganklik deur die gebed. Die oorgrote meerderheid Westers georiënteerde Bantoes ken God hoofsaaklik as 'n begrip, dus op intellektuele niveau. God vorm nie fundamenteel deel van hulle leefwêrelde nie en daarom word Hy ook nie beleef as dié transendentale Opdraggewer aan wie verantwoording gedoen moet word nie. Vir die oorgrote meerderheid Westers georiënteerde Bantoes word die plek van God in die struktuur van verantwoordelikheid nog grootliks deur die voorouergeeste gevul.

### 7.2.2 Die voorouergeeste

Die Bantoe se geloof in sy voorouergeeste vorm 'n baie belangrike aspek van sy religieuse lewe. Ten aansien van sy sin vir verantwoordelikheid beklee die Bantoe se geloof in sy voorouergeeste dan ook 'n belangrike posisie. Die Bantoe glo dat wanneer 'n persoon sterf, vertrek sy gees na die hiernamaals. Die lewe in die hiernamaals word voorgestel as in hooftrekke 'n getroue weergawe van die lewe op aarde. Die gees van die afgestorwene verbreek ook nie sy verbintenis met sy nasate op aarde nie. As 'n onsigbare geesteskrag kan 'n voorouergees 'n belangrike invloed uitoefen op die lewens van sy nageslag. Daarteenoor het die voorouergees in die hiernamaals ook fisiese en sosiale behoeftes waarin die nageslag gedeeltelik kan en moet voorsien. Die voorouergeeste se sosiale status in die hiernamaals word byvoorbeeld sterk beïnvloed deur die gedrag en sosiale status van sy nasate hier op aarde. Volgens die tradisionele Bantoegeloof gryp die voorouergeeste gedurig in die lewens van hulle nageslagte in met die doel om hulle òf te straf òf te bevoordeel. Die doel met die ingryping deur die voorouergeeste is hoofsaaklik om hul nageslagte te dwing om die stam- en volkstradisies te eerbiedig. Die tradisioneel georiënteerde Bantoe neig om baie van dit wat met hom gebeur, aan bemoeiing deur sy voorouergeeste toe te skryf. Die tradisioneel georiënteerde Bantoe beleef homself dus nie altyd as die inisieerder van gebeurtenisse nie, maar hy beleef homself veeleer as 'n "marionet" wat deur magte buite homself (veral sy voorouergeeste) beheer word. Binne die tradisionele samelewingsverband het die geloof in die voorouergeeste 'n belangrike bydrae gelewer om die indiwiduele Bantoe binne groepverband verantwoordelik te laat optree. Binne die moderne Westerse kultuurverband sal die geloof in die voorouergeeste egter eerder neig om by die Bantoe verwarring te skep vir sover dit sy sin vir verantwoordelikheid betref.

Resente ondersoeke dui daarop dat die moderne Westers georiënteerde Bantoe nie sy geloof in die voorouergeeste verloor het nie. Die aard van die verhoudinge tussen die Bantoe en sy voorouergeeste is egter besig om te verander. Vir die tradisionele Bantoe was sy skakeling met 'n groep en veral met sy familie (dood en lewend) van baie groot belang. 'n Belangrike funksie van die voorouers was dan ook om die groepskakeling te verstewig. In die moderne Westers georiënteerde maatskappy is dit nie vir die Bantoe moontlik om altyd die breër familie- en stamgroepe bymekaar te

hou nie. Alhoewel die Bantoe nog waarde aan groepskake= ling heg, tree indiwiduele belange steeds sterker na vore. Ook in die verhouding met die voorouers skuif die klem geleidelik van groepbelange (familiebelange) na die belange van die indiwidu. Die verhouding met die voorouers neig om geïndividualiseerd te raak. Die krag van die voorouers het egter nie verminder nie. Baie Westers georiënteerde Bantoes beleef dit naamlik nog dat baie dinge wat met hom gebeur, asook baie van sy eie handelinge (of passiwiteit) die gevolg is van ingryping deur sy voorouers. 'n Groot deel van die Westers georiënteerde Bantoes neig dus nog steeds om verantwoordelikheid vir hulle handelinge op hul voorouers af te skuif.

### 7.2.3 Magiese beskouinge en toorpraktyke

Benewens hulle geloof in 'n Oppermag en in hul vooroуergeeste, glo die tradisioneel georiënteerde Swartman ook in 'n onpersoonlike, supernatuurlike krag of magie wat òf tot voordeel òf tot nadeel van die gemeenskap en/of enkeling aangewend kan word. Die toordokters wend die onpersoonlike krag aan tot voordeel van die gemeenskap en/of enkeling, terwyl die toornaars (meer dikwels hekse) dié krag aanwend tot nadeel van die gemeenskap en/of indiwidu.

Die Bantoe se geloof in towery en magie kan seker gedeel= telik toegeskryf word aan sy vermoë om die totale werklik= heid waarmee hy daagliks gekonfronteer word, toereikend te begryp en te beheer. Terselfdertyd egter bied sy geloof in bonatuurlike magte en toorpraktyke aan hom 'n gerieflike betekenisraamwerk aan die hand waarvan hy gebeurtenisse kan verklaar, sodat motivering vir toereikender betekenisontdek= king en vollediger beheersing van die werklikheid ontbreek. Die tradisioneel georiënteerde Bantoe bly op dié wyse vasgevang in 'n bose sirkelgang. Die verskyning van egte verantwoordelikheid binne hierdie sirkelgang word bykans onmoontlik omdat dit vir hom religieus ontoelaatbaar is om verantwoordelikheid te aanvaar vir gebeurtenisse wat hy op grond van sy geloofsoortuigings aan toornaars of voorouer= geeste toeskryf.

Resente ondersoeke bevestig dat by die Westers georiënteerde Bantoe (ook by dié wat reeds die Christelike geloof aan= vaar het) die geloof in magie en towery nog vry algemeen voorkom. Selfs by Bantoes wat tot op hoërskoolvlak (en selfs hoër) onderwys ontvang het, kom die geloof in magie

en towery nog algemeen voor, alhoewel nie só algemeen as by dié met laer onderwyskwalifikasies nie.

Hedendaags neig die Bantoe om 'n onderskeid te maak tussen die oorsake van rampe (byvoorbeeld siekte) wat hom tref en die simptome daarvan. Vir die behandeling van die simptome (byvoorbeeld ingewandspyne veroorsaak deur 'n siekte) sal sommige 'n mediese dokter raadpleeg al glo hulle ook in towery. Indien hulle egter vermoed dat die siekte deur 'n towenaar of heks veroorsaak is, sal hulle, benewens 'n me=dikus, ook 'n Bantoetoordokter besoek om medisyne te kry om die krag van die towenaar of heks te neutraliseer. Meer wetenskaplike kennis wat vandag tot die beskikking van die Bantoe is, kon sy geloof in die magie en toorkrag nie vernietig nie. Wetenskaplike kennis en geloof in die mites word met mekaar versoen en in baie gevalle behou die geloof in die mites 'n meer sentrale plek in die leefwêreld as die wetenskaplike kennis. Waar die Bantoe binne die Westerse samelewingsverband in 'n veel ingewikkelder netwerk van sosiale en arbeidsverhoudinge ingeskakel is, sal ook die rol van towery veel ingewikkelder raak en kan verwag word dat dit ook die verskyning van verantwoordelikheid by die Westers georiënteerde Bantoe op alle moontlike lewensterreine sal beïnvloed.

## 7.3 TEMPORALITEIT AS 'N ASPEK VAN DIE BANTOE SE KULTUUR EN DIE INVLOED DAARVAN OP SY SIN VIR VERANTWOORDELIK=HEID BINNE DIE WESTERSE KULTUUROPSET

### 7.3.1 Temporaliteit as 'n konstituent van die lewens- en wêreldbeskouing

Vir die Christen het die heelal begin met die Skepping en neem die geskiedenis 'n liniêre verloop tot 'n einddoel, naamlik die vervulling van God se plan met die heelal. Die mens dra ook medeverantwoordelikheid vir sowel sy eie as vir die aardse geskiedenis in die algemeen. Op grond van sy geloof voel die Protestants-Christen hom verplig om voortdurend die natuurlike verloop oorsaak - gevolg te deurbreek en om skeppend en beplannend oor die werklikheid te heers. Een belangrike kenmerk van die Christelik-Westerse kultuur is dat sy aanhangers toekomsgerig lewe. Hulle lewe in die hede maar bedrywighede word altyd beplan met die oog op die toekoms.

Op grond van sy geloofsoortuigings glo die tradisioneel georiënteerde Bantoe daarenteen dat sy bestemming die hiernamaals is. Hy glo verder dat die hiernamaals in hoof=saak 'n herskepping is van die aardse lewe soos hy dit aan die hand van volksverhale (dus die geskiedenis) leer ken het. Die hiernamaals is met ander woorde in hoofsaak 'n herskepping van die vir hom bekende aardse verlede. Die uiteindelike toekoms beteken dus vir die Bantoe 'n herskepping van 'n verlede wat hy nie kan en mag verander nie. Die Bantoe leef dus verlede-gerig en ondersoekers het gevind dat hy moeilik verantwoordelikheid aanvaar vir projekte wat die toekoms instrek.

Die Westers georiënteerde Bantoe het oor die algemeen nie die tradisionele Bantoe se lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings verwerp nie. Daar moet dus aanvaar word dat die tradisionele beskouing betreffende die historisiteits=verloop kan neig om ook die meer Westers georiënteerde Bantoe se sin vir verantwoordelikheid binne Westerse kultuurverband te verduister.

### 7.3.2 Verobjektiveerde of horlosietyd

Die Westerse horlosietyd, naamlik die verdeling van 'n dag in ure, minute en sekondes is 'n arbitrêre verdeling wat hoegenaamd nie ooreenstem met enige bekende natuurlike ritme nie. Daarom is die "tydkonsep" soos dit in die Westerse kultuur funksioneer nie iets wat by 'n kind "ontwikkel" nie. Dit moet doelbewus vir 'n kind geleer word. Die verobjekti=veerde horlosietyd vorm 'n dinamiese ontwikkelingstukrag binne die Westerse kultuur. Alle handelinge, sy dit arbeid, sport of sosiale verkeer word onder andere ook geëvalueer aan die hand van horlosietyd as kriterium. Produktiwiteit word gemeet in terme van kwantiteit en kwaliteit gelewer binne 'n bepaalde tydsbestek. Horlosietyd het vir die Westerling 'n fundamentele norm geword aan die hand waarvan hy verantwoording doen vir sy handelinge.

Voor hulle aanraking met die Blanke was die Bantoe van Suider-Afrika onbekend met horlosietyd. Horlosietyd as maatstaf en norm vir die beplanning van die daaglikse lewe is in wese nie integreerbaar met die Bantoe se tradisionele lewens- en wêreldbeskouing en dus ook met sy lewenswandel en lewenstyl nie. Die Westers georiënteerde Bantoe ken wel horlosietyd en het hom reeds in staat getoon om sy lewe daarvolgens te beplan. Binne sy eie samelewingsverband neig hy egter nog om 'n stadiger lewenstempo te handhaaf,

waarskynlik omdat hy horlosietyd nog nie in dieselfde mate as die Westerling beleef as 'n fundamentele kriterium vir verantwoording doen nie.

## 7.4 BETEKENISONTDEKKING

Vir die Westerling is beheersing van die werklikheid 'n baie belangrike doelstelling. 'n Voorvereiste vir toereikende beheersing van die werklikheid is outentieke kennis van die werklikheid. Die wetenskap en tegnologie as die uitkoms van kennisverwerwing en -implementering het daarom wesenskenmerke van die Westerse kultuur geword.

Die tradisioneel georiënteerde Bantoe glo dat dié wesenskenmerk van die heelal daarin geleë is dat dit saamgestel is uit 'n hiërargie van kragte. God is die oorsprong van alle krag, maar alles wat is, naamlik mense, diere, plante en dooie objekte besit krag. Die kragte in die heelal is harmonies in 'n bepaalde hiërargie met mekaar geskakel. Die kragte werk egter op mekaar in. Een krag kan 'n ander versterk of verswak. Alles wat gebeur, kan dus verklaar word in terme van die inwerking van kragte op mekaar. Wysheid beteken vir die tradisioneel georiënteerde Bantoe kennis van die kragte en die vermoë om gebeurtenisse in terme van die "kragtefilosofie" te verklaar. Die "kragtefilosofie" verskaf dan ook 'n redelik volledige raamwerk aan die hand waarvan alles verklaar kan word. Die motivering vir egte betekenisontdekking en toereikende beheersing van die werklikheid ontbreek. Wysheid is vanself 'n krag wat die mens van buite ontvang en die mens self kan niks doen om sy wysheid te verbeter nie. Veranderinge is die gevolg van die werking van kragte waaroor die mens baie min beheer kan uitoefen. Die vermoë, (vanself 'n krag) om die kragte te beheer, ontvang slegs sekere mense van buite en dié vermoë word versterk of verswak deur magte buite die mens self. Met so 'n kennisleer as 'n fondament van die lewens- en wêreldbeskouing word die verwerkliking van veral kreatiewe verantwoordelikheid baie gerem.

## 7.5 MEDESYN AS BEPALER VAN VERANTWOORDELIKHEID BY DIE BANTOE BINNE WESTERSE KULTUURVERBAND

Met medesyn word bedoel die totale netwerk van tussenpersoonlike verhoudinge wat alle aspekte van elke mens se lewe raak. Daar bestaan 'n nou verband tussen self-iemand-wees (selfgelding) en medesyn. Die twee bepaal mekaar wedersyds.

Binne die Westerse kultuur word groot waarde geheg aan indi=widualiteit. Elke persoon moet homself as unieke persoon laat geld en in tussenmenslike verhoudinge val die klem op verhoudinge tussen indiwidue met liefde en wedersydse respek as grondslag. Verantwoordelikheid impliseer nie verantwoor=ding doen aan 'n medemens nie. Verantwoordelikheid impliseer wel dat mens onder andere verantwoordelik voel (teenoor 'n transendentale Opdraggewer) ten aansien van die kwaliteit van sy verhoudinge met indiwiduele medemense. Die opdrag tot naasteliefde dien hier as belangrike norm.

Binne die tradisionele Bantoekultuur word min waarde geheg aan indiwidualiteit. In der waarheid word die ontwikkeling daarvan doelbewus ontmoedig. Die tradisionele opvoeding van die Bantoekind het dan ook ten doel die bybring van vaste gewoontes ten opsigte van die lewe binne die tradisionele samelewingsverband. Die tradisionele samelewing is saamgestel uit bepaalde groepe. Elke indiwidu, sy dit kind of volwassene, skakel altyd met sekere groepe en beklee altyd 'n moeilik ver=anderbare hiërargiese posisie binne die groep waarmee hy skakel. Hierdie groepskakeling en die onderwerping van die indiwidu aan groepgesanksioneerde gedragsreëls het vir die Bantoe 'n religieuse grondslag en is daarom moeilik verander=baar. Binne die tradisionele kultuuropset beteken verant=woordelike handeling hoofsaaklik blyke gee van konformiteit met die groep. Dit was ook gebruiklik om 'n groep (byvoorbeeld 'n familie of 'n bepaalde ouderdomsgroep) as geheel verantwoorde=lik te hou vir die gedrag van een lid van dié groep. Binne die Westerse kultuurverband word klem gelê op indiwiduele verantwoordelikheid ten aansien van indiwiduele gedrag wat weinig met groepe of groepskakeling verband hou. Dit is iets wat die tradisioneel georiënteerde Bantoe moeilik kan begryp.

Die hiërargiese struktuur van die tradisionele Bantoesamele=wing kan ook ontwikkeling in die rigting van verwestersing ernstig rem. Binne die Westerse samelewing verwerf 'n persoon oor die algemeen 'n verantwoordelike pos en sosiale aansien op grond van sy bekwaamhede en deursettingsvermoë. Binne die tradisionele Bantoesamelewing word 'n persoon se sosiale posisie en aansien deur geboorte bepaal. 'n Bekwame en goed gekwalifiseerde Bantoe wat op grond van afkoms 'n lae posisie op die tradisionele sosiale leer beklee, mag dit onmoontlik vind om 'n gesagsposisie binne tradisionele same=lewingsverband te vul. Dit mag daarom baie moeilik wees

om binne die Bantoetuislande die nodige infrastruktuur daar te stel wat 'n voorvereiste is vir vooruitgang in die Westerse sin van die woord.

'n Oplossing vir hierdie probleem skyn te wees om by wyse van rituele seremonies die verwerwing en toekenning van onderwyskwalifikasies te koppel aan statusverwerwing. Daar behoort ook oorweging aan geskenk te word om Bantoes wat tot gesagsposisies bevorder word, 'n kursus in Bantoekultuur te laat volg omdat hy daardeur 'n kognitiewe greep kan verkry op lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings wat normaalweg hoofsaaklik in die gemoed gefundeer is.

Binne die werksituasie behoort ook meer erkenning verleen te word aan die Bantoe se behoeftes aan groepskakeling. Bantoes wat enerse beroepe volg, kan in nouer beroepsgroepe betrek word. Indien onderwysers byvoorbeeld 'n sterker beroepsgroepbewustheid ontwikkel, kan bepaalde gedragsreëls eie aan die onderwysgroep duidelik omskryf word en kan gehoorsaming daaraan deur die onderwysgroep van sy lede geëis word.

## 7.6 FERTILITEIT EN VERANTWOORDELIKHEID BY DIE BANTOE BINNE WESTERSE KULTUURVERBAND

### 7.6.1 Inleiding

Vroeër in hierdie studie is dit gestel dat vir die Protestants-Christelike Westerling die mees primêre vergestaltingsvorm van verantwoordelikheid betrekking het op die verwerkliking van persoonsmoontlikhede. Hierdie kenmerkende beginsel van die Westerse kultuur plaas 'n besondere verantwoordelikheid op ouers (en op die gemeenskap as geheel) vir sover dit die opvoeding van hul kinders betref. Die verwerkliking van persoonsmoontlikhede, wat betref sowel die niveau waartoe dit verwerklik moet word as die aard van die spesifieke moontlikhede wat verwerklik moet word, word gekwalifiseer deur die kultuur waarin die kind opgevoed word. Die tradi= sionele Bantoekultuur het betreklik eenvoudige eise gestel vir sover dit die ontplooiing van persoonsmoontlikhede aan= betref. Kinders het oor die algemeen die nodige vaardighede aangeleer by wyse van nadoen. Oor die algemeen het die ouer kinders die jongeres in die bemeestering van sekere vaardig= hede afgerig. Die eise wat ten opsigte van volwassenheid gestel is, was van so 'n aard dat 'n groot familie (baie kinders) nie die kwaliteit van die opvoeding ondermyn het nie. Verskeie faktore het verder ook die bevolkingsaanwas

binne perke gehou, sodat baie kinders in 'n gesin sowel 'n ideaal as noodsaaklikheid was.

Binne die moderne Westerse kultuur word 'n besonder gediffe= rensieerde verwerkliking van persoonsmoontlikhede tot 'n baie hoë niveau vereis. Die hoë eise wat aan die indiwidu gestel word, vereis dat 'n kind indiwiduele aandag van sy ouers moet kry. Hy moet verder ook meer gespesialiseerde, formele onderwys ontvang wat 'n finansiële las vir sy ouers en vir die gemeenskap as geheel meebring. Die Westerling het dit oor die algemeen reeds as 'n beginsel aanvaar dat die grootte van sy gesin beperk moet word. Die Bantoe se lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings bots egter met die beginsel van geboortebeperking. Die Bantoegemeenskap waar groot ge= sinne voorkom, skep hierdeur vir homself 'n geweldige las vir sover dit die opvoeding van en onderwys vir sy kinders betref. Binne die RSA is daar byvoorbeeld vir elke 100 Blanke mans tussen die ouderdomme 15 en 64, 100 Blanke kinders jonger as 15 jaar. Die ooreenstemmende syfer vir die Bantoes is 158 kinders vir elke 100 mans.

### 7.6.2 Seksuele moraliteit

#### (a) Voorhuwelikse en buitehuwelikse seksuele omgang

Feitlik alle Bantoevolke binne die RSA het tradisioneel voorhuwelikse seksuele omgang goedgekeur. Die tradisionele wyse van voorhuwelikse seksuele omgang was egter van so 'n aard dat die meisie nie gedefloreer of bevrug kon raak nie. Indien 'n meisie wel verwagtend geraak het, moes die man wat daarvoor verantwoordelik was, vergoeding aan haar ouers betaal het. Meisies van gelyke ouderdom het gewoonlik 'n sosiale drukgroep gevorm wat onbeheerste seksuele permissiwi= teit onder sy lede ontmoedig het. By sommige Bantoevolke het meisies van 'n hoër ouderdom as 'n groep toesig gehou oor die seksuele gedrag van die jonger meisies. Hulle moes soms ook die jonger meisies onderrig in die metodes van om= gang wat deflorasie en bevrugting onmoontlik gemaak het.

Hedendaags het die jong Bantoe veral dié in die stede (sowel mans as meisies) nie die tradisionele benadering betreffende voorhuwelikse seksuele vryheid verwerp nie. Hulle het egter wel die tradisionele wyses van omgang wat daarop gemik was om bevrugting te verhoed, verwerp. Die gevolg is 'n onrusbarende aantal buite-egtelike geboortes, terwyl 'n groot aantal vaders van dié buite-egtelike kinders die

tradisionele verantwoordelikhede wat aan voorhuwelikse kon=sepsie gekoppel is, vermy (indien nie openlik verwerp nie). Die versorging van dié buite-egtelike kinders word dikwels deur die meisie se moeder of haar ouma onderneem. In baie gevalle moet 'n vrou met beperkte finansies en sonder die hulp van 'n eggenoot die versorging en opvoeding van tot drie geslagte buite-egtelike kinders behartig. Hierdie is 'n sorgwekkende toestand en daar behoort dringend aandag geskenk te word aan die moontlikheid om elke Bantoeseun en -dogter met die bereiking van puberteit vertroud te maak met die moderne metodes van voorkoming van bevrugting.

### 7.6.3 Die vrou se vermoë tot voortplanting (haar vrugbaar=heid)

Die Bantoe heg tradisioneel baie waarde aan 'n groot gesin. Onder tradisionele omstandighede het kinders finansiële waarde gehad. Elke gesin was 'n selfonderhoudende eenheid en kinders was nodig om te help om die landerye te bewerk, vee op te pas, te help jag en selfs te help om die gesin en stam teen vyandige stamme te verdedig. Die grootgesintra=disie het egter ook in die geloof gesetel. 'n Man se aansien in hierdie lewe en in die hiernamaals het ook afgehang van die aantal kinders vir wie hy "voorvader" sou wees. Die omvang van die breëre verwantskapgroep moes ook vergroot word, veral met die oog op die hiernamaals. Tradisioneel het die Bantoe hom dus daartoe verantwoordelik gevoel om baie kinders te verwek.

Op grond van die grootsintradisie is die baarvermoë van die vrou verhef tot 'n bate wat soms belangriker as die vrou self geag is. Die lobolo-gebruik, naamlik die tradisie dat 'n man beeste aan sy bruid se familie betaal, het nie be=teken dat die man sy bruid koop nie. Wat hy wel gekoop het, was haar vrugbaarheid. Sodra 'n man lobolo vir sy bruid betaal het, is al die kinders wat sy in die lewe gebring het, wettiglik geag syne te wees. Hulle het lid van sy verwant = skapgroep geword ongeag daarvan of hulle deur 'n ander man verwek is (byvoorbeeld na sy dood). Die vrou het normaalweg nie lid van haar man se verwantskapgroep geword nie, maar kon wel onder sekere omstandighede voorouer vir haar kinders en dus lid van haar man se verwantskapgroep geword het.

Die Westers georiënteerde Bantoe heg oor die algemeen nog groot waarde aan die baarvermoë van die vrou. Die Bantoe=vrou het egter as vrou en huweliksmaat (in die Westerse sin van die woord) sterk na vore getree. Die neiging bestaan egter nog steeds onder sowel mans as vroue om 'n vrou eers werklik as vrou te ag nadat sy 'n kind in die lewe gebring het. Op grond van hul geloofsoortuigings beskou ook die meer Westers georiënteerde Bantoe dit oor die algemeen nog as een van die basiese menslike verantwoordelikhede om baie kinders te verwek. Onder hedendaagse omstandighede, veral in die Bantoedorpe rondom Blankestede en dorpe, het 'n kind egter eerder 'n finansiële las as 'n bate geword. Baie Bantoe=mans is dus nie meer so gretig om hulle kinders vir hulleself op te eis nie.

Die Westers georiënteerde Bantoe heg egter nog groot waarde aan die lobolo-tradisie. Die klem val egter nie meer so sterk op die beginsel dat daar vir die vrou se baarvermoë betaal word nie en lobolo neig om te vervlak tot 'n blote bruidsprys. Hulle beskou die lobolo-gebruik oor die algemeen as 'n uitsluitlike Bantoetradisie wat hulle graag in stand wil hou. Onder hedendaagse omstandighede vind jong Bantoemans dit egter moeilik om altyd genoeg geld bymekaar te maak om lobolo vir sy bruid te betaal. Die huwelik moet dus uitge=stel word. Voorhuwelikse omgang vind egter plaas sonder dat op tradisionele wyse voorsorg getref word om bevrugting te verhoed. Die gevolg is 'n toename in buite-egtelike geboortes. Menige jongman besluit later dat hy nie meer met die meisie wil trou by wie hy 'n buite-egtelike kind verwek het nie en laat haar eenvoudig in die steek.

Hierby kan dit gestel word dat wanneer die lewens- en wêreld=beskoulike oortuigings uit die opvoeding weggeneem word, dit moet lei tot 'n doellose en ongegronde permissiwiteit met as een oorheersende kenmerk 'n gebrek aan verantwoordelikheid by die indiwidu. Binne die moderne Westerse samelewingsver=band kan die Bantoe baie van sy tradisionele ge=bruike wat in sy geloofsoortuigings setel, slegs gedeeltelik handhaaf. Een belangrike aspek van die tradisionele gebruike wat onder hedendaagse omstandighede verlore gaan, is juis die persoonlike verantwoordelikhede wat aan dié gebruike ge=koppel was. 'n Gevolg hiervan is 'n redelik algemene verswak=king van die Bantoe se sin vir verantwoooordelikheid ten aansien van sy familie en veral ten aansien van die opvoeding van sy kinders.

## 7.7 SLOTOPMERKING

In hierdie studie is enkele beginsels bespreek wat moontlik die verskyning van verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse kultuurverband kan rem. Hierdie studie moet nie gesien word as veel meer as net 'n bekendstelling van die probleemterrein nie. Daar moet verder beklemtoon word dat die probleem spesifiek as 'n opvoedingsprobleem benader is. Die probleemterrein is dus verken as 'n werkterrein van die Opvoedkunde. Dit is natuurlik so dat die probleme wat die Bantoe ondervind om binne Westerse kultuurverband 'n sin vir verantwoordelikheid te toon, veel wyer strek as net die terrein van die Opvoedkunde. Vanuit ander wetenskapperspek= tiewe sal dus waarskynlik ander beginsels onderliggend aan die probleem geïdentifiseer word, of sal 'n anderse klem ge= plaas word op die beginsels wat in hierdie studie bespreek is. Dit is egter so dat die oplossing van die probleme wat Bantoes ondervind om binne Westerse kultuurverband 'n sin vir verantwoordelikheid te toon, primêr 'n opvoedingsaangeleent= heid is.

In 'n volgende studie sal die opvoeding van die Bantoekind met verantwoordelikheid binne Westerse kultuurverband as opvoe= dingsdoelstelling nagevors word. In besonder sal die opvoe= ding van die Bantoekind van sy geboorte af tot die bereiking van volwassenheid nagevors word. Daar word vertrou dat die beoogde studie knelpunte aan die lig sal bring wat onmiddellike aandag vereis.

Ten aansien van hierdie studie word voorlopig geen aanbe= velings gedoen nie. Die voorneme is om hierdie studie deur 'n advieskomitee bestaande uit Blankes en Bantoes te laat bespreek. Na sodanige besprekings sal aanbevelings gefor= muleer word.

## LITERATUURLYS


1. ASHTON, H. The Basuto. London, Oxford University Press, 1962.

2. BADENHORST, H.J. Die leerwêreld van die Bantoekind as beleweniswêreld. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1972, (M. Ed.-verhandeling).

3. BAZELI, F.P. Dilemmas of pupil education in the desegragated high school. In: The education digest Vol. 41, Oct. 1975, pp. 41-43 .

4. BIYL, J. Inleiding tot de algemene didactiek van het basisonderwijs. Groningen, J.B. Wolters, 1960.

5. BOWLBY, J. Child care and the growth of love. Middlesex, Penguin Books, 1968.

6. BRONFENBRENNER, U. Is early intervention effective? Some studies of education in familial and extra familial settings. In: Montagu, A. ed. Race and IQ. New York, Oxford University Press, 1975.

7. BRUWER, J.P. Die Bantoe van Suid-Afrika Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1963.

8. CHEATER, A.P. A marginal elite: a study of African registered nurses in the greater Durban area. Durban, University of Natal, 1972, (M. Soc. Sc. Thesis).

9. COERTZE, P.J. Die huweliksluiting by die Bantoestamme van Suidelike Afrika. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1935, (D. Phil-proefskrif).

10. DE CHARMS, R. Personal causation. New York, Academic Press, 1968.

11. DE VILLIERS, C.M. Die vryetydsbesteding van die volwasse manlike Bantoe in die gebied Pretoria-Witwatersrand-Vereniging. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1972, (D. Phil-proefskrif).

12. DU PLESSIS, I.K. Kulturele faktore en waardes wat invloed uitoefen op die Bantoe se aanvaarding van die beginsel van gesinsbeplanning. Pretoria, RGN Navorsingsbevinding Nr. S-N-57.

13. DURAND, J.J.F. Swartman, stad en toekoms. Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1970.

14. ENGELBRECHT, F.J. Tyd en ruimte by die Bantoe Pretoria, J.L. van Schaik Beperk, (SIRSA, Sielkunde Biblioteek No. 28, s.j.).

15. ERASMUS, O.C.O. Die Godsdienstige begrip en uitlewing in 'n Tswanagemeenskap. Potchefstroom, PU vir CHO,1970 (D. Phil-proefskrif).

16. ERASMUS, P.F. A survey of the literature on Bantu personality with particular reference to the TAT and depth perception investigations. Pretoria, RGN.

17. GRANT, G.V. The organization of mental abilities of an African ethnic group in cultural transition. Johannesburg, Universiteit van die Witwatersrand, 1969 (D. Phil-proefskrif).

18. HENDERSON, D.H. and WASHINGTON, A.G. Cultural diffe= rences and the education of black children: An alternative model for program development In: The Journal for Negro Education Vol. XLIV, Summer 1975, No. 3, pp. 353-360 .

19. HUNTER, M. Reaction to conquest. London, Oxford University Press, 1936.

20. KRIGE, E.J. The social system of the Zulus. Pieter= maritzburg, Shuter and Shooter, 1936 3rd edition, 1957 .

21. LEISTNER, G.M.E. and Breytenbach, W.J. The black worker of South Africa. Pretoria, Communications of the Africa Institute, No. 26, 1975.

22. LYNCH, K. What time is this place. Massachusetts, The MIT Press, 1972.

23. MAYER, P. Townsmen or tribesmen. Cape Town, Oxford University Press, 1971.

24. MBITI, J.S. Concepts of God in Africa. London, SPCK, Second Impression, 1971.

25. MCHEDLOV, M. Formation of the communist world view – the main element in the education of the new man. In: Soviet education Vol XVII No. 6, April 1976.

26. MINNAAR, G.G. Die invloed van verwestersing op die persoonlikheid van 'n groep Zoeloemans. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1975, (D. Phil-proef=skrif).

27. MOENO, S.N. The urban African Family disorganisation with special reference to the problem of illegitimacy. Pretoria, Unisa, 1969, (M.A.-thesis).

28. MÖLLER, H.J. Die lewens- en wêreldbeskouing van die stedelike Bantoe met besondere verwysing na sy opvattinge betreffende kerk en offers. Potchefstroom, PU vir CHO, 1972, (D. Phil-proefskrif).

29. MOSTERT, J.P. Religie as projeksie. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1974, (D. Phil-proef=skrif).

30. NEL, A. 'n Struktuuranalise van verantwoordelikheid met die oog daarop om 'n grondplan daar te stel vir 'n ondersoek na verantwoordelikheid by die Ban=toe binne Westerse kultuurverband. Pretoria, RGN-verslag (word voorberei vir publikasie).

31. NZIMANDE, A. A comparitive study of the concept and use of time in groups of African and European children. Pretoria, Unisa, 1951, (M.A.-thesis).

32. ONABAMIRO, S.D. The economics of biology. In: School science teaching. Report of an Expert Conference held at the University of Ceylon, Peradeniya, December 1963, London, H.M.S.O., 1964.

33. PARRINDER, G. Religion in Africa. London, Penguin Books, 1969.

34. PAUW, B.A. Religion in a Tswana chiefdom. London, Oxford University Press, 1960 (reprinted 1964).

35. PAUW, B.A. Report of research concerning Bantu Christians and their churches in the Eastern Cape and Transkei. Grahamstown, Rhodes University, Institute of Social and Economic Research, 1969.

36. READER, D.H. Zulu tribe in transition - the Makhanja of Southern Natal. Manchester, University Press, 1966.

37. SCHUTTE, A.G. Swart doppers. Pretoria, N.G. Kerk=boekhandel, 1974.

38. SONNEKUS, M.C.H. Die leerwêreld van die kind as be=leweniswêreld. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1968.

39. TEMPELS, P.P. Bantoe-filosofie. Antwerpen, De Sikkel, 1946.

40. VAN WARMELO, N.J. Contributions towards Venda history, religion and tribal ritual. Pretoria, Department of Native Affairs, Ethnological Publications Vol. III, The Goverment Printer, 1932.

41. WEININGER, O. Effects of parental deprivation: An overview of literature and report on some current research. In: Psychological Reports Vol. 30, Nr 2, April 1972 .

42. WYNE, M.D., WHITE, K.P. and COOP, R.H. The Black self. New Jersey, Prentice-Hall, Inc., 1974.

RGN-PUBLIKASIES SEDERT 1 JANUARIE 1976
HSRC PUBLICATIONS SINCE 1 JANUARY 1976

'n Volledige lys van RGN-publikasies is op aanvraag verkrygbaar. Eksemplare van publikasies wat uit druk is, kan deur biblioteek=dienste verkry word.

A complete list of HSRC publications is available on request. Copies of publications which are out of print can be obtained through library services.

GESKIEDENIS/HISTORY

CHURCHOUSE, G. Genealogy Publication No. 4. The Reverend Francis McCleland, Colonial Chaplain to Port Elizabeth 1825-1853. A family history. 1976. R6,65.

ELOFF,C. Bronnepublikasie No. 4. Oorlogsdagboek van H.S. Oos=terhagen. 1976. R3,35.

INLIGTING/INFORMATION

HUMANITAS - Vol. 3 No. 4. Tydskrif vir navorsing in die geestes=wetenskappe. 1976. R6,75.

HUMANITAS - Vol. 4 No. 4. Journal for research in the human sciences. 1976. R6,75.

JAARVERSLAG - Verskyn jaarliks. Gratis.
ANNUAL REPORT - Published once a year. Gratis.

IN-26 GEGGUS,C. Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite vir Blankes. RGN Voorlig=tingsreeks UR-7. 1976. R3,50.

IN-27 GEGGUS,C. Awards available for undergraduate study at South African universities for Whites. HSRC Guidance Series GS-7. 1976. R3,50.

IN-28 STIMIE,C.M. and GEGGUS,C. University education in the Republic of South Africa. 1976. R2,65.

KOMMUNIKASIE/COMMUNICATION

KOMM-8 SNYMAN,N. Die verband tussen persoonlikheidsbehoeftes en die voorkeur vir onderwerpe uit die massamedia. 1976. R8,45.

MANNEKRAG/MANPOWER

MM-57 BOSHOFF,F. Raming van die Newcastle-gebied se ekonomiese bedrywige en totale bevolking volgens beroepsgroep vir 1980. 1976. R1,15.

MM-58 WOLMARANS,C.P. Die arbeidsituasie en werkgesindheid van die Kleurlingman in die Kaapse Skiereiland. 1976. R3,20.

MM-59 WOLMARANS,C.P. Beroepsbeoefening van gegradueerdes met nie-beroepsgerigte grade. 1976. R2,05.

MM-60 DE KLERK,C. The profitability of occupations pursued by highly qualified persons. 1976. R1,35.

MM-61 REDELINGHUYS,H.J. en TERBLANCHE,S.S. Arbeidsomset en afwesigheid in gedesentraliseerde gebiede. 1976. R2,25.

MM-62 SMIT,P.C. Die ingenieruspotensiaal by leerlinginge= nieurstegnici. 1976. R1,75.

MM-63 VERMAAK,J.A. Die vermenigvuldigerseffek van werkgeleent= heidskepping vir die [illegible] van [illegible]. 1976. R2,10.

Talentopname/Talent Survey

MT-33 COETZEE,C.J.S. Handelsonderwys vir meisies: 'n Empiriese ondersoek. 1976. R2,80.

MT-34 BOTES,W.L. Wiskundige begaafdheid: 'n Empiriese onder= soek. 1976. R2,05.

MT-35 DU PREEZ,J.J. Geskrewetaalmoeilikhede by leerlinge in die sekondêre skool. 1976. R1,60.

MT-36 ROOS,W.L. Projek Talentopname: Navorsingsbevindinge - 1975. 1976. R0,65.

MT-36 ROOS,W.L. Project Talent Survey: Research Findings - 1975. 1976. R0,65.

MT-37 LAUBSCHER,D.B. Onderprestasie gedurende die sekondêre skoolfase. 1976. R1,35.

NAVORSINGSBULLETIN/RESEARCH BULLETIN

NAVORSINGSBULLETIN - Verskyn tien keer per jaar.
RESEARCH BULLETIN - Ten issues per annum.

RSA 2000 - Gesprek met die toekoms. Verskyn twee keer per jaar.
RSA 2000 - Dialogue with the future. Two issues per annum.

Kwic-index van Afgehandelde Navorsing 1969-1974. 1976.
Kwic-index of Completed Research 1969-1974. 1976.

OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-21 tot O-28 Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika - Deel III.

O-21 to O-28 Report of the Committee for Differentiated Education and Guidance in connection with a national system of educa= tion for handicapped pupils at pre-primary, primary and secondary school level with reference to school guidance and other ancillary services as integrated services of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa : Part III.

O-21 Volume 2. NEL,A. A national system of education for epileptic pupils. 1976. R2,10.

O-25 Volume 6. LOMBAARD, S.G. A national system of education for hard-of-hearing pupils.

O-26 Volume 7. SPIES, P.G. VAN Z. A national system of edu= cation of physically handicapped pupils. 1976. R2,80.

O-29 HUMAN,P.G. The instruction of Mathematics at secondary school level in a number of countries in Western Europe. 1976. R1,95.

O-31 VAN DEN BERG, D.J. The training of Mathematics teachers in the Republic of South Africa and in some Western Countries. 1976. R3,45.

O-36 GROENEWALD, F.P. Onderwys en skoolvoorligting vir blinde leerlinge. 1976. R6,80.

O-41 NEL, A. Onderwys en voorligting vir pedagogies verwaarloos= de (gedragsafwykende) leerlinge. 1976. R2,95.

O-42 HATTING, D.L. Programmed instruction. 1976. R1,95.

O-45 BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Switserland. 1976. R1,55.

O-46 BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Nederland. 1976. R1,70.

O-47 BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Wes-Duitsland. 1976. R1,95.

O-48 NEL, A. Skoolvoorligting in Ontario, Kanada. 1976. R1,30.

O-50 SPIES, P.G. VAN Z. Skoolvoorligting in Skotland. 1976. R2,10.

O-52 LOMBAARD, S.G. Skoolvoorligting in Swede. 1976. R1,65.

O-53 STRYDOM, G.S. Die totstandkoming en uitbouing van die skoolradiodiens van Radio Bantu. 1976. R2,40.

O-53 STRYDOM, G.S. The establishment and expansion of the school radio service of Radio Bantu. 1976. R2,15.

O-54 GROENEWALD, F.P. Aspekte in die tradisionele kultuurwêreld van die Bantoekind wat die verwerkliking van sy intelligensie rem: 'n Kultureel-opvoekundige oriënteringstudie. 1976. R1,95.

O-54 GROENEWALD, F.P. Aspects in the traditional wordl of cul= ture of the Black child which hamper the actualization of his intelligence: A cultural-educational exploratory study. 1976. (Limited distribution)

PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse - 1976. Gratis.
Catalogue of tests - 1976. Gratis.

P-1 MADGE,E.M. en VAN DER WESTHUIZEN,J.G. Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel. (Herdruk 1976) R3,00.

P-13 MINNAAR,G.G. The influence of esternization on the personality of a group of Zulu men. 1976. R10,30.

SOSIOLOGIE, DEMOGRAFIE EN KRIMINOLOGIE/
SOCIOLOGY, DEMOGRAPHY AND CRIMINOLOGY

S-40 LÖTTER,J.M. and VAN TONDER,J.L. Aspects of fertility of Inidan South Africans. 1975. R1,55.

S-39 LÖTTER,J.M. and VAN TONDER,J.L. Fertility and family planning among Blacks in South Africa 1974. 1976. R4,25.

S-42 VAN DER BURGH,C. The socio-economic position of Indian blind persons in Natal. 1976. R2,30.

S-44 GROENEWALD,D.C. The Chinese Community in South Africa: Phase I: Background and attitudes of the White population group towards the Chinese minority group. 1976. R2,56.

STATISTIEK/STATISTICS

WS-13 LUBBE,A.M. Computerized data bases and some implications for information services in the human sciences: A preliminary literature survey. 1976. R3,90.

WS-16 KIES,J.D. en VAN WYK,G.C. Toetsing van onderwysstatis= tiese insamelingsvorms wat opties "gelees" kan word. 1976. R7,45.

WS-17 VAN RENSBURG,F.A.J. Trends in education for Coloureds in the Republic of South Africa 1976. R3,65.

TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

DANEEL,L. Bronnegids vir Kuns en Argitektuur - 1971/Source Guide for Art and Architecture - 1971. 1976. R11,75.

PUBLIKASIES WAT DEUR DIE RGN ONDERSTEUN WORD/PUBLICATIONS SUPPORTED BY THE HSRC

ESTERHUYSEN,M. South Africa's First Gold Coin. 1976. Natio= nal Cultural History and Open-Air Museum, Pretoria.

Doc. No. [illegible]

Copy no. 5 1 6, 6 1 9

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

ISBN 0 86965 458 6